

https://dspace.org/

Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans

Kotze, Ernst Frederick

2013-05-31
http://hdl.handle.net/10539/12752

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

VARIASIEPATRONE IN MALEIER-AFRIKAANS

Ernst Frederick Kotzé

Proefskrif voorgelê aan die Fakulteit Lettere, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, vir die graad Philosophiae Doctor

Johannesburg, 1983

ABSTRACT

The Malay community of Cape Town, numbering ±127 000, constitutes a relatively homogeneous language group within the wider Afrikaans-speaking population of the Peninsula, primarily on account of the fact that every member embraces the Islamic faith, and only changes religious affiliation at the danger of social ostracism. Conversely, any proselyte to Islam is cordially welcomed and absorbed into the community.

Since the Chomskyan conception of a homogeneous speech community has been shown to be a myth by linguists such as W Labov and R H Berdan, the problem of linguistic variation within the Malay community is investigated in the present study. The data consist basically of 22 hours of recorded speech, gathered by means of structured interviews with a stratified sample of 59 respondents. For the purpose of diachronic comparison, written records dating from 1856 onwards were also taken into account. Using the statistical method of comparing population mean scores, 15 linguistic variables were quantified in different styles of speech for each subpopulation. Four general and four specific hypotheses were tested against the data.

Further variational phenomena in the data corpus which emerged from the investigation are described and exemplified, together with exerpts from 19th century sources. In this way it could be indicated that a large percentage (at least 56%) of nonstandard features which were current in the last century are still common today. In the contemporary data, evolutionary processes could be identified in respect of certain linguistic variables by applying Labov's methodology in describing the mechanism and social context of linguistic change. A prerequisite for the application of Labov's methodology is the confirmation of the hypothesis (abductively arrived at) that the speech of the community

concerned is socially stratified in accordance with particular sociologically determined groupings. This hypothesis is confirmed by the linguistic data, and the added insight was gained that the degree of religious orthodoxy correlates positively with adherence to the vernacular norm.

Other findings of the study include a validation of (a) the hypothesis that language pragmatic factors have a significant and peculiar influence on the relative frequency of linguistic correlates of situational and stylistic variation; and (b) the hypothesis that the address system of a language community is a linguistic reflection of the social norms which determine the hierarchical structure of the community.

VIR ANSIE, LOUIS EN GIDEON

VOORWOORD

Met die voltooiing van hierdie proefskrif is dit van pas om erkenning te gee en dank te betuig aan die persone en instansies wat daartoe bygedra het om dit moontlik te maak:

Eerstens aan my promotor, prof. Edith Raidt, wie se kundigheid en bekwame leiding groot vertroue ingeboesem het;
Aan die Universiteit van Zoeloeland, wat ruim bygedra het tot die finansiering van die navorsing;
Aan die Afdeling Sosiolinguistiek van die Raad op Geestes=wetenskaplike Navorsing, wat my die geleentheid gebied het om waardevolle veldwerkondervinding op te doen;
Aan mnr. P W Steyn, statistikus aan die Universiteit van Zoeloeland, wat akkoord gegaan het met die statistiese verantwoording;
Aan prof. M Krishna, Hoof van die Departement Oosterse Studies aan die Universiteit van Durban-Westville, deur wie se vriendelike bemiddeling die professionele dienste van prof. S S Nadvi (Universiteit van Chicago) en mnre. N Dawood en A K Aziz van die Departement Arabies verkry kon word om die Maleier-Afrikaanse glossarium etimologies te kontroleer;
Aan kollega Rembrandt Klopper, wie se aanmoediging ek hoog op prys stel;
Aan wyle dr. I D du Plessis, wat die deure oopgemaak het en wie se intieme kennis van die Maleiergemeenskap my insig grootliks verryk het;
Aan die mense van die Bo-Kaap, Onder-Kaap en elders in die Skiereiland, wie se gasvryheid en welwillendheid 'n blywende indruk gelaat het - baie drammakassie!
Aan my vrou en seuns, wat vir lang tydperke 'n normale gesinslewe moes ontbeer en my desondanks help aanhou het; en
Aan mej. Zelda Havemann, wat onder groot druk die finale tikwerk met geduld en bekwaamheid afgehandel het.

INHOUDSOPGAAF

ABSTRACT ii

VOORWOORD v

HOOFSTUK 1 : INLEIDING

1.1 Probleemstelling 1
1.1 Terreinverkenning 8
1.2.1 Oorsig van variasiestudies buitelands 8
1.2.1.1 Washington en New England 8
1.2.1.2 Java en Parys 9
1.2.1.3 Martha's Vineyard 10
1.2.1.4 Die Lower East Side-ondersoek 12
1.2.1.5 New York en Detroit 19
1.2.1.6 Die Harlem-ondersoek 21
1.2.1.7 'n Studie oor klankverandering 22
1.2.1.8 Die Norwich-ondersoek 24
1.2.1.9 Sosiale netwerke 25
1.2.2 Oorsig van bestaande studies oor Maleier-Afrikaans 29
1.3 Teoretiese aannames 33
1.4 Die werkshipoteses 36
1.5 Slotopmerking 37

HOOFSTUK 2 : METODOLOGIE

2.1 Voorondersoek 38
2.2 Ontwerp van die steekproef 39
2.2.1 Beskrywing van die ondersoekgroep 41
2.2.2 Sosiale stratifikasie van die ondersoekgroep ... 44
2.2.2.1 Sosiale veranderlikes (parameters) 46
2.2.2.2 Die stylfaktor 52
2.2.2.3 Die ondersoeksituasie as taalpragmatiese veranderlike 54
2.2.3 Die strukturering van die onderhoud 56
2.2.3.1 Keuse van linguistiese veranderlikes 57

2.2.3.2 Statistiese verantwoording 58
2.3 Dataverkrygingsprosedure 67
2.3.1 Sosiale netwerk as vertrekpunt 67
2.3.2 Verslag van veldwerk en datavoorbereiding 70
2.3.2.1 Die onderhoudsituasie 72
2.3.3 Slotopmerking 73

HOOFSTUK 3 : SOSIALE STRATIFIKASIE EN STYLVERSKUIWING

3.1 Die sosiale stratifikasie van taal-in-gebruik 74
3.2 Die meerdimensionaliteit van die taalhandeling ... 75
3.3 Veranderlikes en variante 76
3.3.1 Klassifisering van sosiolinguistiese veranderlikes 76
3.4 Die kwantitatiewe ontleding van die taalgegewens . 77
3.4.1 Die fonologiese veranderlikes 78
3.4.2 Die grammatiese veranderlikes 84
3.4.2.1 Die leksikale veranderlike (leks) 87
3.5 Ontleding van die resultate 88
3.5.1 Geslag 89
3.5.1.1 Grammatiese veranderlikes by geslag 94
3.5.2 Ouderdom 95
3.5.3 Meerdimensionele ontledings 104
3.5.3.1 Geslag by ouderdom 104
3.5.3.2 Ouderdomsgroepe by geslag 105
3.5.4 Klassestratifikasie en sosio-kulturele faktore . 109
3.5.4.1 Beroep by styl 110
3.5.4.2 Sosio-kulturele klas (SKK) by styl 111
3.5.4.3 SKK by grammatiese veranderlikes 115
3.5.4.4 SKK by geslag 116
3.5.4.5 SKK by ouderdom 118
3.5.5 Assal en tartiepskap 121
3.5.6 Woongebied 126
3.5.7 Die gespreksituasie 130
3.5.7.1 Veldwerkgroep by geslag 134
3.5.7.2 Veldwerkgroep by ouderdom 136
3.6 Die formalisering van veranderlike-reëls (variasiereëls) 137
3.7 Samevatting 138

HOOFSTUK 4 : OORSIG VAN VERDERE VARIASIEVERSKYNSELS

4.1 Inleiding 142
4.2 Fonologiese variasievorme 143
4.3 Morfologiese variasievorme 151
4.4 Sintaktiese variasievorme 159
4.4.1 Plasing 159
4.4.2 Paradigmatiese verskynsels 164
4.5 Teksontleding 167
4.5.1 Isjmoeni se Alqauli -lmatin, of "Betroubare woord" (1856) 167
4.5.1.1 Fonologiese verskynsels 167
4.5.1.2 Morfologiese verskynsels 170
4.5.1.3 Sintaktiese verskynsels 171
4.5.2 Abu Bakr se Bayanu ddin, of "Uiteensetting van die godsdiens" (1869) 172
4.5.2.1 Fonologiese verskynsels 173
4.5.2.2 Morfologiese verskynsels 176
4.5.2.3 Sintaktiese verskynsels 178
4.5.3 Sjeg Imam Ahmed se "Kategismus" 179
4.5.3.1 Fonologiese verskynsels 180
4.5.3.2 Morfologiese verskynsels 182
4.5.3.3 Sintaktiese verskynsels 184
4.5.4 Sjeg Abduraḥman (± 1900) 185
4.5.4.1 Fonologiese verskynsels 185
4.5.4.2 Morfologiese verskynsels 185
4.5.4.3 Sintaktiese verskynsels 186
4.6 Samevatting 186

HOOFSTUK 5 : DIE AANSPREEKVORM AS VERANDERLIKE

5.1 Inleiding 188
5.2 Die formalisering van aanspreeksisteme 191
5.3 Metode van dataversameling 194
5.4 Die aanvangsritueel en AV-variasie 194
5.5 'n Maleier-Afrikaanse aanspreeksisteem 197

HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

6.1 Slothipoteses 201
6.2 Terreine vir verdere ondersoek 203

BYLAE A : BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE 205
BYLAE B : INSTRUKSIES VIR OPNAMES 206
BYLAE C : WOORDELYS 208
BYLAE D : LEESSTUK 209
BYLAE E : WENKE VIR KINDERS OOR GOEIE MANIERE 211
BYLAE F : F-DISTRIBUSIE 213
BYLAE G : T-VERSPREIDING 214
BYLAE H : FREKWENSIETABELLE 215
BYLAE I : STATISTIESE TOETSE 220
BYLAE J : FONETIESE TRANSKRIPSIE 228
BYLAE K : GLOSSARIUM MALEIER-AFRIKAANS 229
BYLAE L : REKENAARPROGRAM 240
BYLAE M : KAART VAN ONDERSOEKGEBIED 241

BIBLIOGRAFIE 242

HOOFSTUK 1

INLEIDING

> The scientist's mental horizon, like other men's, is bounded by common knowledge and common convictions. The truth of common knowledge does not really have to be established; but this knowledge can and must be analyzed in order for problem cases to be solved. For it often turns out that what we have is only apparent or superficial knowledge; deeper analysis brings deeper principles to light.
> (Wunderlich 1979:4)

1.1 Probleemstelling

Een van die belangrikste strydpunte in die hedendaagse taalwetenskap is die vraag oor wat die basis van taal= beskrywing behoort te wees: taal<u>struktuur</u> of taal<u>gemeenskap</u>.[1] Dat hierdie twee begrippe nie van mekaar losgemaak kan word nie, word allerweë erken, ook deur diegene wat as 'strukturaliste', in die breë sin van die woord, erken word. Sowel Bloomfield (1926) se definisie van taal as "the totality of utterances that can be made in a speech community" as Chomsky se vernoude fokus op die geïdealiseerde spreker/hoorder as lid van 'n homogene taalgemeenskap (1965: 3) neem die verband tussen taal (as versameling uitings óf as geïnternaliseerde sisteem) en taalgemeenskap in ag. Dit is veral die homogeniteitsbeginsel ten grondslag van die generatiewe benadering (vgl. Van Rensburg 1973: 4) wat een van die belangrikste beginselverskille verteenwoordig tussen Chomsky <u>cum suis</u> aan die een kant en die sosiolinguistiek

---

1) Oor die problematiek rondom die begrippe 'taalgemeenskap' en 'spraakgemeenskap' vgl. Kirsipuu 1976, Romaine 1982:234, Gumperz 1968. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word hulle as sinonimies beskou.

aan die ander.[2] Labov formuleer sy beskouing van die taalgemeenskap soos volg:

> The existence of variation and heterogenous structures in the speech communities investigated is certainly well-established in fact. It is the existence of any other type of speech community which may be placed in doubt. (Labov 1978: 203).

Die motivering vir Chomsky se idealisering van 'n homogene taalgemeenskap is geleë enersyds in die beklemtoning van die sinchroniese aspek van taal (in navolging van De Saussure), en andersyds in die veronderstelling van 'n intuïtiewe taalvermoë (competence) by die verteenwoordigende spreker van so 'n taalgemeenskap. Hierdie idealisering het meegebring dat die grense van taalbeskrywing steeds nouer getrek is tot uitsluiting van 'ongrammatikale' taalvorme (wat teen= strydig is met die norme van die spreker se "competence") en 'onaanvaarbare' taalvorme (wat in werklike taalgebruik, of "performance", kan voorkom, maar waaroor daar verskil van mening bestaan t.o.v. grammatikaliteit).

Daar bestaan 'n noue verband tussen Chomsky se intuïtiewe normering en standaardisasie van taalvorme. Van Rensburg (1982: 153) gee die volgende definisie van standaard-Afrikaans:

> Die standaardvorm van Afrikaans is 'n idealisering (my kursivering) van hoe Afrikaans deur sy toonaangewende sprekers gepraat behoort te word.

Coetzee (1982: 276) wys verder daarop dat die sosio= linguistiek onderskei tussen twee vorme van standaardisasie: formeel en informeel. Volgens Wolfram & Fasold (1974: 18) vind formele standaardisasie plaas deur die aktiwiteite van taalakademies, woordeboekmakers, die skrywers van . . . . . .

---

2) Enige uitgangspunt wat op taalstruktuur gebaseer is, veronderstel 'n mate van homogeniteit - ook die sosiolek is 'n vlak van abstraksie wat verband hou met 'n sosiologiese eenheid. Vgl. ook Berdan 1975: 9 in dié verband.

grammatikaboeke, e.d.m., terwyl informele standaardisasie 'n spontane normeringsproses is wat die uitvloeisel is van prestigeverwerwing deur bepaalde taalvariante as gevolg van die sosiale status van sprekers met wie die gebruik van sulke variante geassosieer word. Hoe dit ook al sy, in die praktyk het hierdie verband tussen 'n geïdealiseerde taalsisteem en 'n gestandaardiseerde grammatika, leksikon en fonologie (wat die resultaat kan wees van formele standaardisasie of subjektiewe sosiale seleksie) daartoe gelei dat standaardvorme tot redelik onlangs die enigste legitieme basis gevorm het vir grammatikabeskrywing.

Die maatskaplike (en later ook polities-maatskaplike) situasie in Suid-Afrika het meegebring dat die gebruiksvorme van sekere Blanke sprekers as norm vir standaardisasie (formeel én informeel) gedien het, wat in die omgangstaal aanleiding gegee het tot tiperings soos 'suiwer Afrikaans' en 'kombuis-Afrikaans'. Die sosiale veroordeling van nie-standaardvorme getuig van 'n onderliggende purisme, wat op taalwetenskaplike vlak ooreenstem met die Chomskyaanse ontwyking van sosiaal en stilisties gemotiveerde variasie en die relevering daarvan tot die kategorie van 'performance'. Deurdat die sosiolinguistiek sodanige taalvariasie[3] as natuurlike komponent van taal beskou, óf binne die sg. 'dinamiese' paradigma (vgl. Bailey & Shuy 1973: 34), óf binne die sg.'kwantitatiewe' paradigma (Labov 1966 et seq.), is daar in empiriese navorsing in 'n groot mate gekonsentreer op nie-standaardvorme, m.a.w. variante wat nie die maatskaplike sanksie as 'aanvaarbaar' of 'grammatikaal' geniet nie. Sulke nie-standaardvorme, wat algemeen as tiperend van geografies, sosiaal en etnies onderskeibare groepe beskou word, is reeds deur verskeie navorsers binne die sosiale gebruikskonteks as data vir linguistiese bestudering benut (vgl. o.a. Labov 1963 & 1966, Shuy et al

---

3) Hieruit blyk dat 'taalvariasie' noodwendig na 'taalgebruiksvariasie' verwys, terwyl die term 'taal=verandering' uiteraard 'taalsisteemverandering' impliseer.

1967, Trudgill 1974a, J & L Milroy 1980 in Engels, Sankoff & Cedergren 1971 in Frans, en in Afrikaans, Klopper 1976, Louw 1981, e.a.).

In Afrikaans word sulke variante in die omgangstaal hoofsaak=lik geografies en etnies getipeer. 'Transvaalse', 'Bolandse' en 'Namakwalandse' Afrikaans is voorbeelde van geografies-gemarkeerde benamings, wat hoofsaaklik by Blanke sprekers gebruiklik is, terwyl 'Griekwa'-Afrikaans en 'Kleurling'-Afrikaans gepopulariseerde etniese benamings is. Aan hierdie benamings lê egter 'n gewaande homogeniteit ten grondslag. In 'n insiggewende artikel oor die begrip 'spraakgemeenskap' (vgl. voetnoot (1)) wys Kirsipuu op oorveralgemening in dié verband. Hy praat o.a. van

> 'n hele aantal vooroordele ... wat dikwels by opgevoede leke aangetref word, maar ongelukkig dikwels ook by vakgeleerdes wat, weens 'n gebondenheid aan oorgelewerde sienings uit 'n vroeër ontwikkelingsfase van hulle vak, dit moeilik vind om van sekere beskouings afstand te doen. Een van hulle is die hinderlike neiging om 'taal- of spraakgemeenskappe' met ... etniese gemeenskappe sonder meer te identifiseer. (Kirsipuu 1976: 81).

Indien terme soos 'Kleurling'-Afrikaans dus gebruik word, is dit met die voorbehoud dat daar met geïdealiseerde begrippe, abstraksies, gewerk word, dat enige grense tussen taalgemeenskappe, dialekte, etnolekte, en so meer, bloot arbitrêr is. Waar daar dus in hierdie proefskrif na 'Maleier-Afrikaans' verwys word, is dit met inagneming van die feit dat dit 'n relatiewe begrip is, dat heelwat sg. 'kenmerke' nie beperk is tot die Afrikaans van Maleiers nie, maar oorvleuelend kan voorkom by ander etniese groeperings. Dieselfde geld ook vir sg. 'Kleurling-Afrikaans' met die bykomende faktor dat dit polities 'n sensitiewe, gestigmatiseerde term is by heelwat Afrikaanssprekendes. In afwagting op en by gebrek aan 'n wetenskaplik gefundeerde en algemeen aanvaarde alternatief, moet daar

egter noodgedwonge volstaan word met die term 'Kleurling-Afrikaans' om te verwys na nie-standaardvorme wat oorwegend by hierdie arbitrêr afgebakende taalgemeenskap voorkom. As gevolg van 'n verskeidenheid samebindende faktore, sosio-kultureel en veral religieus van aard, is die Maleiergemeenskap egter sosiologies waarskynlik een van die mees homogene groepe in hierdie land. Die godsdienstige samehang van die gemeenskap vind linguisties veral neerslag in die sterk Arabiese komponent van die leksikon. Anders as by die (sg.) Kleurlinge, wat geografies en sosiaal 'n heterogene groep vorm, kan daar dus by die Maleiers, as 'n onderskeibare spraakgemeenskap, meer geredelik van 'n bepaalde taalvorm of -variant, te wete Maleier-Afrikaans, gepraat word.

'n Belangrike uitvloeisel van sosiolinguistiese ondersoeke na nie-standaardvariante is dat variasie nie alleen normaal is nie, maar ook sistematies, en dat taalreëls ook daarmee moet rekening hou (vgl. Lubbe 1980: 29). Sisteembeskrywing van sosiolekte, etnolekte, e.d.m. met behulp van taalreëls is dus moontlik. Om voorsiening te maak vir die heterogeniteit van sulke variëteite, maak die sosiolinguistiiek gebruik van die sg. veranderlike-reël ("variable rule"), of variasiereël, wat deur Labov ontwerp en op die lees van generatiewe fonologiese reëls geskoei is:

> To account for such ... variation, it is necessary to introduce another concept into the mode of orderly heterogeneity which we are developing here: the linguistic variable (my beklemtoning) - a variable element within the system controled by a single rule. (Weinreich, Labov & Herzog 1975: 167).

Die studie van nie-standaardvorme staan egter nie slegs in verband met sisteembeskrywing nie. Die verklaring van verskynsels dui dikwels op taalveranderingsprosesse wat ingebed is in die sosiale konteks. Verskeie sosiale faktore kan korreleer met variasiepatrone in die taalstruktuur

van 'n spraakgemeenskap, en kan in die variasiereël gespe= sifiseer word (Labov 1978: 217-232). Afhangende van die invloed van sulke faktore, kan die frekwensie van 'n veranderlike kenmerk of variant in so 'n mate toeneem dat dit eindelik deur 'n kategoriale reël voorgestel kan word. Met inagneming van hierdie element van onsekerheid (oor die verandering van sosiale insette), kan daar dus, volgens Labov(1972b: 517), deur die ontdekking van korrelasies tussen elemente in die taalsisteem en die nie-linguistiese sisteem van sosiale gedrag 'n ontleding gemaak word van die meganisme van taalverandering, asook van voorbeelde van opgangsynde taalverandering.

In hierdie proefskrif gaan daar binne die teoretiese raamwerk van die variasionele taalkunde gepoog word om die struktuurmatigheid van nie-standaardvariante in die Afrikaans wat deur Kaapse Maleiers gepraat word, bloot te lê deur 'n sistematiese empiriese ondersoek na kollektiewe taalnorme t.o.v. spesifieke taalveranderlikes wat in die betrokke taalgemeenskap geld. Daarbenewens sal 'n oorsig gegee word van nie-standaardvariante wat in die databasis, asook in Maleier-Afrikaanse tekste uit die vorige eeu voorgekom het. Ten slotte gaan daar gekyk word na die rol van aanspreeksisteme as veranderlike linguistiese komponent van die sosiale struktuur van die Maleiergemeenskap.

Die keuse van Maleier-Afrikaans as variëteit van Afrikaans vir die ondersoek van nie-standaardverskynsels berus op die volgende preteoretiese waarnemings en veronderstellings:

1. Die Maleiergemeenskap van Kaapstad vorm 'n hegte eenheid, wat hoofsaaklik spruit uit 'n gemeenskaplike geloofsoortuiging, t.w. die Islamitiese.
2. 'n Lid van die Kleurlinggemeenskap wat Moslem word, aanvaar terselfdertyd 'n stel sosiale gedragspatrone wat

kenmerkend is van die Maleiergemeenskap in die breë,[4] terwyl 'n Moslem wat kerstening ondergaan het ("Kris gedraai het"), blootgestel word aan 'n aansienlike mate van sosiale verwerping deur voormalige geloofsgenote. (Hierdie waarneming word gerugsteun deur die feit dat dr. I.D. du Plessis, in lewe kenner van die Maleier-kultuur, in 'n persoonlike gesprek die afsonderlike bestaan van 'n identifiseerbare Moslem-Kleurlinggroep naas die Maleiergroep ontken het.)

3. Aangesien die maatskaplike struktuur van die Maleiergemeenskap om die Islamitiese etiek sentreer, behoort dit beduidend te verskil van Westerse strukture, soos by die res van die Skiereilandse bevolking, wit én bruin. Klopper (1976: 90) het in 'n fonologiese studie bevind dat indien Moslems volgens Westerse sosio-ekonomiese maatstawwe in klasse verdeel word, daar nie markante verskille in die relatiewe frekwensie van sommige variërende allofone tussen dié klasse aangetoon kan word nie, terwyl dit by Christene wel die geval is. Dit sal dus nodig wees om vas te stel watter sosiale faktore wel korreleer met taalgebruiksverskille in die Maleiergemeenskap.
4. Taalveranderingsprosesse, wat moontlik in beginsel of veranderlik in die Afrikaans van ander Kaapse Afrikaanssprekendes (of elders in Suid-Afrika) waarneembaar is, behoort ook veel minder by Maleiers geïnhibeer te word deur sosio-kulturele faktore wat verband hou met die status van standaard-Afrikaans as prestige-simbool (vgl. Coetzee 1982: 277).

In die lig van bogenoemde oorwegings, asook dié wat tydens 'n voorondersoek (vgl. par. 2.1) aan die lig gekom het, is daar besluit om in hierdie studie te konsentreer op die betrokke teikengroep en op die voor die hand liggende

---

4) 'n Kleurlingmeisie wat met 'n Maleier in die huwelik tree, moet bv. ook 'n Maleier- (Arabiese) voornaam aanneem, hoewel die voorletter dieselfde bly.

ondersoekterreine wat uit die waarnemings voortvloei.

1.2 Terreinverkenning

1.2.1 Oorsig van variasiestudies buitelands

Belangstelling in die empiriese studie van stilistiese en sosiolinguistiese variasie het 'n geleidelike aanloop gehad in die middel-vyftigerjare, maar gedurende die afgelope dekade was daar 'n wêreldwye tempoversnelling, in so 'n mate dat 'n uitvoerige oorsig haas onmoontlik sou wees. Die bespreking hieronder is dus beperk tot 'n chronologiese seleksie van studies wat m.i. as verteenwoordigend beskou kan word van aspekte wat in hierdie ondersoek ter sprake kom.

1.2.1.1 Washington en New England

Die eerste korrelatiewe studies is in die middel- en laat vyftigerjare deur Putnam & O'Hern (1955) en Fischer (1958) onderneem om die sistematiese kovariasie van linguistiese en sosiologiese kenmerke van taalgebruik aan te toon. Putnam & O'Hern het formele onderhoude en informele gesprekke gevoer met 74 Negers in Wahington, eerstens om die sg. "Black English Vernacular"- of BEV-dialek grammaties te beskryf, en tweedens om dit sosiaal te evalueer. Die onderhoude en gesprekke is op band opgeneem en foneties getranskribeer, en 'n spektograaf en ossilograaf is gebruik om intonasie en klem by diftonge weer te gee. Ook morfologiese en sintaktiese afwykings van standaard-Amerikaanse Engels (SAE) is aangeteken, o.a. werkwoord=uitgange (almal behalwe derde persoon met -s-uitgang), woordorde (geen inversie by vraagsinne nie) en die dubbele negatief. Voorbeelde van opnames is verder aan geselekteerde buitestaanders voorgespeel, wat almal in staat was om die status van die sprekers te identifiseer.

Fischer het 'n enkele veranderlike, nl. die teenwoordige deelwoord-uitgang /ɪŋ/ in Engels, met die variante [ɪn] en [ɪŋ], gebruik om die sosiale beduidenis van die variasie by 'n groep van 24 kinders op 'n dorpie in New England vas te stel. Stories wat deur die kinders vertel is, is as materiaal gebruik, en die ondersoekgroep is verdeel volgens geslag, ouderdom (twee groepe) en sosiale status. Sy bevindings is kortliks dat die standaard-variant oorwegend deur meisies, en in 'n mindere mate hoërklaskinders, gebruik word, en dat die gebruik daarvan toeneem soos die situasie meer formeel word. Die teenoorgestelde geld t.o.v. [ɪn]. Die twee hipoteses wat Fischer gestel en deur die data as bevestig beskou het, is: (1) taalvariante is sosiaal gekondisioneerd, en (2) die verklaring van taalverandering kan baat by ondersoeke van dié aard.

Die studie deur Putnam & O'Hern is in ooreenstemming met een van die basiese vertrekpunte van hierdie ondersoek, nl. die sistematiese kovariasie van linguistiese en sosiologiese veranderlikes, terwyl Fischer se hipoteses beide in die werkshipoteses in par. 1.4. gestel, geïnkorporeer is.

1.2.1.2 Java en Parys

Gedurende 1960 het daar verslae verskyn van Geertz en Reichstein, wat onderskeidelik in Java en Frankryk gewerk het. Geertz se ondersoek na stylvlakke in Javaans is 'n duidelike illustrasie van die intrinsieke interaksie tussen taalgebruiker en taalgebruik. Hy identifiseer drie sosiale parameters, t.w. landvolk ("peasants"), stedelinge en die aristokrasie, en drie basiese style, hoog, middel en laag. 'n Beduidende waarneming is dat die stylkenmerke van al drie vlakke oorvleuelend voorkom by al drie sosiale klasse, en bepaal word deur situasionele, tematiese en intensioneel-pragmatiese faktore - 'n belangrike aspek ook

van hierdie ondersoek.

Reichstein was die eerste wat 'n omvangryke korrelasionele ondersoek in 'n stedelike gebied, nl. Parys, Frankryk, onderneem het. Daarbenewens was hare ook die eerste onder= soek van dié aard waarin taalverandering in verhouding tot buitetalige parameters bestudeer is (vgl. Dittmar 1978: 263). Altesaam 570 skoolkinders van drie skole wat in sosiaal verskillende gebiede geleë is, is ondersoek t.o.v. drie fonologiese kontraste, nl. /a-ɑ /, soos in patte/pâte, /ɛ -ɛ:/, soos in belle/bêle, en /$\tilde{\varepsilon}$ - $\tilde{œ}$ /, soos in brin/brun. Die kwantifisering en ontleding van die data het laat blyk dat die kontraste vinnig aan die verdwyn is, iets wat veral bestendig word deur arbeidersklassprekers naby die middestad. Dit dui dus op taalverandering wat veroorsaak word deur die laer sosiale klasse. Die linguistiese veranderlikes is gekorreleer met die volgende buitetalige veranderlikes: (1) skooltipe, (2) stadswyk ("arondissement"), (3) beroep van die ouers, en (4) herkoms van die ouers (Parys of die provinsies). Deurdat slegs meisies ondervra is, en die onderhoude in die formele skoolsituasie gevoer is, is sosiale en stilistiese variasie enigsins beperk.

Raakpunte met hierdie ondersoek is o.a. die linguistiese korrelasie met klassestratifikasie, wat in haar geval saamval met woongebied as veranderlike, asook die aandag wat aan die sosiale motivering van taalverandering geskenk word.

1.2.1.3 Martha's Vineyard

W. Labov het vir sy magisternavorsing die uitspraak van die diftonge /ay/ en /aw/ op die eiland Martha's Vineyard langs die kus van Massachusetts ondersoek met die oog op die sentralisering van die aanvangs-/a-/. Die vernaamste bevindings word in Labov (1963) uiteengesit en hou veral verband met die identifisering van opgangsynde klank= verandering. Die steekproef het bestaan uit 69 inwoners

van die eiland, d.i. 1% van die bevolking, en was redelik verteenwoordigend van die verskillende streke, die be= langrikste beroepe, sekere afgebakende ouderdomsgroepe en die drie belangrikste etniese groepe. Die onderhoude is op band vasgelê, en is soos volg gestruktureer: 'n Leksikale vraelys is deurgewerk met tipiese Vineyard-woorde wat (ay) of (aw)[5] bevat; dan is vrae gestel wat sosiale waarde-oordele ontlok, asook woorde met (ay) of (aw); en ten laaste moes die respondent 'n teks deurlees waarin ook heelwat voorbeelde van die veranderlikes voorkom. Om die gekose veranderlikes intersubjektief te kon bestudeer, het Labov 'n sg. 'kwantitatiewe sentraliseringsindeks' gekonstrueer wat bestaan uit 'n skaal met vier waardes per veranderlike, t.w. van 0 tot 3. So het die (ay-0)-variant geen sentralisering vertoon nie, en (ay-3) die meeste. Die gemiddelde sentraliseringsgraad van 'n spreker is bepaal deur die rekenkundige gemiddelde van die waarde van alle gebruikte variante te bereken, terwyl 'n sentraliserings= indeks per groep bereken is deur die rekenkundige gemiddelde van die syfers van al die lede van die groep vas te stel. Geen gevolgtrekking kon gemaak word deur die korrelasie van die linguistiese veranderlikes met afsonderlike sosiale parameters te ontleed nie. 'n Gemeenskaplike faktor, nl. groepslojaliteit teenoor die eilandgemeenskap, wie se identiteit bedreig is deur die jaarlikse toestroming van derduisende vakansiegangers vanaf die vasteland, het die korrelasiepatroon in duideliker perspektief geplaas. Sentralisering is 'n stereotipe kenmerk (vgl. par 3.3.1) van dié taalgemeenskap, en 'n hoë sentraliseringsgraad hou verband met die lojaliteit van sekere groepe op die eiland; en jonger sprekers wat ontgogel is deur die lewe op die vasteland, keer terug met 'n sterker lojaliteitsgevoel as sommige ouer ingesetenes. Dit geld veral die afstammelinge van die oorspronklike bewoners, die Yankees, wat 'n

5) Anders as by foneemtranskripsie, word ronde hakies ( ) gebruik om linguistiese veranderlikes mee aan te dui.

normgewende verwysingsgroep vorm, sodat die ander inwoners hulle dus daarin navolg. Deur die ontleding van sy ondersoeksresultate kon Labov wys op die sosiale motivering van opgangsynde fonologiese verandering. Enkele tekortkomingekan egter aangetoon word, soos dat die vorm van die onderhoude nie almal 'n vaste, vergelykbare patroon gevolg het nie, dat die belangrikste sosiale veranderlike, nl. die houding teenoor die eilandgemeenskap, nie voldoende objektief en kwantitatief ondersoek is nie, en dat die studie tot twee linguistiese veranderlikes beperk is.

Aspekte van die Martha's Vineyard-ondersoek wat verband hou met hierdie studie is veral metodologies van aard: die kwantitatiewe ontleding van bandopnames en die gebruik van geskrewe materiaal om bepaalde veranderlikes te toets. Terwyl 'n sentrale tema van Labov se ondersoek die identifisering van opgangsynde taalverandering is, word dit in hierdie ondersoek in samehang met ander oogmerke bestudeer.

1.2.1.4 Die Lower East Side-ondersoek

In sy ondersoek na die sosiale stratifikasie[6] van Engels in die sg. "Lower East Side" van New York-stad (Labov 1966) is die voorgenoemde tekortkomings grootliks vermy, en hierdie studie word beskou as die eerste eksakte empiries gefundeerde ontleding van taalgedrag, waarin ook nuwe werkswyses in die linguistiek ingevoer en nuwe verklarings= moontlikhede vir taalvariasie en taalverandering gedemonstreer is (vgl. Dittmar 1978: 263). Respondente is geselekteer op grond van goed gedefinieerde sosiale kategorieë, en is volgens 'n formeel gekonstrueerde tien= puntskaal op grond van inkomste, opvoeding en beroep verdeel in vier hoofklasse, t.w. hoër middelklas, laer middelklas,

6) Labov definieer sosiale stratifikasie as 'n vaste differensiasiepatroon waaraan die lede van 'n gemeenskap 'n evaluerende hiërargie toeken wat voorgestel kan word as 'n lineêre skaal (Vgl. Goyvaerts & Velders 1975: 19; sien ook Klopper 1976: 3-6).

hoër werkersklas en laer werkersklas. Daarbenewens is die ondersoekgroep ook sosiologies geklassifiseer volgens geslag, ouderdom en etniese herkoms.

Vir die verkryging van demografiese gegewens omtrent die inwoners van die Lower East Side, het Labov gesteun op 'n sosiologiese ondersoek wat in 1961 deur Mobilization for Youth, Inc. onderneem is, en waarin 1 250 huishoudings uit 'n totaal van 33 000, verteenwoordigend van 'n totale inwonertal van 107 000, geselekteer is. Een volwasse informant uit elk van die 988 wooneenhede wat bereik kon word, is ondervra, en op die sosiologiese data wat sodoende verkry is, het Labov die samestelling van sy ondersoekgroep gebaseer. Deurdat slegs Engelse foneme bestudeer is, moes 280 Puerto Ricane, 30 Chinese en 61 andertaliges van die begin af uitgesluit word. Slegs 67% van die Joodse en Katolieke arbeiders is ingesluit, aangesien hulle meer as goed verteenwoordig was, en van die oorblywende 553 informante was 295 reeds oorlede of het intussen verhuis, terwyl 141 geblyk het nie van huis uit Engelssprekend te wees nie. Uit die 195 wat oorgebly het, was 122 (84 Blankes en 38 Negers) bereikbaar en gewillig om die volledige onderhoud deur te maak, en daarbenewens is 30 ander genader onder die voorwendsel van televisieprobleme, wat beperkte materiaal vir kwantifiseringsdoeleindes opgelewer het. 'n Praktiese probleem wat nie dermate op Martha's Vineyard ondervind is nie, was wantroue en agterdog by die respondente, sodat vele die onderhoud geweier het.

'n Belangrike oogmerk met die konstruering van die onderhoud was om konteks-spesifieke spreekstyle[7] te isoleer, waarvan Labov vyf onderskei het: (1) natuurlike spraak ("casual

---

7) Style afgebaken op 'n graduele skaal, afhangende van die aard van die graad van formaliteit.

speech"), (2) behoedsame[8] spraak ("careful speech"), (3) leesstyl, (4) woordelyste en (5) minimale parè (fonologiese opposisies). Met dié doel voor oë, het elke onderhoud 'n vaste patroon gevolg: Heel eerste is daar navraag gedoen na die taalverlede van die respondent, om vas te stel of hy/sy wel 'n Engels-moedertalige en gebore New Yorker is. Daarna is ses tipiese New Yorkse woorde bespreek, waarna die respondent die een en ander oor sy jeug moes vertel. Vervolgens is hy gevra om die begrippe 'gesonde verstand' en 'sukses' te omskryf, en dan moes hy verduidelik hoe hy sy skoenveter vasmaak. Die gesprek is hierna onderbreek deur 'n bandopname van die taalgebruik van vyf plaaslike inwoners voor te speel, en die respondent se houding teenoor die onderhawige taalveranderlikes is getoets aan die hand van sy subjektiewe reaksies op verskillende variante van die veranderlikes soos dit voorgekom het in die opname. Hy moes dan 'n aanduiding gee van watter variante volgens sy mening korrek is, en watter hyself gebruik. Nadat hy vervolgens sy opvattings oor die vyf veranderlikes as 'tipies' van New Yorkse taalgebruik gelug het, is hy gevra om 'n lys van 18 woorde, waarvan elkeen op twee maniere uitgespreek kan word, voor te lees. Eers moes hy aandui watter uitspraak volgens hom die korrekte is, en watter variant hy meen dat hyself gebruik. Die tweede gedeelte van die onderhoud, met die doel om taalgebruiksnorme by die repondent vas te stel, is buite rekening gelaat by die berekening van die indekse vir die verskillende veranderlikes.

Labov het vyf fonologiese veranderlikes, t.w. (oh), (r), (th) en (dh), gekies wat voldoen het aan die volgende selfgestelde kriteria (Labov 1966: 166): (1) hoë frekwensie, (2) relatief immuun teen bewuste vedraaiing, (3) geïntegreerde komponent van 'n groter struktuur, en (4) kwantifiseerbaar op 'n lineêre skaal. Deur 'n

8) Koning (1978: 264) se Nederlandse verwerking van Dittmar (1976) onderskei tussen "behoedzaam en natuurlijk taalgebruik" met verwysing na Labov (1966: 110).

vooronderSoek in drie afdelingswinkels in Manhattan (Labov 1963) kon hy vasstel dat variante van (r) in pre-konsonantale en toutosillabiese posisie kovarieer met sosiale verskille by die sprekers, m.a.w. dat (r) sosiaal gestratifieer is. Die keuse van die winkels, nl. Saks, Macy's en Klein's, is bepaal deur prys- en modereekse, as verteenwoordigend van die boonste, middelste en onderste kaders. (Benaderde ekwivalente in S.A. sou bv. die Kaapse winkels Stuttafords, Woolworths en Ackermans wees.) In hierdie ondersoek is daar sistematies gebruik gemaak van natuurlike (terloopse) en anonieme gevalle van taalgebruik om die werkshipotese te toets dat enige groepe wat op grond van buitetalige kriteria gestratifieer is, ook gestratifieer sal wees wat betref hulle onderskeie gebruiks-frekwensies van /r/ (Labov 1978: 43-69). 'n Hipotese wat nie direk bevestig is nie, was dié dat ouer persone ook die ouer variant, nl. (r) : ∅, sou gebruik, terwyl die jongeres voorkeur sou gee aan die nuwer vorm, (r) : [r]. In werklikheid het die ouer persone by Macy's, die 'middelklas'-winkel, (r) : [r] heelwat meer gebruik as die jongeres. Op grond hiervan moes Labov sy hipotese hersien deur dit te beperk tot die hoogste- en laagste-statusgroepe. Sy verklaring vir die kontras was dat die sosiale aspirasies van die intermediêre groep sou kon veroorsaak dat hulle hul aksent gedurende die middeljare aanpas by die jongste prestige-norme. Hierdie verklaring is 'n voorbeeld van die 'interpretasie'-stadium van empiriese navorsing, waar die navorser verby die waargenome en geprosesseerde data gaan en dit relateer aan 'n algemene teorie.

In die Lower East Side-ondersoek is die vyf veranderlikes op grond van fonetiese eienskappe in 'n aantal variante onderverdeel. Die variante (met hulle numeriese en fonetiese waardes) van (dh) en (th) onderskeidelik is die volgende:

(dh-1)	-	[ð]	(th-1)	-	[θ]
(dh-2)	-	[dð]	(th-2)	-	[tθ]
(dh-3)	-	[d]	(th-3)	-	[d̪]

Vir die vokaal-veranderlikes is skale elk met ses impressionisties afgebakende fonetiese waardes gebruik, en die indeks vir die veranderlikes is soos volg bereken: Die somtotaal van al die numeriese waardes[9] wat aan elke variant toegeken is, word vir elke spreker vasgestel en verdeel deur die frekwensiegetal van die veranderlike, sodat die rekenkundige gemiddelde verkry word. Afhangende van die aantal variante (ses of drie), word die rekenkundige gemiddelde met 10 of 100 vermenigvuldig om 'n vergelykbare indeks te lewer.

Watter variante van die betrokke veranderlikes gebruik word, hang nie slegs af van sosiologiese faktore nie, maar ook van (1) die linguisties-strukturele omgewing, en (2) die stylfaktor. Die strukturele omgewing moet vir elke veranderlike afsonderlik omskryf word, maar stilistiese, eweas sosiologiese faktore, vorm 'n groep onafhanklike veranderlikes. Vir elke respondent kan daar 'n matriks opgestel word met die indekse van die verskillende veranderlikes vir elke styl. Voorbeelde van sulke matrikse volg hieronder (A-E verteenwoordig die style van informeel tot formeel.):

TABEL 1 - Stilistiese matriks vir Bennie N. en Miriam L.

Bennie N. (vragmotorbestuurder)						Miriam L. (prokureur)				
A	B	C	D	E		A	B	C	D	E
00	00	13	33	33	(r)	32	47	39	56	100
19	21	26	22		(eh)	28	38	40	39	
15	20	24	20		(oh)	20	26	30	30	
168	81	58			(th)	00	00	00		
153	96	38			(dh)	25	04	02		

9) Die numeriese waardes vorm terselfdertyd 'n skaal of "squish (Ross 1973: 143) waarin die laagste waarde by sommige veranderlikes die standaard- of prestige-uitspraak verteenwoordig en die hoogste die mees gestigmatiseerde, en by ander weer andersom.

Deur o.a. gebruik te maak van grafiekdiagramme, gee Labov dan 'n uiteensetting van die verspreiding van die vyf fonologiese veranderlikes oor die verskillende sosio-ekonomiese klasse (SEK's) en konteks-spesifieke style. 'n Voorbeeld van die klassestratifikasie van (dh) met vier SEK's en style, A, B en C word in Fig 1 verstrek.

Die korrelasie van buitetalige parameters met die fonologiese veranderlikes toon dat lg. reëlmatig reageer op sowel sosiale status as stylvariasie. Indien die verspreiding van sprekers oor verskillende sosiale klasse meebring dat hulle op verskillende wyses aanpas by sosiale norme, en indien stilistiese differensiasie 'n weerspieëling is van die mate waarin sprekers hulle eie taalgebruik monitor, varieer die linguistiese veranderlike langs beide dimensies, t.w.




Fig. 1-Klassestratifikasie van (dh) met 4 klasse

sosiale afstand en stylfunksie, soos in die volgende figuur:




Fig. 2 - Wisselwerking van sosiale klas- en stylvariasie (Labov 1971a: 203)

Die veranderlike onderskei dus sowel faktore wat verband hou met die sosiale geskiedenis van die spreker as faktore wat sy sosiale verhouding met die hoorder, die taalgebruiks= konteks en die gesprekstema determineer. Behalwe sosiale status en styl (Fig. 2), korreleer die verskillende waardes van die veranderlikes ook met geslag, ouderdom en etniese groepering.

Uit Labov se ondersoek na die stratifikasiepatrone blyk dat die taalgemeenskap van die Lower East Side, en veral die laer middelklas, gekenmerk word deur 'n sterk opwaarts gerigte mobiliteit, wat in hulle taalgebruik gemanifesteer word deur 'n duidelike, maar dikwels onbewuste, benadering van die norme van die groep waarna hulle streef. Hulle slaag egter nie daarin om die betrokke taalreëls te internaliseer nie, en die ouer, vroeër vasgelegde taal= patroon speel steeds 'n belangrike rol, veral in die natuurlike styl. Die konflik tussen die twee waardes lei

tot 'n opvallende taalonsekerheid, wat in Labov se diagrammatiese uiteensettings van korrelasiepatrone weerspieël word in hiperkorrekte stratifikasiekurwes (die sg. "cross-over pattern"). 'n Samevattende gevolgtrekking van die ondersoek is dat, ten spyte van 'n onmiskenbare heterogeniteit in die taalgebruik van die ondersoekgroep, die inwoners van die Lower East Side, en by veralgemening New York, tog een taalgemeenskap vorm deurdat alle groepe en klasse dieselfde taalgebruiksnorme deel. (Vgl. par 3.6)

Die ondersoeksmetode wat Labov hier gevolg het, het in verskeie opsigte as model vir my ondersoek gedien: Die ondersoekgroep is ook volgens voorafverkreë sosiologiese data gestratifieer volgens ouderdom, geslag en sosiale klas, en die onderhoud is gekonstrueer om verskillende konteks-spesifieke spreekstyle te ontlok. Op grond van 'n voor-ondersoek is verder 'n keuse van sekere fonologiese veranderlikes gedoen wat met sosiale verskille by die sprekers kovarieer. Die kwantifisering van die veranderlike-tellings het ook volgens Labov se metode plaasgevind, met die verskil dat slegs tweepunt- en driepuntskale gebruik is. Die resultate is vervolgens d.m.v. grafieke en histogramme uitgebeeld, wat die ontleding van kovariasiepatrone aansienlik vergemaklik. Verskeie belangrike opsigte waarin die ondersoeksmetode wat in hierdie studie gevolg is van dié van Labov verskil, blyk egter uit die uiteensetting wat in hoofstuk 2 verstrek word.

1.2.1.5 New York en Detroit

Korrelasiestudies op die patroon van Labov (1966a) is hierna onderneem deur Fishman e.a. (1968) en Wolfram (1969). Aan-gesien e.g. ondersoek gerig was op konteks-spesifieke tweetaligheid binne die raamwerk van Fishman se inter-dissiplinêre teorie van gedragsdomeine, het die linguistiese ontleding slegs een aspek van die totale navorsing

verteenwoordig. Altesaam 431 Puerto Ricane in New York is ondervra d.m.v. onderhoude en toetssessies om die werks= hipotese te toets dat Spaanse veranderlikes slegs variasie vertoon op grond van kontekstuele, en nie demografiese faktore nie, terwyl die teenoorgestelde die geval is m.b.t. die Engelse veranderlikes. Vier demografiese veranderlikes, t.w. geslag, ouderdom, opvoedingspeil en herkoms, en vyf kontekstuele style is geïsoleer. As linguistiese veranderlikes is sewe Spaanse en 10 Engelse fonologiese verskynsels gebruik. 'n Metodologiese vernuwing was die gebruik van 'n statistiese tegniek om variante te ontleed d.m.v. meervoudige regressie-analise ("multiple regression analysis", Fishman 1971: 271). Hiermee kon daar vasgestel word of onafhanklike veranderlikes soos konteks, ouderdom, geslag, ens., elkeen afsonderlik beduidend is by die verklaring van variasie, en of wisselwerking tussen enige twee 'n meer beduidende verklaring kan bied. Deur die toepassing van hierdie metode is die werkshipotese gevalideer, en kon die gevolgtrekking gemaak word dat (1) die ondersoekgroep ten opsigte van Spaans gemeenskaplike norme en uniforme spraaknetwerke (sien par. 1.2.1.9) het, terwyl dit nie ten opsigte van Engels geld nie, en (2) kontekstuele en demografiese variansie nie altyd ooreenstem nie.

Wolfram se ondersoek vorm insgelyks deel van 'n meer omvattende projek (Shuy, Wolfram & Riley 1967), met as ondersoekgroep 'n steekproef bestaande uit 48 Negers in Detroit wat t.o.v. die volgende vier sosiale parameters geklassifiseer is: (1) sosiale status (vier klasse), (2) geslag, (3) ouderdom (drie ouderdomsgroepe: 10-12, 14-17, en 30-55), en (4) rassesegregasie (sosiale kontak met oorwegend Swart óf Wit). Kontekstuele styl het as vyfde onafhanklike veranderlike gegeld. Hoewel die onderhouds- en ontledingstegniek grootliks met dié van Labov (1966) ooreenstem, het Wolfram dit enigsins gemodifieer en verfyn, deur o.a. die kwantitatiewe meting uit te brei tot

grammatiese veranderlikes, die sosiale parameters duideliker te omskryf en die kontekstuele style tot twee te reduseer. Sy bevindings, soos by Labov (1966a), dui op besliste sosio-ekonomiese stratifikasie van taalgebruikskenmerke. Wat die ander sosiale veranderlikes betref, het hy bevind dat vroue meer as mans aan die standaard-norm adapteer, en dat volwassenes minder gestigmatiseerde variante gebruik as die jongste en tweede jongste ouderdomsgroep.

Nie-standaardvorme word kategories en sistematies deur die werkersklasjeug gebruik. Die twee kontekstuele style, t.w. die onderhoudstyl en leesstyl, toon ook duidelike differensiasie, en hoe duideliker die verskille, hoe sterker is die sosiale markering van die veranderlikes. Wat betref die grammatiese veranderlikes, het variasie slegs by die laer klasse voorgekom. Labov se onderskeid tussen fyn (of geleidelike) en skerp stratifikasie (Labov 1966a: 236) was veral van toepassing op onderskeidelik fonologiese en grammatiese veranderlikes. Laastens het hy aangetoon dat die rol wat intra-linguistiese variasieperke of -begrensings ("variational constraints") in samehang met ekstralinguistiese faktore, speel,onontbeerlik is vir 'n begrip van sosiolinguistiese differensiasie.

My ondersoek sluit in bepaalde opsigte aan by die ondersoeke van sowel Fishman as Wolfram. Die statistiese tegniek van variansie-ontleding word toegepas (soos in die geval van Fishman), hoewel met ander oogmerke, en soos by Wolfram, omvat die kwantitatiewe meting ook grammatiese veranderlikes Ook Wolfram se bevindings t.o.v. geslagsdifferensiasie word by die Maleiergroep getoets.

1.2.1.6 Die Harlem-ondersoek

As teenvoeter vir die postulering en praktiese toepassing van die sg. 'agterstandshipotese" van Bernstein

(Dittmar 1976: hfs.1), wat veral sosiolinguistiese 'opheffing' van arbeidersklas-skoolkinders in Brittanje ten doel gehad het, het Labov en drie medewerkers 'n ondersoek in New York se ghetto-distrikte onderneem (Labov e.a. 1968) om die oorsaak vas te stel van die konflik tussen Standaard-Engels- (SE) en "Black English Vernacular"- (BEV) norme by Neger- en Puerto Ricaanse jeugdiges in New York. Een aspek wat in die ontleding ter sprake gekom het, is ook van belang vir my ondersoek, nl. die invloed van sosiale netwerke op taalgedrag (vgl. par. 1.2.1.9, asook Milroy 1980), in ooreenstemming met LePage (1968: 189) se waarneming:

> The individual creates his system of verbal behavior so as to resemble those common to the group with which he wishes from time to time to be identified.

In 'n sosiale netwerkstudie geld die graad van integrasie by 'n bepaalde groep as onafhanklike veranderlike, wat op sy beurt weerspieël word in die mate waarin die taalgebruik van bepaalde sprekers die linguistiese norme wat binne die groep geld, eksemplifieer. So kon Labov aantoon dat daar duidelik differensiasie bestaan t.o.v. sowel fonologiese as grammatiese veranderlikes tussen sg. 'kernlede' ("core members") en periferale lede van 'n jeugbende, die Jets, in Harlem, New York.

1.2.1.7 'n Studie oor klankverandering

'n Veelomvattende studie oor opgangsynde klankverandering deur Labov, Yaeger en Steiner is in 1972 gepubliseer, waarin 'n kombinasie van verskeie metodes gebruik is om data, histories en kontemporêr, en oor 'n wye geografiese gebied (verskeie stedelike en plattelandse gebiede in Noord-Amerika en Brittanje) te versamel en te interpreteer. Aan die hand van talle parallelle, ook in ander Germaanse tale, en in Romaans, Balto-Slawies, Grieks en tale buite die

Indo-Germaanse taalfamilie, toon hulle aan dat taal= veranderingsprosesse volgens universele patrone opereer, die sg. 'eenvormigheidsbeginsel':

> We proceed upon a uniformitarian principle: that the forces which produce sound change today are the same as those which operated to produce this historical record. We have of course looked for limitations of this principle, but on the whole it seems to operate as successfully in linguistics as it has done in geology (Labov e.a. 1972: 1).

Die metode van dataversameling (vir kontemporêre taal= gebruik) het, benewens die gebruikmaking van bestaande datakorpora (o.a. dié van Labov in die Lower East Side, en Shuy e.a. in Detroit), ook verbeterde tegnieke behels, soos bandopnametoerusting wat kompeterende geraas in die veld= situasie tot 'n minimum beperk, en onderhoudstrategieë wat die effek van waarneming (vgl. par. 1.2.1.9) op styl= verskuiwing minimaliseer. Die hipotese word gestel dat spreektaaldata relevant is vir taalteorie, en dan gaan hulle voort om 'n empiriese basis vir juis so 'n teorie te ontwikkel op grond van die ongemonitorde spraak van die alledaagse lewe, d.w.s. die omgangstaal ("vernacular"), of die styl waarin die minimum aandag aan spraak bestee word (vgl. Labov 1970: 46). 'n Ontleding van die gekwantifiseerde data lei tot die gevolgtrekking dat hierdie omgangstaal die mees sistematiese taalvariëteit is, en dat formeler style by die meeste sprekers onreëlmatige en onvoorspelbare verspreiding van taalvorme meebring.

Labov, Yaeger en Steiner se studie is in meer as een opsig van belang vir my ondersoek. Die metode van dataversameling was ook daarop ingestem om die maksimum hoeveelheid omgangsdata te bekom deur die toepassing van onderhouds= tegnieke wat juis dit ten doel had. Ook in hierdie ondersoek is toerusting gebruik wat geraasversteuring in 'n groot mate uitskakel (vgl. par. 2.3.2). Ten slotte is daar by die ontleding van veranderlikes wat stylgebonde is, gesteun op

hulle bevinding dat die omgangstaal die mees sistematiese variëteit is, en is dié styl as die mees betroubare vergelykingsbasis beskou.

1.2.1.8 Die Norwich-ondersoek

Nog 'n voorbeeld van die toepassing van die klassiek geworde Laboviaanse metode was die ondersoek deur Trudgill (1974a) in Norwich, naby die ooskus van Engeland. Die feit dat Trudgill self 'n inwoner van die stad was, het meegebring dat hy 'n intieme kennis van die sosiale struktuur van die gemeenskap gehad het en deur self 'n Norwich-aksent te gebruik, kon hy respondente aanmoedig om ongeïnhibeerd te praat tydens die onderhoud.

Die invloed van die veldwerker op die onderhoudsituasie (in dié geval sy spraak) is een van die belangrikste bydraende faktore wat die gebruik van die omgangstaal verhinder (Hudson 1981: 152). Dit is ook een van die onderliggende oorsake van die sg. 'waarnemersparadoks' (sien p. 53), 'n probleem wat kenmerkend is van die formele onderhoud as metode om data te versamel. By die seleksie van respondente het Trudgill o.a. woongebied as maatstaf gebruik om die ondersoekgroep sosio-ekonomies te stratifieer. Individue uit vier areas is toe gelykkansig gekies uit kieserslyste en tuis genader om hulle instemming tot 'n onderhoud te verkry. Van die 95 persone wat genader is, het 15 die onderhoud geweier, en nog 'n aantal is uitgesluit omdat hulle minder as 10 jaar in die gebied woonagtig was. Die getal is weer eens gelykkansig aangevul uit die kieserslyste, sodat 'n totaal van 50 volwassenes gevind is. Om die steekproef meer verteenwoordigend te maak wat ouderdomsverspreiding betref is 10 skoolkinders ook ingesluit. Die onderhoud is, soos by Labov (1966), gestruktureer om voorsiening te maak vir stylvariasie, wat strek van uiters formeel (woordelyste) tot relatief informeel (gesprek oor lagwekkende onderwerp,

of sydelingse gesprek met familielid). Wat betref die identifisering van die informele styl, steun Trudgill ook op Labov se gebruik van sg. "channel cues", bv. versnelde spreektempo, gelag, ens. Hier kan net terloops gemeld word dat o.a. Wolfram en Bickerton bedenkinge hieroor uitgespreek het. (Hoe onderskei 'n mens bv. tussen ontspanne en senuagtige gelag?) Dit is ook die rede waarom Wolfram (Shuy e.a. 1967) besluit het om slegs twee stylkontekste te gebruik, nl. leesstyl en onderhoudstyl.

'n Totaal van 16 fonologiese veranderlikes (3 konsonante en 13 vokale) is gekies op grond van impressionistiese waarneming van uitspraakpatrone in die taalgemeenskap. Trudgill se vernaamste gevolgrekkings was (1) dat daar markante verskille tussen veranderlikes bestaan wat betref die mate waarin hulle met stylverskille kovarieer; (2) dat die invloed van stylvariasie nie by alle sosio-ekonomiese klasse ewe sterk is nie; en (3) dat die duidelikste verskil in formaliteit nie noodwendig dié tussen praat- en leesstyle is nie.

Die feit dat Trudgill die uitwerking van die waarnemers= paradoks te bowe probeer kom het deur as oud-inwoner 'n Norwich-aksent te gebruik, stem ooreen met die gebruik,in my ondersoek, van 'n veldwerker wat in die area woonagtig is en vertroud is met die spraakpatrone van die ondersoekgroep. Hoewel verskillende tegnieke gebruik is, is die strukturering van die onderhoud in beide gevalle daarop ingestel om voorsiening te maak vir stylvariasie oor 'n soortgelyke spektrum.

1.2.1.9 Sosiale netwerke

'n Ondersoek waarby die benadering wat in my studie gevolg word, in verskeie opsigte aansluit, is dié van J. en L.Milroy (L.Milroy 1980, asook J. Milroy 1978,

L. Milroy 1976, Milroy & Margrain 1981, J. & L. Milroy 1977 en 1978). Drie taalgemeenskappe in Belfast, t.w. The Hammer, The Clonard en Ballymacarrett, is betrek, en dit is veral die metodologie wat aanmerklik verskil van dié van Labov (1966a) en Trudgill se Norwich-ondersoek. Daar is wel ooreenkomste met Labov se benadering in die studie oor BEV-norme in Harlem (Labov 1972d), en spesifiek wat betref die belangrikheid wat aan die rol van sosiale netwerke as onafhanklike veranderlike toegeken word en die sistematiese aard van die ondersoek. Sy metode, soos dié van Blom en Gumperz (1971), is egter slegs van toepassing op groepe en kwasi-groepe met taamlik duidelike lidmaatskapsgrense. Die tipe netwerkstudie wat die Milroys onderneem het, veronderstel geen groepsgrense van enige aard nie, sodat teoreties enige individu hierby betrek kan word, afgesien van die feit of hy/sy tot 'n bewuste groep behoort (vgl. Milroy & Margrain 1981: 44, vnt). Die Milroys het verder afgesien van die formele onderhoud-tegniek, deurdat L.Milroy op 'n heel natuurlike wyse ingeskakel het by die groepe wie se taalgebruik sy bestudeer het, nl. as 'vriend van 'n vriend', en sodoende kon sy heelwat opnames van werklik outentieke omgangstaal bekom, dié wat sonder inhiberende faktore tussen vriende gebruik word. Die verskil tussen hierdie soort taalgebruik en wat Labov en Trudgill as die 'natuurlike' ("casual") styl beskou, is beduidend genoeg om die belangrikheid van die waarnemersparadoks weer eens te beklemtoon. Benewens die gebruik van sosiale netwerke as onafhanklike veranderlike, maak die Milroys ook gebruik van ouderdom, geslag en religieuse affiliasie in die Belfast-ondersoek. (Die Ballymacarrett- en The Hammer-areas is oorwegend Protestants, terwyl The Clonard 'n Rooms-Katolieke woongebied is.) Deur gebruikmaking van 'klassieke' sosiolinguistiese ontledingsmetodes, kon daar duidelike ouderdoms- en geslagsgradering[10] in die taalgebruik

---

10) Sosio-ekonomiese stratifikasie as veranderlike is uitgesluit, aangesien al drie werkersklasgemeenskappe is.

van die 46 respondente in die Belfast-gemeenskappe aangetoon word (J & L Milroy 1977). Maar opmerklike en reëlmatige verskille tussen individue van dieselfde geslag, ouderdom en sosiale agtergrond het om verduideliking gevra. Soort= gelyke variasie is deur Labov (1966a) waargeneem, maar die grootte van sy steekproef, tesame met die metode om aggregate te bereken vir al die individue in die groep, het meegebring dat individuele variasie nie die reëlmatiger patrone in die gemeenskap as geheel oorskadu nie. Die berekening van aggregate sou veral by veranderlikes met drie of meer variante deur variansie-indekse (d.w.s. afwyking van die rekenkundige gemiddelde) in duideliker perspektief geplaas kon word.

In die lig hiervan het die Milroys (soos Bickerton, LePage en Gumperz) by die ontleding van die data sterker op die individu gefokus, en op individuele kenmerke wat met sosialisering verband hou. Die hipotese dat die navolging van omgangstaal-norme positief korreleer met die vlak van individuele integrasie by plaaslike gemeenskapsnetwerke is gebaseer op die voorlopige identifisering van reëlmatighede in die data. Om dié rede is 'n indeks van netwerksterkte ("network strength score") of INS, wat die veelvuldigheid en digtheid[11] van inskakeling by 'n plaaslike vriendekring kombineer, as veranderlike in korrelasietoetse met linguistiese veranderlikes gebruik. (Vir die toepassing van statistiese ontledingsmetodes om die INS te toets en as verklaringsmeganisme te gebruik, sien par. 2.2.1). Milroy & Margrain stel dit egter duidelik dat die netwerkgegewens meer insiggewend is as daar ook ten volle rekening gehou word met die verband tussen taalgebruik en sosiologiese veranderlikes soos ouderdom, geslag en area van herkoms (1981: 62) - dus 'n sintese van die Labov-benadering in die

11) 'Veelvuldigheid' ("multiplexity") verwys na gelyktydige sosiale verhoudings op meer as een vlak, sodat familie en vriende terselfdertyd ook kollegas of bure is; terwyl 'digtheid' ("density") verband hou met die mate waarin individuele vriende van die respondent by 'n gemeenskaplike groep geïntegreer is.

sosiale dialektologie en die werk van Gumperz in die sosiale antropologie van taal. 'n Voordeel van netwerk-analise is dat dit ook sosiale gedrag verklaar, pleks van bloot korrelatiewe verbande tussen linguistiese en nie-linguistiese veranderlikes aan te toon. Die gevolg wat gemeenskaps= ontwrigting op taalgebruik het, kan bv. ten beste deur verwysing na die INS as verklaringsmeganisme gepeil word. Wanneer lede van 'n heg gestruktureerde gemeenskap gedwing word om uit hulle tradisionele woonbuurtes weg te trek, is daar 'n afname in die digtheid en veelvuldigheid van hulle netwerke. 'n Opvallende ooreenkoms tussen hierdie waarneming en die maatskaplike omstandighede wat in my ondersoek aangetref is, blyk uit die volgende aanhaling (Milroy & Margrain 1981: 49):

> One man from Bethnal Green (Young & Wilmott 1962), who was compulsorily rehoused in a suburban housing estate, summed up the distaste many working-class people feel when their traditional neighbourhoods are destroyed. When asked about contacts with his neighbours, he replied that he had not grown up among them; they were different kinds of people and did not mix.

Met verwysing na die sosiale ontwrigting wat die toepassing van die Groepsgebiedewette in die Kleurling- en Maleiergemeenskappe veroorsaak het, het 'n respondent op die Kaapse Vlakte opgemerk, "Hel, die government het darem vir ons gedestroy, man" - 'n eggo van Milroy en Margrain se terminologie.

'n Verdere resultaat wanneer netwerke vernietig word, suggereer Frankenberg (1969: 232), is verhoogde opwaartse mobiliteit en 'n belangstelling in toereikende opvoeding vir die kinders van die betrokkenes:

> The less the personal respect received in small group relationships, the greater is the striving for the kind of impersonal respect embodied in a status judgement.

Volgens Labov (1966a) is opwaartse mobiliteit een van die vernaamste sosiale oorsake van taalverandering in die moderne stedelike konteks, en gee onder meer aanleiding tot hiperkorreksie by sekere sosiale klasse. Die feit dat vyf van die agt linguistiese veranderlikes wat in J. & L. Milroy (1978) bestudeer is, 'n duidelike korrelasie met INS vertoon, en dat die orige drie wel by somme sosiale parameters deur die netwerksterkte beïnvloed word, bevestig die sentrale hipotese van die ondersoek.

Die verskeidenheid van metodes wat in die ondersoeke onder bespreking toegepas is en die merkwaardige ooreenstemming desnieteenstaande in die bevindings van verskillende navorsers dien as illustrasie van Labov se sg. 'konvergensie-beginsel' (1972c: 102): "The value of new data for confirming and interpreting old data is directly proportional to the differences in the methods used to gather it."

1.2.2 Oorsig van bestaande studies oor Maleier-Afrikaans

Die vroegste taalgebruiksdata in Maleier-Afrikaans is uiteensettings van die Islamitiese beginsels wat deur geestelikes in die Arabiese ortografie geskryf ("getoelies") is. Die heel eerste manuskrip van dié aard is die sg. "Betroubare woord" (in Arabies Alqauli -lmatin), wat in 1856, ses jaar voor die eerste selfstandige publikasie in boekvorm in Afrikaans (Meurant se Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar) verskyn het (R. Antonissen 1964: 18). Dit is aan die ywer van A. van Selms te danke dat nie alleen hierdie teks nie, maar 'n hele reeks opgespoor en in die Romeinse ortografie getranslitereer is (A. van Selms 1951, 1952, 1979). (H.Kähler (1971: 158) meen dat daar 'n ander Arabies-Afrikaanse geskrif is wat as die oudste beskou kan word, t.w. Geskenk van die vriende, maar geen bewyse daarvoor is nog gevind nie.) Die mees omvattende

geskrif wat tot dusver getranslitereer en verwerk is (A. van Selms 1979), is die sg. "Uiteensetting van die godsdiens", wat in 1869 deur Sjeg Abu Bakr[12] voltooi is. Die Arabiese titel word deur Van Selms in die Inleiding aangegee as Bayanu ddin.

Naas Van Selms, het daar studies van wisselende omvang oor Arabies-Afrikaanse manuskripte verskyn van die hand van P.J. Muller (1962) en H. Kähler (1971), terwyl Ponelis (1981) 'n oorsig gee van kenmerkende taalverskynsels in die Bayanu ddin. Die eerste persoon wat melding maak van Arabies-Afrikaans literatuur is I.D. du Plessis in die bibliografie van sy 1935-publikasie (en proefskrif), Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied, waarin hy ook noem dat Maleier-Afrikaans van Kleurling-Afrikaans verskil. In 'n kort artikel (1943) skryf hy oor die samestelling van die Maleier-Afrikaanse leksikon, en wys daarop dat die Arabiese komponent in die omgangstaal aan die toeneem is. Ook J.L.M. Franken (1930) stel ondersoek in na leksikale aspekte van Maleier-Afrikaans, maar konsentreer op restante uit Maleis ("Malajoe") en Portugees. Hy probeer ook antwoorde te verstrek op die vrae of Maleis nog as lewende taal voorkom aan die Kaap en in watter mate ontlenings aan Luso-Asiatiese tale hulle weg na die Afrikaans van Blanke sprekers gevind het.

G.S. Nienaber (1953: 259-263) skets kortliks die sosiale omstandighede waarin die aanvanklike verafrikaansing van die Maleier-gemeenskap plaasgevind het en spekuleer oor enkele fonologiese kenmerke van neëntiende-eeuse Maleier-Afrikaans, wat hy 'Kreools-Nederlands' noem:

> Die Kreools-Nederlands van die slawe het seker in die

12) In 1862 stig Abu Bakr die eerste Afrikaansmediumskool, die Moslem Theological School, waar die Bayanu ddin (of Bajaanoedien, soos dit ook weergegee word) as handboek gebruik is (Muller 1962:2). Volgens Muller het dele van die manuskrip reeds voor die voltooiingsdatum vrylik gesirkuleer, terwyl die boek eers in 1879 in druk verskyn het.

> uitspraak en artikulasie (sic) 'n grondslag gelê gehad wat in die gebruik voortgeplant is soos ons dit nog vandag ken en in 'n sin reeds ken sedert die Kategismus van 1869 (Van Selms 1951). Dan sou kenmerke gewees het die affrikate dj (vir j, bv. djaar vir jaar) en tj (as verkleiningsuitgang); die versagting en verdwyning van r in sekere posisies of by assimilasie; die soms geslote uitspraak van e, o en ooi as ie, oe en oei resp., die neiging om met die duidelike a te vokaliseer by opeenhoping van konsonante of by die neutrale e-klank in onbetoonde lettergrepe (uit Selms bv. ghabelaas vir geblaas) ... ei, ui en y as (a)ai (uit Selms: maisis ait koem; bai).

Sommige van hierdie kenmerke word ook in my ondersoek as variasieverskynsels onder die loep geneem.

G.R. Von Wielligh (1925: 126,132) noem terloops dat daar opmerklike verskille tussen Maleier- en Kleurling-Afrikaans aan die een kant en standaard-Afrikaans aan die ander bestaan. Hy wys op vokaalverhoging en -ontronding in Maleier-Afrikaans en merk dat dié verskynsel ook voorkom in die Afrikaans van Blankes in Kaapstad.

J.J. Le Roux (1949) tref 'n vergelyking tussen Maleier-Afrikaans en Griekwa-Afrikaans en lê veral klem op verskille tussen die twee variëteite.

J.du P Scholtz (1965: 211-212) vra enkele hipotetiese vrae oor die fonetiese voorwaardes vir vokaal- en diftong=verhoging in Kaapse Afrikaans, en noem die moontlikheid van sosiale stratifikasie, asook implikasie-verskynsels (vgl. Bailey 1969, DeCamp 1971 en Bickerton 1973):

> Onder watter lae van die bevolking word die verskynsel die meeste aangetref - by die Maleiers, by die gekleurdes in die algemeen, by minder ontwikkelde blankes ... Word die vokaalverhoging waargeneem by dieselfde persone wat 'n neiging vertoon om tj as tsj en j as dzj uit te spreek?

Hoewel C. van Schalkwyk (1969) se fonologiese ontleding van die Afrikaans van Kleurlinge in Bellville-Suid binne die raamwerk van die algemene taalteorie besliste raakpunte toon met verskynsels wat ook in Maleier-Afrikaans aanwesig is, is R.M. Klopper (1976) se magister-verhandeling die eerste studie oor Afrikaans wat (a) binne die teoretiese raamwerk van die variasie-linguistiek onderneem is volgens die navorsingsprosedure wat deur Labov (1966a) ontwikkel is, en (b) 'n sistematiese ontleding verteenwoordig van die taalgebruik van o.a. die Moslems in die Kaapse Skiereiland. Klopper onderskei tussen Moslem-Kleurlinge en Maleiers op grond van die feit dat hulle afsonderlike persoonskaarte dra, en ook omdat daar herkomsverskille is. Hy vervolg:

> Benewens hierdie twee groepe Kleurlinge (Christene en Moslems) is daar ook nog 'n kleiner groepie, die Kaapse Maleiers, almal Moslems, wat op grond van hulle geloofsoortuigings (my kursivering) 'n betreklik geslote gemeenskap met 'n aparte herkoms vorm, hoewel daar tog ondertrouery tussen hulle en Moslem-Kleurlinge plaasvind. Hoewel daar verskeie ooreenkomstige gebruike by Kleurlinge en Maleiers is, onder andere taalgebruik en godsdiens in ten minste sommige gevalle, is Maleiers nie in hierdie ondersoek betrek nie, omdat hulle as unieke sosiale groep met heelwat eiesoortige gebruike 'n bykomende dimensie aan die ondersoek sou verleen ... (1976: 7).

In die huidige ondersoek word daar geen onderskeid getref tussen Maleiers en Moslem-Kleurlinge nie (sien p.6). In die enkele gevalle waar daar wel sprake sou kon wees van so 'n onderskeid in die ondersoekgroep, is die bekeerling tot Islam deur huweliksluiting heeltemal in die Maleiergemeenskap geassimileer.

Klopper het as linguistiese veranderlikes die postvokaliese /r/, /œ i/, sillabe-aanvangs-/j/ en /k/ (as deel van die verkleiningsmorfeem) gebruik en as sosiologiese veranderlikes sosio-ekonomiese status, geslag, ouderdom en geloof. Deur die verspreiding van die variante (as allofone) by verskillende

Hoewel C. van Schalkwyk (1969) se fonologiese ontleding van die Afrikaans van Kleurlinge in Bellville-Suid binne die raamwerk van die algemene taalteorie besliste raakpunte toon met verskynsels wat ook in Maleier-Afrikaans aanwesig is, is R.M. Klopper (1976) se magister-verhandeling die eerste studie oor Afrikaans wat (a) binne die teoretiese raamwerk van die variasie-linguistiek onderneem is volgens die navorsingsprosedure wat deur Labov (1966a) ontwikkel is, en (b) 'n sistematiese ontleding verteenwoordig van die taalgebruik van o.a. die Moslems in die Kaapse Skiereiland. Klopper onderskei tussen Moslem-Kleurlinge en Maleiers op grond van die feit dat hulle afsonderlike persoonskaarte dra, en ook omdat daar herkomsverskille is. Hy vervolg:

> Benewens hierdie twee groepe Kleurlinge (Christene en Moslems) is daar ook nog 'n kleiner groepie, die ... Kaapse Maleiers, almal Moslems, wat op grond van hulle geloofsoortuigings (my kursivering) 'n betreklik geslote gemeenskap met 'n aparte herkoms vorm, hoewel daar tog ondertrouery tussen hulle en Moslem-Kleurlinge plaasvind. Hoewel daar verskeie ooreenkomstige gebruike by Kleurlinge en Maleiers is, onder andere taalgebruik en godsdiens in ten minste sommige gevalle, is Maleiers nie in hierdie ondersoek betrek nie, omdat hulle as unieke sosiale groep met heelwat eiesoortige gebruike 'n bykomende dimensie aan die ondersoek sou verleen ... (1976: 7).

In die huidige ondersoek word daar geen onderskeid getref tussen Maleiers en Moslem-Kleurlinge nie (sien p.6). In die enkele gevalle waar daar wel sprake sou kon wees van so 'n onderskeid in die ondersoekgroep, is die bekeerling tot Islam deur huweliksluiting heeltemal in die Maleiergemeenskap geassimileer.

Klopper het as linguistiese veranderlikes die postvokaliese /r/, /œ i/, sillabe-aanvangs-/j/ en /k/ (as deel van die verkleiningsmorfeem) gebruik en as sosiologiese veranderlikes sosio-ekonomiese status, geslag, ouderdom en geloof. Deur die verspreiding van die variante (as allofone) by verskillende

sosiale parameters en in verskillende gebruikstyle te bestudeer, het hy daarin geslaag om die onderliggende, reël= matige variasiesisteem, oftewel sosiale stratifikasie van die ondersoekgroep se taalgebruik, bloot te lê. Hy kon ook beduidende bevindings maak wat betref die moontlike evolusie van Kleurling-Afrikaans, deur onder meer te verwys na die druk van die arbeidersklas, wat neig om nie-standaardvorme te bestendig, en ook die druk van bo, nl. toenemende kontak met standaard-moedertaalsprekers, wat veral in formele situasies neig om die frekwensie van gestigmatiseerde vorme te verminder. Terwyl Kleurling-Afrikaans in die rigting van standaard-Afrikaans evolueer, gaan die tempo van taalevolusie o.a. bepaal word deur watter een van die twee vorme van sosiale druk op die lang duur die sterkste is.

Uit hierdie kort oorsig is dit duidelik dat daar benewens Klopper (1976) nog nie sistematiese aandag binne die raamwerk van die variasionele linguistiek aan die taalgebruik van die Bruin gemeenskap van Kaapstad in die algemeen en die taalgebruik van die Maleiers in die besonder gegee is nie. Dit tesame met die feit dat, sover bekend, daar nog nie in 'n soortgelyke ondersoek hier te lande van grammatiese veranderlikes, en ook elders van die onderhoudsituasie as veranderlike gebruik gemaak is nie, is 'n belangrike motivering vir 'n ondersoek van hierdie aard onder die Maleiergemeenskap.

1.3 Teoretiese aannames

Hoewel daar by sommige taalkundiges nog bedenkinge bestaan oor die wetenskaplike aard van die linguistiek (vgl. Gray 1980: 20), word dit nie deur toonaangewende eksponente van òf die generatiewe, òf die sosiolinguistiese benadering in twyfel getrek nie. Onderliggend aan die aanvaarding daarvan, is 'n bepaalde beskouing omtrent die wetenskaplike metode, wat die gebruik van logiese argumentasieprosedures

veronderstel. In die linguistiek, soos by die natuur= wetenskappe, word daar, dikwels onbewustelik, om 'n verband te lê tussen empiriese waarneming en beskrywing en teorie, 'n keuse gemaak tussen induktiewe en deduktiewe argumentasie. Induksie lê 'n oorsaaklike verband tussen individuele verskynsels en feite aan die een kant en beperkte hipoteses aan die ander, en lei verder tot meer inklusiewe hipoteses omtrent voorspelbare verskynsels en feite. Beperkte teorievorming kan hieruit voortvloei in die sin van sistematiese versameling van data en die veralgemening van individuele hipoteses. Wunderlich (1979:100) identifiseer drie komponente van induksie met betrekking tot taalteorie, t.w. (1) abstrahering, (2) klassifiserende veralgemening en (3) hipotetiese veronderstellings. Medawar, wat sterk steun op die werk van K.R. Popper (Medawar 1972: 45-46), wys op die tekortkomings van die induktiewe benadering, en lê veral klem op die verwarring tussen die prosesse van hipotesevorming ("discovery") en die validering of bevestiging ("justification") van sulke hipoteses:

> In the inductive view, it is the process of getting an idea or formulating a general proposition that can be logically reasoned out. It follows that, in the inductive scheme, discovery and justification form an integral act of thought. That which leads us to form an opinion is also that which justifies our holding the opinion ... Inductivism confuses, and a sound methodology must distinguish the process of discovery and of justification (1972: 25,40).

Die deduktiewe benadering, aan die ander kant, behels die afleiding van individuele hipoteses van 'n voorveronderstelde teorie. Sulke hipoteses is uiteraard kwesbaar, en die weerlegging van enigeen deur toetsing aan die (taal-)feite moet lei tot 'n aanpassing van die teorie (vgl. Wunderlich 1979: 98). Op sigself is die weerlegbaarheid van 'n hipotese egter, volgens Medawar (1972: 51), geen tekort= koming nie:

> Popper takes a scientifically realistic view: it is the daring, risky hypothesis that might so easily not be true, that gives us special confidence if it stands up to critical examination.

Dit blyk hieruit dat die gebruik van (hipoteties-)deduktiewe argumentasie hom by uitstek leen tot die postulering van 'n model vir grammatikabeskrywing, deurdat die voorspellings= krag van die model geleidelik verhoog kan word deur toetsing aan die taalfeite. Hierdie benadering verbind die linguis egter tot die soeke na universele abstrakte waarhede omtrent taal wat as basis dien om via reëlreekse by die vasstelling van individuele feite uit te kom. Dit is die uitsluiting van hierdie soeke (as nie-logiese handeling) uit die hipoteties-deduktiewe raamwerk wat deur Medawar as die vernaamste tekortkoming daarvan beskou word:

> The major defect of the hypothetico-deductive scheme, considered as a formulary of scientific behavior, is its disavowal of any competence to speak about the generative act in scientific enquiry, "having an idea", for this represents the imaginative or logically unscripted episode in scientific thinking, the part that lies outside logic (Medawar 1972: 55).

Die problematiek rondom die konsepsie van hipoteses word egter nie as 'n struikelblok beskou deur 'n filosoof soos C.S. Peirce nie. Miller, met verwysing na Peirce, gebruik die term 'abduksie' om die proses te beskryf:

> By deduction we begin with a rule and argue for the existence of a case. By induction we start with cases of a kind and infer a rule, a generalization. But ... by abduction we formulate an hypothesis aimed at explaining a phenomenon or a kind of a pheno=menon. (Miller 1981: 45).

Abduksie is dus die kreatiewe denk-handeling, gebaseer op (preteoretiese) waarneming, waardeur 'n hipotese kan ontstaan. Wanneer so 'n hipotese dan deur toetsing aan die data gevalideer word, kan dit voorlopig as teoreties toereikend beskou word vir die verklaring en voorspelling

van konkrete feite. Vir die sosiolinguistiek is die abduktiewe metode by uitstek geskik, aangesien die teorie nie per se uit die data herleibaar is nie, maar juis die data verklaar deur inagneming van die breër sosiale konteks waarin taalgebruik voorkom.

In 'n bespreking van die wetenskaplike aard van die linguistiek, omskryf Hall (1981: 221) die 'wetenskaplike metode' as

> a method for arriving at statements which brook contradiction, concerning only phenomena which are accessible to human observation or are deducible on the basis of observation; whose existence is assumed only on the basis of hypotheses which can be tested, checked and confirmed (or disconfirmed) by procedures accessible to all observers; and whose function in the study or discussion of the universe is never considered permanently undeniable or irrefutable.

Soos uit die volgende hoofstukke sal blyk, is die werks= metode wat in die onderhawige studie gebruik is, 'n uitvloeisel van hierdie epistemologiese verkenning en in ooreenstemming met die basiese vereistes wat in die omskrywing van Hall hierbo gestel is.

1.4 Die werkshipoteses

Die werkshipoteses, wat gebaseer is op bestaande sosiolinguistiese aannames sowel as persoonlike abduksie (t.o.v. hipoteses 3 en 4), en wat in hierdie studie sistematies aan die datakorpus getoets gaan word, is die volgende:

1. Die taalgebruik van enige gemeenskap is sosiaal gestratifieer op fonologiese en grammatiese vlak.
2. Taalveranderingstendense kan uit variasiepatrone afge= lei word.

3. Taalpragmatiese faktore beïnvloed die frekwensie van kwantifiseerbare linguistiese korrelate van situasie- en stylverskuiwing.
4. Die aanspreeksisteme van taalgemeenskappe is 'n linguistiese weerspieëling van die sosiale norme wat die hiërargiese struktuur van die gemeenskap bepaal.

1.5 Slotopmerking

Terwyl in hierdie hoofstuk deur 'n bespreking van vergelykbare studies plaaslik en oorsee aangetoon is binne watter teoretiese raamwerk die ondersoek en die interpretasie van gegewens plaasvind, sal daar in die volgende hoofstuk 'n uiteensetting van die metodologiese aspekte gegee word, en sal meer spesifieke hipoteses (wat op die ondersoekgroep as sodanig betrekking het) geformuleer word.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIE

> In order to give a satisfactory description of the problematic properties of linguistic units, the grammarian must have sufficient data about these units at his disposal ... The first main aspect of data collecting in grammatical inquiry is the recording of primary linguistic data about whatever it is that is problematic. (R.P.Botha 1981: 67).

2.1 Voorondersoek

Aanvanklik is daar beplan om Afrikaanssprekende Bruinmense van alle religieuse oortuigings wat in die Skiereiland woon, by die ondersoek te betrek, en gedurende Desember/Januarie van 1981/82 is daar tydens 'n voorondersoek kassetopnames gemaak van 47 onderhoude wat in die Kaapstadse voorstede Elsiesrivier, Belhar en Glenhaven (31), sowel as in die Bo-Kaapse Maleierbuurt (16) gevoer is. As gevolg van die behoefte om die ondersoek te rig op so 'n duidelik afgebakende taalgemeenskap as moontlik, en in die lig van die samebindende aard van godsdiensverband by die Maleiergroep (vgl. p.6, asook Klopper 1976: 7), het ek besluit om die ondersoekgroep te beperk tot die Moslemgemeenskap in die Kaapse Skiereiland. Daarbenewens het dit geblyk dat Moslems bereid is om met groot openhartigheid teenoor 'n buitestaander oor kultureel-religieuse sake 'n gesprek te voer, 'n faktor wat die verkryging van relatief groot hoeveelhede omgangstaaldata ("vernacular data") in die hand werk. Dit is juis dié faktor wat by vorige ondersoeke 'n belangrike struikelblok verteenwoordig het (vgl. Labov 1966a:98-100, Kruger 1976: 93-99, e.a.) en aanleiding gegee het tot die ontwerp van tegnieke om die sg. 'waarnemersparadoks' te

bowe te kom (Labov 1972b: 113).

In die onderhoude wat tydens die vooronderskoek gevoer is, is slegs gesprekstyle ontlok, en wel deur middel van tematiese variasie, nl. deur die patroonmatige afwisseling van gesprekstemas in elke onderhoud. Die afbakening van afsonderlike style op dié wyse is egter nie sonder probleme nie. In verband met stylafbakening merk Bell (1976) op:

> ... where 'English' consists of a continuum of ... (styles) ... without clear natural breaks between them ... description becomes extraordinarily complicated (p. 113) (Vgl. ook Labov 1966a:113).

Die mees betroubare afbakening van style word dus nie bloot deur tematiese variasie bewerkstellig nie, maar deur 'n meer markante verskil in formaliteit, wat teweeggebring word deur die afwisseling van gespreks- en leesstyle (vgl. ook Trudgill 1974b: 111).

Die vooronderskoek het gelei tot 'n verfyning van die metodologie om bogenoemde en ander probleme te bowe te kom, en die data wat op dié wyse versamel is, sal dien as kontrole vir gevolgtrekkings wat op grond van die hoofondersoek gemaak word.

2.2 Ontwerp van die steekproef

Die statistiese teorie van steekproewe word omskryf as die studie van verhoudings tussen 'n populasie (of universum), van watter aard ook al, en steekproewe wat van so 'n populasie gemaak word (Spiegel 1972: 141). Indien die steekproef aan sekere voorwaardes voldoen, kan afleidings omtrent bepaalde kenmerke van die populasie binne vasgestelde betroubaarheidsperke gemaak word. Belangrike voorwaardes in dié verband is (1) dat die steekproef op toevallige en gelykkansige wyse saamgestel moet word, en

(2) dat dit so groot as prakties moontlik moet wees (Du Toit 1975: 96). Omdat 'n populasie deur duidelik omskrewe grense beperk word (bv. alle mans in 'n gegewe ouderdomsgroep en binne 'n bepaalde geografiese streek), sal die gelykkansig= heid deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed word en die teoretiese grootte van die betrokke populasie dienooreen= komstig afneem. Daarby het die hoeveelheid data wat per lid van die ondersoekgroep verkry word, ook praktiese implikasies wat die steekproefgrootte betref.

Wanneer 'n sosiolinguistiese steekproef ontwerp word, speel die wyse van dataverkryging en die aard van die data 'n bepalende rol. Dit sou bv. die waarde van die data nadelig beïnvloed indien gelykkansigheid by respondentseleksie ten koste van 'n toereikende en verteenwoordigende spraak= monster beklemtoon word. Met inagneming van die empiries bewese reëlmatigheid van taalgedrag (vgl. Ammon 1974: 33, 168; Labov 1966a:105; en Labov 1970b:166), sou dit belangriker wees om binne die getalsbeperking van die totale steekproef 'n optimale mate van verteenwoordigendheid by die onderskeie subpopulasies te verseker. Die uitgangspunt wat in hierdie ondersoek gevolg is by die ontwerp van die steekproef was primêr om 'n eweredige verspreiding van respondente te bewerkstellig met betrekking tot die onderskeie sosiale en taalpragmatiese (of kontekstuele) veranderlikes wat betrek is. 'n Beperking van hierdie be= nadering is dat die spraakmonsters wat verkry word, nie noodwendig beskou kan word as verteenwoordigend van die taalgebruik van die populasie as geheel nie. Die voordele weeg egter swaarder as dit in verband gebring word met die vernaamste doelstellings van hierdie proefskrif, nl. om variasiepatrone te ondersoek in die taalgebruik van Maleiers in die konteks van sosiale groeperings wat in die gemeenskap geld. In hierdie verband sê L.Milroy (1980:38):

> What is clear is that different methods have different strengths and weaknesses and that any

> investigator needs to look carefully at his objectives before he chooses one or another.

Die waarde van 'n gestratifieerde steekproef vis-à-vis 'n gelykkansige steekproef word onder meer deur Goode & Hatt uiteengesit:

> While stratified sampling ... improves representative= ness it allows the use of a smaller sample than does simple random sampling, with greater precision and consequent saving in time and money (1952: 221). (Vgl. ook Romaine 1982: 111-112)

2.2.1 Beskrywing van die ondersoekgroep

Die ondersoekgroep bestaan uit 59 respondente: 29 vroue en 30 mans, met ouderdomme wat wissel van 15 tot 75, versprei soos volg: 29 ouer as 40 en 30 jonger as 30 jaar. (Sien Bylae A.) As kontrole word daar ook van die volgende materiaal gebruik gemaak: opnames van onderhoude met 16 Moslems (14 mans en 2 vroue) wat ses maande voor die hoofondersoek gemaak is (sien par. 2.1), 10 opnames van "preke" deur verskillende imams, en opnames van onderhoude met 19 Moslems wat deur veldwerkers van die RGN gedurende die Raad se "Taalondersoek in die RSA" (Projek TL 22) gedurende 1979 gemaak is. Van lg. groep is slegs ongeveer die helfte bruikbaar vir taalkundige ontleding, hoofsaaklik as gevolg van die gebruik van 'n verskeidenheid veldwerkers van wisselende bekwaamheid. Dit het bv. meegebring dat persoonlikheids- en ander faktore die onderlinge vergelyk= baarheid van die opnames versteur, of dat daar bloot nie voldoende taalmateriaal in die gesprekstyl opgeneem is nie. Nietemin is daar transkripsies gemaak van die bruikbare opnames, wat met kontekstueel vergelykbare opnames in die hoofondersoek vergelyk sal word. Ten einde 'n maatstaf vir die ongeïnhibeerde omgangstyl neer te lê, is heimlike[13]

13) Vgl. par. 2.2.2.2

opnames by drie geleenthede gemaak van intra-groepsgesprekke, twee tydens die tradisionele damspel en een tydens 'n informele familie-byeenkoms.

Die gesprekke met respondente het dikwels gehandel oor die lewensaard en gewoontes van die Maleiergemeenskap, en so= doende is goeie insigte verkry, nie alleen in die omstandig= hede van die ondersoekgroep nie, maar ook in dié van die Maleiergemeenskap in die breë. As gevolg van die omvattende aard van die Islamitiese etiese kode, word feitlik alle aspekte van die Moslem se daaglikse lewe daardeur geraak. Benewens die vyf gebedstye, nl. voor sonop (soeboeg), net ná middag (thur), in die agtermiddag rondom vieruur (asr), net ná sononder (magrieb), en 65 minute later (i-shaai), wat deur die bilal vanuit die masjied (moskee) aangekondig word, en wat deur 'n rituele reiniging (abdas) voorafgegaan word, bestaan daar 'n totale verbod op die gebruik van alkohol en word elke gelowige verplig om gedurende die maand van Ramadan van sonop tot sononder te vas (pwasa). Dit sluit voedsel, drank en rook in. Die klem val op geestelike verdieping, onder andere deur toepaslike gedeeltes uit die Qur'an voor te dra (te batja) en voorskrifte van die Profeet (Nabi Mohammed) wat nie verpligtend (fard) is nie, na te kom. Wanneer die vastyd saans verby is, word eetgoed na bure en minderbevoorregte medegelowiges gestuur as uitdrukking van mededeelsaamheid en solidariteit met die res van die Moslemgemeenskap.

Die gemeenskaplike lewenstyl van alle Moslems word saamge= vat deur die sg. vyf pilare van Islam: (1) die geloof in Allah en sy Profeet Mohammed; (2) die nakoming van die daaglikse gebedstye (whaktoes); (3) die vas gedurende Ramadan; (4) die gee van aalmoese, wat 'n vasgestelde persentasie van die gelowige se inkomste verteenwoordig; en (5) die pelgrimstog na Mekka, indien moontlik. Op dié wyse word die gemeenskapstruktuur op 'n verskeidenheid maniere verstewig, wat meebring dat die Maleiers

linguisties nie alleen deur 'n eiesoortige kultureel-religieuse leksikon gekenmerk word nie, maar dat taalnorme ook op die fonologiese en sintakties-morfologiese vlak nie aan dieselfde evolusionêre druk van standaard-Afrikaans onderhewig is as wat die geval is by die res van die Bruin gemeenskap in die Kaapse Skiereiland nie. (Vgl. Klopper 1976: 76-81 en Milroy 1981: 19; asook Labov se beskrywing van "pressures from above" en "pressures from below" - 1966a:491 e.v.) Dit veroorsaak onder andere ook dat daar nie 'n hoë premie geplaas word op leksikale suiwerheid in Afrikaans nie, sodat Engelse ontlenings, veral as gevolg van kontekstueel-pragmatiese oorwegings, vrylik voorkom. Dit hang ook saam met die prestige-waarde wat(ten tye van die ondersoek)aan Engels toegeken word, veral by die polities bewuste sprekers.

Alhoewel diglossie nie in hierdie proefskrif onder die loep geneem word nie, kan uit die getuienis van lede van die ondersoekgroep tog afgelei word dat die keuse van Engels as voertaal in bepaalde kontekste (bv. teenoor vreemdelinge en in amptelike korrespondensie) op 'n situasie van diglossie dui. Ook die keuse van aanspreekvorme (waaroor meer in hfst. 5) teenoor vreemdelinge, veral die amptenary, kondisioneer dikwels die gebruik van Engels ten koste van Afrikaans, soos uit die volgende aanhaling uit 'n onderhoud blyk:

> Byvoorbeeld, as ek met 'n polisieman moet praat ... nou dink ek in my gedagte, wel, u is nou die amptenaar. Hy dink nou hy's die wet, hy's die regering. Hulle praat mos sommer wild en wakker met jou. Hulle dink min van jou. Hulle handel vir jou baie laag, beskou jou baie laag aan. Nou as jy Afrikaans met hom wil gaan praat, dan moet jy 'meneer', verstaan. 'Nee, meneer' en 'ja, meneer'. Jy moet hom nou eer, verstaan. Nou praat ek Engels met hom same. Nou kan ek hom 'jy' en 'jou'. In sulke omstandighede, by= voorbeeld in poskantore ook, waar ek nou oor die toonbank met die klerk moet praat, dan praat ek Engels met hom, verstaan, net om nie vir hom daai eer te gee om vir hom te 'meneer' in Afrikaans nie. Maar in

Engels kan ek vir hom "you" ...

2.2.2 Sosiale stratifikasie van die ondersoekgroep

Terwyl die sosiale solidariteit van die Maleiergemeenskap (soos geëksemplifieer deur die ondersoekgroep) in 'n hoë mate deur die gemeenskaplike godsdiensverband verstewig word, is daar ander maatskaplike faktore wat lang-gevestigde strukture (oor eeue opgebou) laat verbrokkel het. Voordat die Industriële Revolusie gedurende die eerste kwart van die 20ste eeu in Suid-Afrika posgevat het, was die Maleiers bekend as vaardige vakmanne (bv. silwersmede, skrynwerkers en kleremakers), en het as sodanig 'n hoë posisie in die maatskappy beklee. Deur meganisasie het die belangrikheid van individuele vakmanskap egter op die agtergrond geskuif en het die sosiale status van die betrokkenes daaronder gely. Saam met die proses van sosiale agteruitgang by 'n deel van die gemeenskap, as gevolg van toenemende meganisasie, vind daar 'n verbreding van die sosiale spektrum plaas deur die toetrede tot professionele betrekkings in die privaat- en openbare sektor van 'n groeiende aantal Maleiers. Uiteraard word die sosiale afstand tussen lede van die gemeenskap hierdeur vergroot en gemeenskaplike sosiale verkeer verminder - 'n verdere faktor wat verbrokkeling in die hand werk. Die tweede faktor is van meer onlangse oorsprong. Deur die toepassing van die Groepsgebiedewet in 1966 en daarna is talle Maleiers wat eiendomme in gevestigde buurte besit het, verplig om hulle eiendomme onwinsgewend te verkoop en na minder gegoede areas te verhuis, waar hulle aanpassings moes maak ten opsigte van lewenspeil en die opvoeding van hulle kinders. Dit is veral die residensiële verstrooiing van heg-verbonde gemeenskappe wat vasgelegde sosiale patrone omvergewerp het. Milroy (1980) meld dat kennis van sodanige patrone en konflikte wat as gevolg van gemeenskapsverbrokkeling ontstaan, van veel betekenis vir die taalkundige navorser kan wees. Sy maak in dié verband melding van die versteurende uitwerking wat grootskaalse

verhuising op 'n tradisionele gemeenskap kan hê, oftewel

> ... the collapse of the characteristic neighbourhood interactional pattern when a traditional working-class community is moved to the suburbs, several miles from the old neighbourhood (p. 16).

Teenstrydighede in die interaksionele of taalgebruikspatrone van so 'n groep kan dus in baie gevalle na revolusionêre veranderings in die maatskaplike omstandighede van die betrokke sprekers teruggevoer word. Indien die norme vir sosio-ekonomiese stratifikasie wat in vorige ondersoeke neergelê is (vgl. o.a. Labov 1966a:213), ook hier toegepas word, sou sulke teenstrydighede ook blyk uit korrelasies tussen klas en taalgebruik. Sosiale norme wat volgens westerse standaarde 'n persoon in 'n bepaalde sosio-ekonomiese kader sou plaas, geld egter nie sonder meer in die Maleiergemeenskap nie. Kultureel-religieuse waardes speel dikwels 'n bepalende rol by die interne sosiale stratifikasie van dié gemeenskap, bv. afkoms (assal) van 'n hoogaangeskrewe familie, en vroomheid/opregtheid (tartiepskap) in die alledaagse omgang, gesien vanuit 'n godsdienstige oogpunt. Uit die aard van die saak het hadji's (wat die pelgrimstog meegemaak het), imams en sjegs hoë aansien, iets wat ook in die gebruiklike aanspreekvorme weerspieël word (vgl. hfs.5). Aan die ander kant word daar bv. neergesien op persone van wie dit bekend is dat hulle drank gebruik, en dus nie juis tartiep is nie. Vanweë die situering van hierdie gemeenskap binne 'n oorwegend westers-geöriënteerde milieu, geld materiële, opvoedkundige en sosio-politiese maatstawwe uiteraard ook as sosiale norme. Outeurs soos Cilliers (1971:34) en Van der Ross (1973: 3-10) wys daarop dat etniese kenmerke in die sosiale stratifikasiestelsel van die Kleurlinge (beide gebruik die term "Coloureds") 'n belangrike rol speel. Persoonlike navraag het bevestig dat hierdie maatstaf eweneens by Maleiers geld, maar deel vorm van 'n meer verwikkelde stratifikasiestelsel. In die lig van die opmerkings hierbo, kan die westers-geöriënteerde kriteria

nie per se as voldoende of betroubaar beskou word by die kategorisering van die ondersoekgroep nie. Daarom word daar in hierdie ondersoek ook op 'n eksperimentele wyse gebruik gemaak van indekswaardes vir die assal en tartiepskap van elke respondent, gebaseer op inligting wat op indirekte wyse bekom is.

2.2.2.1 Sosiale veranderlikes (parameters)

In hierdie paragraaf sal die keuse van en motivering vir die gebruik van die sosiale veranderlikes wat in hierdie ondersoek gebruik word, kortliks uiteengesit word.

Eerstens word die distribusie van die linguistiese veranderlikes op grond van geslag ondersoek. Die hipotese waarop so 'n vergelyking berus, is die volgende: "Maleier= vroue is meer sensitief as -mans vir die sosiale prestige= waarde van standaardvorme." Die implikasie daarvan is dat 'n duideliker stratifikasiepatroon by hulle waargeneem be= hoort te word, veral as gevolg van hiperkorreksie in die meer formele style (vgl. Labov 1966a:312). Die hoër indeks vir prestige-variante wat by vroue waargeneem behoort te word, kan ook taalveranderingsimplikasies hê. Met verwysing na Trudgill se Norwich-ondersoek, merk Chambers & Trudgill die volgende op in hierdie verband:

> Indeed, what we know of the relationship between sex and language tells us that if a linguistic change is taking place in the direction of the prestige variety it will be spearheaded by middle class women, while changes away from the prestige norm ... will have working class men in the vanguard (1980: 97-98).

Tweedens word die distribusie van die linguistiese veranderlikes op grond van ouderdom ondersoek. Die hipotese waarop so 'n berekening berus, is die volgende: "Indien sistematiese kovariasie van ouderdomsverskille en styl= verskuiwing radikaal versteur word, is dit 'n sterk aanduiding van opgangsynde taalverandering in die Afrikaans

van Maleiers." Hierdie hipotese hang saam met die (eweneens hipotetiese) gelykstelling van skynbare tyd en werklike tyd (vgl. par. 4.2.1, asook Chamber & Trudgill 1980: 163 en Bynon 1979: 206), waaroor later meer.

Ter illustrasie kan fig. 3 (wat sistematiese kovariasie voorstel) met fig. 4 (wat 'n duidelike versteuring voorstel) vergelyk word.




Fig.3: Norwich-(ng) volgens ouderdom en styl (Chambers & Trudgill 1980: 91)




Fig. 4: Norwich-(ir) volgens ouderdom en styl (Chambers & Trudgill 1980: 94)

Fig. 4 toon dat die uitspraak-indeks van (ir) (bv. [ba:d] vir bird) slegs by die ouer groepe die normale kovariasie= patroon volg (toename in die nie-standaardvorme), terwyl dit by die jonger groepe in alle style feitlik heeltemal verdwyn het. Die omgekeerde proses kan ook aangetoon word (selfs sonder enige oorkruising van die stilistiese stratifikasiepatroon), soos in fig. 5:




Fig.5: Norwich-(e) volgens ouderdom en styl (Chamber & Trudgill 1980: 93)

By die jongste groep (10-19 jr.) is daar 'n buitengewoon hoë vlak van vokaal-sentralisering (wat 'n nie-standaardkenmerk verteenwoordig), terwyl die normale patroon by die ouer groepe te bespeur is. Dit dui dus, in terme van skynbare tyd, op 'n fonologiese verandering weg van die standaard-norm af.

Met inagneming van ander faktore, soos die invloed van portuurgroepdruk (by kinders en adolessente) en die nood= saaklikheid of oorbodigheid van konformering met prestige-norme by onderskeidelik middeljariges en bejaardes, is data wat afwykende patrone weerspieël, sterk getuienis dat 'n veranderingsproses ten opsigte van die betrokke taal= veranderlike nie uitgesluit kan word nie.

Derdens word die distribusie van linguistiese veranderlikes op grond van sosio-ekonomiese en sosio-kulturele stratifi= kasie ondersoek. Lidmaatskap van sosiale en sosio-ekonomiese groepe kan beskou word as die buitelinguistiese veranderlike wat sentraal staan in stedelike ondersoeke wat tot op hede uitgevoer is (vgl. Labov 1966a,Klopper 1976, Santerre & Millo 1978, Laberge 1978). Indien die maatstawwe wat aan= gelê is om sulke groepe af te baken, egter vergelyk word, blyk dit dat daar geen eenvormige benadering bestaan ten opsigte van die probleem nie. Verskeie faktore, alleen of in kombinasie, is reeds ingespan om spraakgemeenskappe op 'n lineêre skaal sosiaal te stratifieer, waaronder beroep, inkomste, opvoedingspeil, behuisingstipe en woonplek. Indien die gemeenskap beskou word as 'n multidimensionele matriks waarin die individu homself situeer, is dit te begrype dat sosiale norme van groep tot groep sal verskil, en daarmee saam ook die belangrikheid van faktore wat sosiale stratifikasie bepaal. Labov het deur eksperimentering vasgestel dat sommige kombinasies van faktore by die bepaling van sosio-ekonomiese klas beter korreleer met die voorkomspatroon van sekere taalveranderlikes as ander kombinasies (1972a: 115). Dit is dus duidelik dat sosiale

klas as abstrakte konstruk geen homogene begrip verteen= woordig nie. In hierdie ondersoek is beroep, woongebied en opvoeding, asook die oordeel van 'n plaaslike veldwerker op grond van intra-groepnorme, in aanmerking geneem en op 'n numeriese skaal verreken by die toewysing van 'n respondent aan onderskeidelik 'n hoër middelklas, 'n middelklas en 'n laer klas. Daar sal nietemin onder andere gepoog word om vas te stel watter demografiese faktore, afsonderlik of in wisselwerking, binne die Kaapse Maleiergemeenskap optree om onderskeibare sosio-ekonomiese groepe te vorm wat gemeenskaplike linguistiese kenmerke vertoon.

Die sosiale norme wat in hierdie gemeenskap geld, hang - soos in die vorige paragraaf uiteengesit - in 'n groot mate saam met die religieuse raamwerk waarbinne die Maleier sy daaglikse lewe inpas. Dit bring mee dat ook op sosiale vlak 'n eiesoortige hiërargie in die maatskappy bestaan, 'n hiërargie wat ten opsigte van individue bepaal word deur die integrasie van die betrokkene by die sosio-religieuse raamwerk waarvan hy deel vorm.[14] Vir die Maleier sou dit bv. bepaal word deur gedragspatrone wat sy vlak van integrasie weerspieël, soos lidmaatskap van 'n jamaa (Qur'an-studiegroep), getroue nakoming van die etiese voorskrifte met betrekking tot vas, gebedstye en aalmoese, en, uiteraard, 'n 'klerikale' posisie as bilal, imam of sjeg. Nog 'n faktor is die voltooiing van die pelgrimstog en, meer sekulêr, die beresenheid wat dit meebring. Al hierdie faktore (saam met die indirek verkreë inligting met betrekking tot assal en tartiepskap) is vir elke respondent verreken op 'n numeriese skaal wat 'n groepering in drie sosio-religieuse klasse moontlik gemaak het: Hoog, middel en laag.

Die hipotese wat getoets sal word, is:

---

14) Vgl. par. 2.3.1, asook Milroy 1980: 132-134.

"Sosio-religieuse faktore speel 'n belangriker rol ten opsigte van taalgebruiksverskille by die Maleiergemeenskap as sosiale stratifikasie volgens Westerse maatstawwe."

Vierdens word die voorkoms en verspreiding van linguistiese veranderlikes op grond van geografiese plasing binne die Kaapse Skiereiland ondersoek. Vir die doeleindes van die ondersoek word 5 areas onderskei: (1) die Bo-Kaap (wat Schotsche Kloof en die Maleierbuurt insluit); (2) die Onder-Kaap (wat Woodstock, Soutrivier, die voormalige Distrik Ses en Athlone insluit); (3) die Walmer-landgoed (aangrensend aan Distrik Ses); (4) die Vlakte (Heideveld, Manenberg, Hanoverpark en die Newfields-landgoed); en (5) die Suidelike Voorstede (Lansdowne, Retreat, Grassy Park en Schaapkraal). Die studie van lokaliteitsverskille het nog altyd 'n hoë mate van prioriteit by dialektoloë geniet, maar is nog selde by kwantitatiewe ondersoeke soos die huidige betrek.[15] Deur korrelasiepatrone aan te toon tussen woongebied en taalgebruik, sal onder andere vasgestel kan word of sosio-religieuse netwerke gelokaliseerd voor= kom. 'n Positiewe bevinding sal 'n groter mate van linguistiese heterogeniteit by die teikengroep bevestig ten spyte van die samebindende effek van die oorkoepelende kultureel-religieuse gemeenskapstruktuur. Die verbrokkeling en verstrooiing van tradisionele gemeenskappe (par. 2.2.1) dra normaalweg by tot die neutralisering van taalverskille, en daarom sal 'n positiewe korrelasie des te meer gewig dra.

Die hipotese wat in verband met hierdie veranderlike gestel word, is 'n negatiewe:

"In die Skiereilandse Maleiergemeenskap is daar as gevolg

---

15) Labov (1966a) bring tog die data vir die sg. "out of town"-respondente in berekening, terwyl Trudgill (1974) ook verskille (wat betref /h/-weglating) tussen Norwich en die omliggende platteland aantoon.

van sosiale en kultureel-religieuse faktore weinig verband tussen lokaliteit en taalvariasie."

2.2.2.2 Die stylfaktor

Reeds in 1962 het Orton, met verwysing na die veldwerk= metodes wat gebruik is in die Survey of English Dialects, melding gemaak van die feit dat taalgebruik volgens die situasie kan varieer:

> the inhabitants of the English countryside can readily adjust their natural speech to the social situation in which they find themselves (p. 15).

Styl, in die sosiolinguistiese sin van die woord, kan ge= definieer word as die geheel van taalgebruiksvariante wat by 'n bepaalde situasie tuishoort.(Bell (1976: 113) beskou terme soos 'formeel' en 'informeel' as beskrywend van die situasie, eerder as van die taalgebruik self.) Benewens die suprasegmentele kenmerke wat tipies is van verskillende style (vgl. Labov se sg. "channel cues" - 1966a:109-110), word die graad van formaliteit wat in elke styl geld, weerspieël deur die relatiewe frekwensie van sekere strukturele elemente. Die graad van formaliteit word weer bepaal deur die mate van aandag wat die spreker aan sy taalgebruik bestee. Labov som dit soos volg op deur sy sg. "principle of attention":

> Styles can be ordered along a single dimension, measured by the amount of attention paid to speech (1972b: 112).

Om 'n vergelyking te tref tussen individue of groepe is dit dus noodsaaklik om dié op ooreenstemmende style te baseer. Dit beteken egter nie noodwendig dat sprekers wat gemeen= skaplike taalnorme besit, dit in elke styl konsekwent toepas nie. Hier geld die omgangstylbeginsel:

> The style which is most regular in its structure and in its relation to the evolution of language is the

> vernacular, in which the minimum attention is paid to speech (Labov 1972b: 112).

Bewustelike korrigering weg van die omgangstaalnorm na die standaardnorm toe (by meer behoedsame style) is meestal sporadies, en in baie gevalle gee dit aanleiding tot hiper= korreksie, met ander woorde 'n oorskatting van en oor= kompensasie vir die verskil tussen omgangstaalnorm en standaardnorm. Die belangrikste styl vir die taalondersoeker is dus die omgangstyl:

> This most spontaneous, least studied style is the one that we as linguists will find the most useful as we place the speaker in the overall pattern of the speech community (Labov 1972b: 112).

Die ironie van die saak is dat, terwyl dit die styl is wat die meeste deur sprekers gebruik word, dit die moeilikste is om waar te neem, juis omdat sigbare of bewustelike waarneming van 'n persoon se taalgebruik die onbewaaktheid daarvan ver= nietig. Dit is dan ook die sosiolinguis se dilemma, of wat Labov die 'waarnemersparadoks' noem: Om die data te verkry wat die belangrikste is vir taalteorie, moet ons waarneem hoe mense praat wanneer hulle nie waargeneem word nie (1972b: 113). Metodologies is dataverkrygingsprosedures dikwels hoofsaaklik gerig op die eliminering van die waarnemersparadoks, bv. deur die gespreksonderwerp in 'n rigting te stuur waar die aandag van die respondent deur emosionele betrokkenheid van sy taalgebruik afgelei word, deur 'n groepsgesprek onder portuurgroeplede te laat plaas= vind, deur die (toevallige) teenwoordigheid van gesinslede of vriende, en deur 'n heimlike opname te maak en die respondent daarná om sy toestemming te vra om die materiaal vir navorsing te gebruik. In hierdie ondersoek is 'n kombinasie van bg. metodes gebruik: 'n Gedeelte van die onderhoud is heimlik opgeneem, en nadat toestemming verleen is, die res openlik. Daarby het die konstante teenwoordig= heid (in twee-derdes van die gevalle) van 'n vriend of bekende

grootliks bygedra tot die natuurlikheid van die gesprek= situasie (sien par. 2.2.2.3). Blom & Gumperz (1972) het in dié verband vasgestel dat die normale werking van stilistiese reëls deur die teenwoordigheid van lede van die groep aange= help word, "regardless of the fact that strangers and a tape recorder are also present" (Vgl. ook Milroy 1980: 34).

In par. 2.2.3 word 'n uiteensetting gegee van hoe die ver= skillende style ontlok is, en word die opmerking wat hierbo gemaak is, verder toegelig.

2.2.2.3 Die ondersoeksituasie as taalpragmatiese veranderlike

Die onafhanklike veranderlikes wat in ondersoeke tot dusver gebruik is, was grotendeels op die respondent self gerig, en het betrekking op demografiese faktore wat hom/haar vir groeplidmaatskap van bepaalde kategorieë laat kwalifiseer. Daarbenewens is daar gepoog om stylvariasie deur middel van onderhoudstegnieke te manipuleer. Laastens is daar, met die oog op die verkryging van groot hoeveelhede omgangstaaldata, opnames van portuurgroepgesprekke gemaak (waartydens die deelnemers bewus was van die doel van die situasie). Sover bekend is daar egter nog geen ondersoek gedoen waarin die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n vriend of kennis (wat in die huidige ondersoek ook 'n veldwerker was) op 'n sistematiese wyse in die onderhoudsituasie ingebou is nie. Daar is in hierdie ondersoek soos volg te werk gegaan: Van die 59 onderhoude wat gevoer is, het ek persoonlik 22 waargeneem, 20 is in die vorm van vriendskaplike besoeke deur die veldwerker (wat aan almal bekend was) alleen ge= voer, en 17 het ek ná bekendstelling deur die veldwerker en in sy teenwoordigheid gevoer. Sodoende is 'n vergelykings= basis geskep wat drie situasioneel verskillende tipes onderhoude onderskei, en wat ook gekenmerk word deur 'n toenemende mate van formaliteit as gevolg van (in dié volgorde) (a) die afwesigheid, (b) die gesamentlike en (c) die uitsluitlike teenwoordigheid van 'n onbekende persoon.

Die hipotese wat deur die toepassing van hierdie veranderlike getoets word, is die derde werkshipotese, nl.

"Taalpragmatiese faktore beïnvloed die frekwensie van kwantifiseerbare linguistiese korrelate van situasie- en stylverskuiwing".

Deur die samewerking van die veldwerker is aansienlike hoeveelhede omgangstyldata bekom, deur middel van sowel heimlike as openlike opnames.

Labov onderskei hier tussen omgangs- of 'kasuele' styl, wat dui op die alledaagse spraak wat net in informele situasies voorkom en waar geen aandag deur die sprekers aan hulle taalgebruik bestee word nie, en die sg. 'spontane' styl, wat sporadies voorkom gedurende 'n onderhoudsituasie as ge= volg van faktore wat die begrensings van die formele situasie op die agtergrond skuif (1978: 86). Skematies stel hy dit soos volg voor:

Konteks:	Informeel	Formeel
Styl:	Kasueel	Behoedsaam/Spontaan

Spontane spraak kom dus voor in die formele konteks, nie as gevolg van die situasie nie, maar ten spyte daarvan. In hierdie ondersoek het spontane spraak so dikwels gedurende die openlike opname voorgekom dat daar dikwels feitlik geen verskil tussen die twee style was wat betref die distribusie van 'n bepaalde veranderlike nie, en in sommige gevalle was die frekwensie van die omgangstaal- (of gestigmatiseerde) variant selfs hoër by die openlike opname as by die heimlike opname. Situasionele faktore wat hier 'n rol gespeel het, was waarskynlik die sterker invloed wat die ontmoeting met 'n vreemdeling aanvanklik (gedurende die heimlike opname) het, en die geleidelike ontdooiing van die

respondent soos die gesprek vorder (ook gedurende die openlike opname), iets wat versterk word deur die teenwoordig= heid van die bekende. Dit is 'n welbekende proses:

> In the course of the interview, there is a steady process of familiarization which diminishes the formality of the context. (Labov 1966: 113).

2.2.3 Strukturering van die onderhoud

Om die vergelykbaarheid van die data te verseker, is elke onderhoud volgens 'n vasgestelde patroon gevoer. 'n Stel praktiese instruksies (sien Bylae B) vir die onderhoud is neergeskryf en daar is so noukeurig moontlik daarby gehou. Die onderhoud is gestruktureer met die oog op sistematiese stylvariasie: Eerstens is 'n informele gesprek gevoer, wat in die meeste gevalle gehandel het oor een of meer aspekte van die Maleier se kultuur en godsdiens. Die feit dat die veldwerk grotendeels tydens die maand van Ramadan plaasge= vind het, het as 'n gerieflike aanknopingspunt gedien om vrae te stel oor die pwasa (vas) en gebruike wat daarmee ge= paard gaan. Die tevoorskynbring van die kassetopnemer en verduideliking van die taal-aspek van die ondersoek het 'n abrupte stylverandering tot gevolg gehad, en die formele aard van die onderhoud is verder versterk deur die versoek om die woordelys hardop deur te lees. Die woordelys (Bylae C) is opgestel om fonologiese veranderlikes wat uit die voorondersoek (par. 2.1) geblyk het 'n hoë frekwensie te hê, te toets. Direk hierna is die respondent gevra om ook 'n leesstuk (Bylae D) voor te lees, wat ten doel gehad het om 'n ietwat minder behoedsame styl te ontlok. Die strekking van die stuk het die verslapping van die formaliteit in die hand gewerk, deurdat dit bestaan het uit 'n stel instruksies vir Moslemkinders oor die bywoning van die Slamse skool (opgestel deur Sjeg Abdurachman in 1900), iets wat vir die repondent sowel bekend as interessant was,

gesien die jaartal waarin dit gegeld het.[16] Wat die waarde daarvan verder verhoog het, was die hoë frekwensie van die fonologiese veranderlikes wat daarin voorkom. Die vorm waarin die leesstuk oorspronklik verskyn het (Bylae E), is ortografies by standaard-Afrikaans aangepas om nabootsing of bewustelike vermyding van gestigmatiseerde variante te voorkom. Die Arabiese en Maleise terme is behou, behalwe enkeles wat nie meer gebruiklik is nie. Deurdat die respondent vertroud is met die tema waaroor die inhoud handel, is die stylverskil tussen die woordelys en die leesstuk nog meer markant.

Die verdere verloop van die onderhoud het vrae ingesluit omtrent die inskakeling van die respondent by 'n persoonlike sosiale netwerk (in aansluiting by Milroy (1980)). Die groot verskille tussen die Belfast-gemeenskappe (wat relatief homogeen is ten opsigte van sosiale klas) en die Maleiergemeenskap, veral vanweë die verbrokkeling van eens hegte groepe (vgl. par. 2.2.1), het egter meegebring dat 'n indeks van netwerksterkte baie moeilik te bereken was. Laastens is daar doelbewus gepoog om die spontane styl (par. 2.2.1.3) te ontlok deur 'n vraag omtrent die moontlike heroopstelling van Distrik Ses as residensiële gebied vir die Maleiers en ander voormalige inwoners.

2.2.3.1 Keuse van linguistiese veranderlikes

Uit 'n groot verskeidenheid voorbeelde van sosiaal beduidende variasie in die taalgebruik van die Kaapse Maleiers (hoofstuk 4) is daar 'n keuse gedoen van enkele fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale veranderlikes wat (1) 'n kontroleerbare frekwensie in die datakorpus het, (2) in 'n mate immuun is teen bewustelike vermyding van die

---

16) Die titel van die leesstuk "Hoe om te maak vir 'n kind in die oggend" is soms onnadenkend deur die medewerker gelees as "Hoe om 'n kind te maak in die oggend"(!).

gestigmatiseerde variant, (3) deel vorm van 'n groter struk=tuur, en (4) kwantifiseerbaar is op 'n lineêre skaal. Hierdie maatstawwe word ook deur Labov neergelê vir sy New Yorkse ondersoek (1966a:49), en op grond daarvan het hy besluit om hom tot fonologiese veranderlikes te beperk. In 'n latere studie (1972d) het hy egter ook morfonologiese (slot-/d/, -/t/) en sintaktiese verskynsels (negatief-kongruensie en -aantrekking, asook kopula-weglating) as veranderlikes gebruik. Ook ander navorsers het op morfologiese (o.a. B.Bailey 1966) en sintaktiese verander=likes (Lindenfeld 1969, Van den Broeck 1977, e.a.) gekon=sentreer. Fasold (1977) beskou selfs grammatiese veranderlikes as van meer sosiale beduidenis as fonologiese veranderlikes:

> Grammatische Variablen weisen eher scharfe Stratifikation auf als phonologische Variablen ... Grammatische Merkmale werden im allgemeinen als sozial signifikanter angesehen als phonologische Variablen (1973: 261).

Dit is waarskynlik 'n veralgemening wat nie vir alle taal=gemeenskappe eweveel geld nie, maar die stelling noop die navorser tog om dit empiries te toets. Kenmerkend van sintaktiese veranderlikes is egter die skaarsheid daarvan in enige gegewe datakorpus (Kruger 1977: 29), en dit sal dus in hierdie ondersoek 'n wysiging meebring aan die metode van dataverwerking wat ten opsigte van die fonologiese veranderlikes gevolg is (vgl. par. 3.3, asook Chambers & Trudgill 1980: 63).

2.2.3.2 Statistiese verantwoording

Aangesien die begrippe wat by kwantitatiewe taalstudie ge=bruik word, ontleen is aan die statistiek, behoort statistiese beginsels en prosedures wat vir hierdie studie van toepassing is, nader toegelig te word. Daar word onder andere meermale na die begrip 'veranderlike' verwys.

Kerlinger (1964) definieer soos volg:

> A variable is a symbol to which numerals or values are assigned (p. 32).

Daar is basies twee tipes - afhanklike en onafhanklike veranderlikes: lg. dui op 'n subkategorie met 'n vaste waarde, terwyl e.g. ten opsigte van onafhanklike veranderlikes numeries kan varieer. Dit is hierdie numeriese waardes wat die hanteerbaarheid van taalgebruiksgegewens verge= maklik en waarop taalkundige gevolgtrekkings gebaseer word.

Die statistiese verwerking van die taalgegewens wat gedurende hierdie ondersoek versamel is, berus hoofsaaklik op 'n prosedure wat bekend staan as die vergelyking van die verskille tussen gemiddeldes. Die frekwensie van 'n taal= verskynsel by die individu (dus die afhanklike veranderlike) word as 'n numeriese waarde uitgedruk, óf as 'n persentasie, óf as 'n indeks van 'n totaal hoër as 100 (bv. 200 of 300). Die persentasie of indekswaarde vir 'n bepaalde linguistiese veranderlike word dan ten opsigte van alle individue wat tot 'n bepaalde subgroep (onafhanklike veranderlike) behoort, bymekaargetel en die rekenkundige gemiddelde ($\bar{x}$) word bereken deur die totaal te verdeel deur die aantal waarnemings (n). Die verspreiding van waardes rondom die gemiddelde vir die subgroep kan voorts bereken word deur die vasstelling van die standaard-afwyking (s) of die variansie (s^2). Lg. word bereken deur die toepassing van die formule

$$\frac{\Sigma(x - \bar{x})^2}{n - 1}$$ [17]

waar Σ = "die som van alle"; en
x = die waardes van elke individuele waarneming.

---

17) Sommige outeurs gebruik as noemer n in plaas van n - 1. Volgens Triola (1980:47) is n heeltemal in orde indien die waardes vir alle lede van 'n populasie bereken word, of indien 'n steekproef ten opsigte van meer as 30 individue gedoen word. Vir steekproewe kleiner as 30 lewer n-1 egter 'n beter skatting van die variansie by die bevolking op.

Die standaardafwyking sal dan bloot die vierkantswortel van die variansie verteenwoordig, nl.

$$\sqrt{\frac{\Sigma(x - \bar{x})^2}{n - 1}}$$

'n Algeheel homogene verspreiding van waardes sal weerspieël word deur s = 0 (of $s^2 = 0$), terwyl bv. die homogeniteit van die volgende reeks waardes, t.w. 1,2,3,4,5,6,7,8,9,10, weerspieël word deur s = 3,03 en $s^2 = 9,17$. Indien die ge= noemde statistieke ($\bar{x}$, s en s^2) ten opsigte van die hele populasie wat ondersoek word, bereken kan word, word dit 'parameters' genoem en weergegee deur μ (mu), σ (sigma) en σ^2.[18] Nadat $\bar{x}$ en s^2 bereken is, is dit moontlik om statistiese toetse aan te lê om vas te stel of daar enige beduidende verskille tussen twee subgroepe bestaan ten opsigte van die betrokke afhanklike veranderlike. In dié verband is Kerlinger (1964) se definisie van 'n hipotese van pas:

> A hypothesis is a conjectural statement, a tentative proposition, about the relation between two or more observed ... phenomena or variables (p. 14).

Die vorm wat die toetse aanneem, is gewoonlik deur die stel van twee gelyktydige hipoteses, te wete die sg. nul-hipotese (H_o) en sy direkte teenhanger, die alternatiewe hipotese (H_1). Die nul-hipotese stel dat daar geen beduidende verskil bestaan tussen twee parameters nie, bv. dat die variansie van een subgroep van die totale populasie (d.i. σ_1^2) gelyk is aan dié van 'n ander, nl. σ_2^2; dus $\sigma_1^2 = \sigma_2^2$. Indien hierdie hipotese weerlê kan word, geld H_1, met ander woorde $\sigma_1^2 \neq \sigma_2^2$. Dit impliseer dat daar wel 'n beduidende verskil is ($\sigma_1^2 \neq \sigma_2^2$ impliseer uiteraard $\sigma_1 \neq \sigma_2$). Hier kan net terloops gemeld word dat 'n beduidende verskil in variansie tussen twee

18) Formules vir die berekening van μ, σ en σ^2 kan verstrek word, maar is nie hier ter sprake nie. Indien n = die hele populasie, is $\bar{x}=\mu$, $s=\sigma$, en $s^2=\sigma^2$.

subgroepe in hoofsaak dui op 'n homogeniteitsverskil, hoewel in sommige sosiolinguistiese ondersoeke (vgl. Milroy 1980: 121-124) in 'n groot mate hierop gesteun is.

Wanneer die subgroepe wat met mekaar vergelyk word, albei uit 30 of minder individue (of waarnemings) bestaan, kan beduidende resultate verkry word deur die sg. Student-T-toets ("Student" was die pseudoniem van die ontwerper, ene W.Gosset (1876-1937)), voorafgegaan deur 'n F-toets (of variansie-ontleding). Die toepassing van die formule

$$F = \frac{s_1^2}{s_2^2}$$

(waar s_1^2 altyd die hoogste van die twee waardes verteenwoordig om die notasie te vereenvoudig), lewer 'n waarde wat vergelyk kan word met syfers op 'n tabel (Bylae F) wat die kritieke waarde van F vir alle moontlike kombinasies (getalsgewys) van subgroepe aangee. 'Kritieke waarde' in dié verband beteken die waarde waaraan F gelyk moet wees of moet oorskry om H_o te kan verwerp. Die term 'grade van vryheid'[19] verteenwoordig 'n waarde wat gelyk is aan n - 1 vir elke subgroep.

Soos met alle statistiese toetse, kan die gevolgtrekking nooit kategories wees nie, en moet daar rekening gehou word met die moontlikheid van 'n foutiewe resultaat. Die perke van so 'n moontlikheid word egter in berekening gebring deur die sg. vlak van beduidendheid (α). Indien $\alpha = 0,05$, beteken dit dat daar 'n 5%-kans van 'n foutiewe resultaat is; en indien H_o op dié vlak verwerp word, word algemeen aanvaar dat die verskil tussen die twee betrokke waardes wel beduidend is. 'n H_o-verwerping op die 0,01-vlak (m.a.w. 'n

19) Dit is die aantal waardes wat vry is om te varieer nadat sekere beperkings op al die waardes gestel is.

1%-kans van 'n fout) dui op 'n hoogs beduidende verskil.

Afhangende van die uitslag van die F-toets, word een van twee alternatiewe formules vir die Student-T-toets toegepas. As H_o verwerp word (m.a.w. $\sigma_1^2 \neq \sigma_2^2$), geld die volgende:

$$T = \frac{\bar{x}_1 - \bar{x}_2}{\sqrt{s_1^2/n_1 + s_2^2/n_2}}$$

(Die grade van vryheid (g.v.) is die kleinste van $n_1 - 1$ en $n_2 - 1$.)

As H_o nie verwerp kan word met die F-toets nie, word 'n variansie-berekening vir die twee subgroepe by die formule ingesluit:

$$T = \frac{\bar{x}_1 - \bar{x}_2}{\sqrt{1/n_1 + 1/n_2}\sqrt{\frac{(n_1 - 1)s_1^2 + (n_2 - 1)s_2^2}{n_1 + n_2 - 2}}}$$

(G.v. = $n_1 + n_2 - 2$)

By die T-toets is $H_o : \mu_1 = \mu_2$, m.a.w. die rekenkundige gemiddeldes van die twee subgroepe is essensieel gelyk. Net soos by die F-toets, word die kritieke waarde vir T op 'n tabel (Bylae G) afgelees, met inagneming van die grade van vryheid. Wat betref die vlak van beduidendheid, word daar onderskei tussen 'n sg. eenkantige en 'n tweekantige toets. 'n Eenkantige toets beteken dat die resultaat slegs betrekking het op óf 'n positiewe, óf 'n negatiewe verskil tussen gemiddeldes, terwyl uit die resultaat van 'n tweekantige toets afgelei kan word of die gemiddelde van die een subgroep beduidend ongelyk is aan, m.a.w. hoër óf laer is as dié van die ander.[20] Die vlak van beduidendheid (α) sal

---

20) By 'n eenkantige toets is $H_1: \mu_1 > \mu_2$ of $\mu_1 < \mu_2$, terwyl by 'n tweekantige toets $H_1: \mu_1 \neq \mu_2$.

in die tweede geval dus die helfte kleiner wees as in die eerste. $\alpha = 0,025$ by 'n eenkantige toets beteken dan dat daar slegs 'n 2,5%-kans op 'n foutiewe gevolgtrekking bestaan ten opsigte van 'n blote verskilsaanduiding, terwyl by dieselfde kritieke T-waarde daar 'n 5%-kans (= 0,05) sal bestaan dat die tweekantige toets 'n foutiewe resultaat sal oplewer.

Voorbeeld

Gestel 'n steekproef word gedoen van 'n sekere populasie (universum) wat uit sowel mans as vroue bestaan. Monsters van onderskeidelik 19 en 18 individue word van die twee subgroepe getrek. Om vas te stel of daar 'n beduidende verskil bestaan in die distribusie van 'n bepaalde uitspraakveranderlike, word 'n persentasiewaarde vir elke individu bereken ten opsigte van die frekwensie van die standaard-variant van die veranderlike. Die waardes word hieronder gelys:

Mans	Vroue
11	15
53	00
04	07
03	04
00	00
07	00
10	04
15	08
19	07
10	15
06	09
50	00
22	06
22	25
06	03
06	00
15	11
03	05
37	

Die rekenkundige gemiddeldes vir die mans (n = 19) en die vroue (n = 18) is onderskeidelik 15,7 en 6,6. Op die oog af lyk dit na 'n duidelike verskil, maar groot afwykings van die gemiddelde ($\bar{x}$) by een of albei die groepe kan die resultaat skeeftrek. Om die verspreiding rondom die gemiddelde van die monsters te bepaal, word die variansie van elke groep bereken:

$$\frac{\Sigma(x - \bar{x})^2}{n - 1} = \frac{4\ 261}{18} \qquad \frac{(x - \bar{x})^2}{n - 1} = \frac{758}{17}$$

$s_1^2 = 236,7$ $\qquad$ $s_2^2 = 44,6$


Die F-toets, nl. $\frac{s_1^2}{s_2^2}$, lewer 'n waarde van 5,3. Die grade van vryheid waarbinne die kritieke waarde van F op die tabel afgelees word, is onderskeidelik 18 vir die teller ($n_1 - 1$) en 17 vir die noemer ($n_2 - 1$). Volgens die tabel lê die kritieke F-waarde tussen 2,3807 (met teller-g.v. = 15) en 2,2304 (met teller-g.v. = 29). Aangesien die F-waarde deur die toets vasgestel (die empiriese F-waarde) die kritieke F-waarde duidelik oorskry, moet die nul-hipotese, nl. dat daar geen beduidende verskil bestaan in die variansie van die twee subgroepe nie, verwerp word. In dié geval geld die eerste van die alternatiewe T-toetse:

$$T = \frac{(\bar{x}_1 - \bar{x}_2)}{\sqrt{s_1^2/n_1 + s_2^2/n_2}} = \frac{9,1}{3,87} = 2,35$$

Die grade van vryheid waarbinne die kritieke T-waarde op die tabel afgelees word, is die kleinste van $n_1 - 1$ en $n_2 - 1$, m.a.w. 18 ($n_1 - 1$). Op die beduidendheidsvlak $\alpha = 0,05$ (tweekantig) is T gelyk aan 2,110. H_o moet dus verwerp word, en die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar met 95% sekerheid 'n beduidende verskil tussen die mans en vrouens van die betrokke populasie bestaan ten opsigte van die uitspraakveranderlike wat ondersoek is, en wel dat daar by die mans 'n hoër frekwensie van die standaard-variant voorkom

(tweekantige toets). Eenkantig beskou, kan daar met 97,5% sekerheid beweer word dat die gemiddelde waarde van die mans beduidend hoër is as dié van die vroue.

Die vloeikaart-diagram wat volg, beeld die keusemoontlikhede uit by monsters van verskillende soorte en groottes:



gv = grade van vryheid

Fig. 6 - DIE TOETSING VAN HIPOTESES BETREFFENDE DIE GEMIDDELDES VAN TWEE POPULASIES

(Met erkenning aan Triola 1980: 278)

Wat betref die minimum frekwensie van waarnemings (tekens) per individu, en die minimum aantal individue per subgroep (of klas)om reëlmatige korrelasiepatrone te kan aandui, kom Labov tot die volgende konklusie:

> Given ten to twenty utterances of a speaker in several stylistic levels (my beklemtoning), we find a regular progression of the variables; when this speaker is placed with ten or twenty others of the same social class, the combined values of the variables fall into a relatively fixed position in this structure (1966a:225).

Hierdie waarneming het uit die aard van Labov se ondersoek betrekking op fonologiese veranderlikes, en die kriterium sal in die huidige ondersoek ook vir fonologiese veranderlikes gevolg word. Wat grammatiese veranderlikes betref, sal groepstellings eerder as individuele tellings as basis geneem word. (Vgl. Chamber & Trudgill 1980: 63.) Die aard van die data bepaal in hierdie geval ook die vlak van statistiese presisie wat moontlik is.

2.3 Dataverkrygingsprosedure

In hierdie paragraaf sal die beginsels en metode waarvolgens die ondersoekgroep geselekteer en die opnames gemaak is, uiteengesit word. Daar word ook verslag gedoen van die verloop van die hoofondersoek, en dan word daar op die onderhoudsituasie as sodanig gefokus.

2.3.1 Sosiale netwerk as vertrekpunt

Heelwat is al gesê oor 'sosiale netwerk' as onafhanklike (of kovariërende) veranderlike om respondente op grond van individuele sosioliseringskenmerke bymekaar te groepeer. (Vgl. Boissevain 1974, Gumperz 1976, L.Milroy 1980, Milroy & Margrain 1980, J.C.Mitchell 1969.) Slegs L. Milroy bring egter die seleksie van respondente in verband met die rol van die veldwerker binne die sosiale netwerk van die

ondersoekgroep waarmee hy werk. Sy beklemtoon die belang=rikheid van verteenwoordigende data in teenstelling met die nadruk op die aksiomatiese waarde wat aan 'n gelykkansige steekproef van respondente geheg word:

> ... random sampling tends to exacerbate the central problem of the observer's paradox. This is because the population to be studied is usually sampled for isolated individuals, or households, who are then recorded out of context of the social networks within which they customarily interact. ... a single meeting with a stranger is not a particularly auspicious occasion on which to observe a large portion of a speaker's linguistic repertoire (1980: 41).

Data wat op dié wyse verkry word, is sowel grammaties as stilisties beperk (vgl. Sankoff 1974: 23), en stilisties sowel as kwantitatief verteenwoordig dit ook slegs 'n klein persentasie van die spreker se taal-repertorium. Die vroegste pogings om dié probleem die hoof te bied, is deur Labov aangewend, en wel deur op 'n lineêre skaal sommige dele van die onderhoud as meer 'formeel' aan te dui (vgl. p.11, asook Labov 1966: 112). In sy Harlem-ondersoek het hy die tegniek ietwat verfyn deur die insluiting van portuurgroepgesprekke, waartydens hy van twee swart tussen=gangers gebruik gemaak het, iets wat die invloed van die sosiale netwerk op die spraakpatrone van die gespreksgenote in 'n mate behoue laat bly het. In kommentaar hierop vervolg L.Milroy (1980: 41):

> Thus, the significant notion of both the insider and the outsider as fieldworkers is introduced. Between them, they may have access to a greater stylistic range than either can have, working alone.

Labov en sy medewerkers kon op dié wyse ook die bestaan van 'n wye stilistiese repertorium by sprekers van 'n sosiaal gestigmatiseerde omgangstaal bewys. Ook Blom & Gumperz (1971) het van tussengangers gebruik gemaak om die groeps=

dinamiese werking van die sosiale netwerk in die verkryging van omgangstaaldata te ontgin.[21]

L. Milroy gebruik in haar studie (1980) die soneringsbegin= sel wat deur Boissevain (1974) ten opsigte van sosiale net= werke uiteengesit is. Dit behels dat die onmiddellike vriende van 'n bepaalde individu 'n netwerk-sone van die eerste orde vorm. 'n Vriend of kennis van een van die groep wat nie tot die onmiddellike vriendekring behoort nie, vorm weer deel van 'n sone van die tweede orde. In die algemene omgang word eerste-orde-kontakte dikwels gebruik om 'n verskeidenheid oogmerke te bereik (bv. om goedere teen kos= prys te bekom, om die dienste van 'n deskundige te verkry, om 'n nie-amptelik gewerfde huisbediende deur die Administrasie= raadskantoor geregistreer te kry, ens.). Boissevain wys daarop dat in sulke gevalle die skakel tussen die verleë persoon en die tussenganger-kontak dikwels maar effentjies is; maar op die vlak van informele sosiale verhoudings is 'vriende van vriende' in die meeste gemeenskappe heel be= langrike persone (Milroy 1980: 47). Dit is op hierdie basis dat Milroy tot die Belfast-netwerke toegang verkry het en as 'vriend(-in) van 'n vriend' vrylik opnames kon maak van ongeïnhibeerde spraak in natuurlike groepsituasies. In die huidige studie is daar in die oorgrote meerderheid gevalle ook van hierdie metode gebruik gemaak: soms deur die teenwoor= digheid van die tussenganger self. In werklikheid is die metode wat gevolg is, 'n kombinasie van die tradisionele onderhoud (maar sonder opsigtelikhede, soos 'n vraelys, e.d.m.) en die informele ontmoeting van vriende in die teenwoordig= heid van 'n tweede-orde-vriend. Op dié wyse het gesprekke

---

21) 'n Beginsel wat na vore kom uit 'n beskouing van bg. studies, is dat die belangrikheid van die data t.o.v. teorievorming vereis dat relatief groter klem op die verteenwoordigende aard van data as eksemplaries van die stylrepertorium ge= plaas behoort te word as op die sprekers in 'n steekproef wat 'n bepaalde populasie verteenwoordig. Dit bring vanself= sprekend nie mee dat lg. faktor buite rekening gelaat kan word nie, maar wel dat die belangrikheid van die data nie onderskik gestel kan word aan distribusiebeginsels per se nie.

dikwels 'ontaard' in vertroulike mededelings, kritiese beskouings van 'n derde party, gekorswel met die tussenganger en openlike proselitisering - alles uitstekende omgangstaal=data. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek het die sosiale netwerk as vertrekpunt 'n hoogs doeltreffende uit=gangspunt geblyk te wees.

2.3.2 Verslag van veldwerk en datavoorbereiding

Gedurende die voorondersoek (par. 2.1) is daar verskeie kontakte gemaak met persone wat bekend is vanweë 'n diep=gaande kennis van die Maleiergemeenskap, en in dié verband was die waardevolste 'eerste-orde-vriend' wyle dr. I.D. du Plessis. Deur sy bemiddeling het ek toegang verkry tot netwerke van verskillende sosiale strata. Ook die dienste van die veldwerker, mnr. Ishaak Abrahams, is deur sy toedoen bekom. Die feit dat lg. tot eerste-orde-netwerke uit verskillende maatskaplike lae van die gemeenskap behoort het, het die verkryging van 'n sosiaal gestratifieerde spraakmonster grootliks vergemaklik.

Die hoofondersoek het in Julie 1981 'n aanvang geneem. Vir die opnames is 'n Sony TCS-300-stereokassetopnemer gebruik wat, benewens 'n hoë klankkwaliteit, die uitdoof van onge=wenste klanke op 'n tweede kanaal moontlik gemaak het. Ge=durende heimlike opnames kon die opnemer in 'n baadjie-binnesak versteek word, terwyl die gesprek deur middel van 'n Sony Electret-kondenseermikrofoon, in die mou vasgespeld, opgeneem is. Terselfdertyd kon die apparaat deur middel van 'n afstandskakelaar onopsigtelik aan- en afgeskakel word.

Die respondente is vooraf getelefoneer om die besoek te reël (sonder vermelding van die doel), en indien dit nie moontlik was nie, is hulle gewoon sonder afspraak aan huis besoek. Die sosiale netwerk as maatstaf het meegebring dat sommige familielede van die veldwerker ook besoek is. (Uit sy seleksie was dit duidelik dat hy die oogmerk daarvan, nl.

'n sosiaal gestratifieerde steekproef, begryp het en 'n objektiewe keuse kon doen.) Die ontvangs was in feitlik alle gevalle hartlik, ook deur dié respondente wat ek alleen besoek het.

Die totale korpus taalmateriaal het 22 uur opnametyd beslaan, wat teen 'n gemiddelde praatspoed van ± 130 woorde per minuut neerkom op ongeveer 170 000 woorde in totaal. Al die opnames is driekeer deurgeluister met die oog op die identifisering en kwantifisering van abduktief geselekteerde fonologiese en morfologiese veranderlikes. Elke teken (variant van 'n veranderlike) is neergeskryf saam met die woord waarin dit voorgekom het, sodat frekwensietabelle van individuele leksikale items opgestel kon word met die oog op 'n latere ondersoek na die moontlikheid van leksikale diffusie as taalveranderingsmeganisme. Daarna is die opnames weer eens deurgeluister om sintaktiese veranderlikes (wat ook vooraf geselekteer is) te kwantifiseer. Benewens die skriftelike rekord wat van die veranderlikes as sodanig gehou is, is 15 opnames volledig getranskribeer om 'n breër kontekstuele basis ten opsigte van die sintaktiese veranderlikes te kry en om as kontrole te dien vir gevolgtrekkings wat t.o.v. ander linguistiese veranderlikes gemaak is (bv. omgewingsfaktore wat 'n rol speel by fonologiese variasie).

Vir die statistiese verwerking van die gegewens is 'n persoonlike mikro-rekenaar, die Sinclair ZX81 (met 'n 16K-geheuekapasiteit) gebruik. Nadat ek 'n verskeidenheid programme opgestel het vir groepstellings, gemiddeldes, variansies, F-toetse, T-toetse en histogramme van die gekwantifiseerde sosiologiese en taaldata (wat respektiewelik t.o.v. elke respondent en in vier verskillende style op band vasgelê is), is frekwensietabelle vir al die taalveranderlikes saamgestel en grafieke getrek wat die kovariasiepatrone deur die verskillende style heen t.o.v. die betrokke taalveranderlikes en subgroepe uitbeeld.

1.3.2.1 Die onderhoudsituasie

Die geloofwaardigheid van die onderhoudvoerder is die kern van die sukses van die linguistiese onderhoud. Daarom word vreemdelinge dikwels met agterdog bejeën wanneer hulle die privaatheid van die individu se woning betree sonder 'n voor= af bekende rede. Dit het Labov proefondervindelik ervaar gedurende 'n vooronderSoek tot sy Lower East Side-projek. Selfs 'n amptelike voorstellingsbrief het nie in alle gevalle die agterdog uit die weg geruim nie, en enkele respondente het tot die einde van die onderhoud agterdogtig gebly (1966a:138). Dit was die belangrikste verskil tussen die New York-ondersoek en dié op Martha's Vineyard, waar daar feitlik geen vreemdelinge-weerstand te bespeur was nie. Die relatief hoër sosiale isolasie wat kenmerkend is van die meeste stedelinge (Boissevain 1974: 57), in teenstelling met sommige stedelike arbeidersklas- (Milroy 1980: 52) en plattelandse gemeenskappe hou waarskynlik verband hiermee.

Ironies genoeg lyk dit dus asof gemeenskappe met digte sosiale netwerke en laer sosiale en geografiese mobiliteit meer geredelik die bona fides aanvaar van vreemdelinge wat op informele wyse kontak wil maak.

In hierdie ondersoek is dié indruk versterk deur die veld= werk in 'n gemeenskap wat 'n hegte, eiesoortige sisteem van sosiale netwerke besit. Dit is wel waar dat die benaderings= tegniek (as vriend van 'n vriend) en die aanknopingspunt (belangstelling in die Maleier-kultuur) die paaie gelyk ge= maak het, maar die hartlikheid en gasvryheid waardeur ook die onderhoude sonder die aanwesigheid van 'n tussenganger gekenmerk is, is 'n gemeenskaplike faktor wat ook die moontlike invloed van verskillende ingesteldhede op die gesprekstyle neutraliseer. In baie gevalle is 'n uitnodiging gerig om weer te kom besoek aflê, dikwels nadat iets te eet of te drink aangebied is.

Die reaksie op die openingsvrae was uiteraard nie eenvormig nie. Veral die vroue en jonger respondente het hulle nie altyd bevoeg gevoel om vrae oor religieuse gebruike te beantwoord nie, veral nie in die teenwoordigheid van die vader van die huis of selfs die tussenganger (self 'n hadji) nie. Laasgenoemde het hulle egter gou gerusgestel dat die vrae nie bedoel was om hulle kennis van Islam te toets nie, maar om die individuele ervaring van die Moslem-gebruike deur 'n deursnee van die gemeenskap te verneem. Sodra hulle besef het dat hulle vrylik oor hulle eie ondervinding kon praat, het die gesprek ongeïnhibeerd gevlot.

Tydens die heimlike opname is enige verwysing na die taal-aspek van die ondersoek vermy, juis om die aandag van die respondent aan sy taalgebruik te minimaliseer. Voor die kassetopnemer uitgehaal is, is die respondent egter daaroor ingelig en voorberei om die woordelys met die maksimum aan= dag aan sy uitspraak voor te lees. Nadat die leesstuk voorgelees is, het die formaliteit egter dermate verminder dat selfs die effek van die kassetopnemer nie in die opnames (vergeleke met die heimlike deel) merkbaar was nie.

Die onderhoudsituasie is 'n taalhandelingsituasie, en omdat dit as sodanig 'n redelik seldsame gebeurtenis in die alledaagse omgang verteenwoordig, is dit vir taal= navorsingsdoeleindes die aangewese strategie om dit sover moontlik in 'n gespreksituasie te omskep.

2.3.3 Slotopmerking

In hierdie hoofstuk is spesifieke hipoteses wat vir die onderhawige ondersoek van belang is, geformuleer. Daarbe= newens is die werkswyse wat vir die statistiese verwerking van die data gevolg is, uiteengesit. Laastens is daar 'n verduideliking gegee van die situasionele konteks waarbinne die dataversameling plaasgevind het. In die volgende hoofstuk word die verwerkte gegewens binne die variasionele raamwerk van sosiale stratifikasie en stylverskuiwing geïnterpreteer.

HOOFSTUK 3

SOSIALE STRATIFIKASIE EN STYLVERSKUIWING

Hoe sal mnr. nou lyk ek moet dit sê? - Madiega S.

Ons lees nie soos ons praat nie, ons lees soos ons sien - Minora A.

3.1 Die sosiale stratifikasie van taal-in-gebruik

Die werk waarvan daar in hierdie proefskrif verslag gedoen word, behels 'n ondersoek na taal-in-gebruik binne die sosiale konteks van die betrokke gemeenskap. Dit bring mee dat die taalgebruikspatrone wat ondersoek is, teen die agtergrond van bestaande maatskaplike strukture beskou word. Faktore wat die samestelling van die maatskaplike strukture bepaal, is gevolglik in berekening gebring by die ondersoek na die verband tussen taal en gemeenskap (vgl. par. 2.2.2.1). Terwyl dié faktore beswaarlik geüniversaliseer kan word en van gemeenskap tot gemeenskap wissel, is dit nodig om abduktief kategorieë te skep, gebaseer op die preteoretiese waarneming van sosiale werklikhede. Soos aangedui in parr. 1.2.1 en 1.2.2, het verskeie navorsers reeds vasgestel dat die relatiewe frekwensie van bepaalde taalvariante (par. 3.2) verband hou met verskille tussen vooraf bepaalde sosiale kategorieë. (Die verskille kan óf diskreet wees, soos die biologiese onderskeid manlik/vroulik, óf kontinu, soos ouderdomsgroepering, sosio-ekonomiese groepe, óf individueel bepaal, soos religieuse affiliasie, óf van eksterne oorsprong, soos etniese klassifikasie.) Indien sodanige korrelasie duidelik aangetoon kan word, is daar sprake van die sosiale stratifikasie van die betrokke linguistiese segment in die taalgebruik van die spraak= gemeenskap wat ondersoek word.

3.2 Die meerdimensionaliteit van die taalhandeling

Globale frekwensiebepalings is egter 'n lomp instrument om linguistiese kontraste tussen sosiale groepe aan te dui, aangesien taalhandelinge nooit in vacuo voltrek word nie. Benewens die interpersoonlike dimensie, wat o.a. verband hou met die sosiale identiteit van die spreker/hoorder, word die vorm wat die taaluiting aanneem, bepaal deur die situasie of konteks (op 'n gradiënt tussen formeel en informeel), wat weer bepaal word deur die onderwerp en/of doel van die uiting. 'Styl' is 'n term wat gebruik word om die vorm wat die uiting aanneem, te beskryf. McIntosh (1963: 20 volgens Romaine 1982: 115) gee die volgende omskrywing:

> Style we might almost say is a matter of the selection of particular grammatical patterns and sequences of patterns and of particular items of vocabulary and sequences of items and of course (by implication) the avoidance of others.

In hierdie definisie kan "grammatical patterns" goedskiks deur "phonological patterns" vervang word, afhangende van die tipe taalverskynsel wat ondersoek word.

Soos die situasie, vorm styl 'n kontinuüm wat strek van formeel tot informeel. Om 'n betroubare vergelykingsbasis te verkry, moet frekwensiebepalings op ooreenstemmende kontekstuele style gebaseer word.[22] (Oor die reëlmatige aard van stylvariasie by 'n bepaalde sosiale groep is Labov (1966a) reeds aangehaal (p.67).) Op hierdie wyse word die sosiale sowel as die kontekstuele dimensie in berekening gebring en word 'n normgewende raamwerk daargestel. Die aard van die betrokke veranderlike (vgl. par. 3.2.1) sal bepaal of hierdie raamwerk reëlmatig gaan verskil t.o.v. verskillende sosiale groepe. Afwykings van die reëlmatige rangskikking sou bv. ook kon dui op taalverandering (par. 2.2.2.1).

---

22) In die praktyk was dit in hierdie studie slegs moontlik, vanweë frekwensiedigtheid, om stylverskuiwing by fonologiese veranderlikes aan te dui.

3.3 Veranderlikes en variante

In hierdie proefskrif verwys die benaming 'veranderlike' na óf 'n taalverskynsel wat verskillende realiseringsvorme het (die sg. afhanklike of sosiolinguistiese veranderlike), óf sosiale en/of stilistiese faktore (die sg. onafhanklike of sosiale veranderlike) in samehang waarmee die betrokke taal= verskynsels bestudeer word. 'Variante' verwys na die wisselvorme van elke sosiolinguistiese veranderlike.

Benewens die variante komponent van die taalsisteem wat slegs deur 'n relatief oorwegende frekwensie (t.o.v. standaardvorme) kenmerkend kan wees van 'n bepaalde taalgemeenskap, word so 'n gemeenskap ook gekenmerk deur taalverskynsels wat onver= anderlik deel vorm van sy spraakrepertorium. ('n Voorbeeld daarvan is die gebruik van die verboë besitlike voornaam= woord "onse" in die Maleiergemeenskap.) Sulke verskynsels kan uiteraard nie as 'veranderlikes' getipeer word nie.

3.3.1 Klassifisering van sosiolinguistiese veranderlikes

Labov (1978: 237) klassifiseer sosiolinguistiese verander= likes volgens die verskillendes wyses waarop hulle funksioneer:

1. Stereotipes is variante wat sosiaal swaar gestigmatiseer is en word in selfgemonitorde style op 'n onreëlmatige wyse deur sprekers gekorrigeer.
2. Indikators vertoon 'n reëlmatige verspreiding t.o.v. sosio-ekonomiese, etniese of ouderdomsgroepe, maar is nie onderhewig aan stylvariasie nie. As die betrokke sosiale kontekste volgens 'n hiërargie georden kan word (bv. sosio-ekonomiese of ouderdomsgroepe), is die indikators gestrati= fieer.
3. Merkers vertoon sowel sosiale as stilistiese stratifikasie, en wel op een van twee maniere: (a) skerp stratifikasie - die verspreiding oor sosiale klasse is nie

kontinu nie, maar diskreet, m.a.w. daar is 'n opsigtelike bundeling van 'n bepaalde variant by elke klas; of (b) fyn stratifikasie - daar is 'n geleidelike verspreiding oor die klasse en stratifikasie blyk die duidelikste op die verskillende stylvlakke.

Romaine (1982: 266) verskaf die onderstaande taksonomie van veranderlike-tipes:

Tipe veranderlike	Demografiese stratifikasie	Stylverskuiwing
stereotipe	-	-
indikator tipe 1	+	-
tipe 2	-	+
merker	+	+

Fig. 7: Tipes linguistiese veranderlikes in verhouding tot demografiese stratifikasie en stylverskuiwing.

Hoewel Labov nêrens melding maak van 'n tipe 2-indikator nie, demonstreer Fishman et al (1971) dit wel - vandaar die insluiting hierbo.

Om die aard van taalgebruiksvariasie in Maleier-Afrikaans in 'n studie soos hierdie sinvol te ontleed, sal dit nodig wees om die linguistiese veranderlikes volgens bostaande taksonomie te identifiseer. Sodanige klassifikasie spruit uiteraard voort uit die toepassing van kollektiewe taal= norme, wat volgens die Laboviaanse metode slegs induktief uit 'n kwantitatiewe ontleding van die data afgelei kan word.

3.4 Die kwantitatiewe ontleding van die taalgegewens

By 'n voorlopige verkenning van taalgebruikskenmerke by die ondersoekgroep het talle verskille van standaard-Afrikaans

opgeval, op sintaktiese, morfologiese en fonologiese vlak. Benewens die variante komponente van die taalsisteem wat slegs deur 'n relatief oorwegende frekwensie t.o.v. standaardvorme kenmerkend kan wees van die Maleiergemeenskap, en sosiaal diagnosties wat betref subgroepe binne die gemeenskap, word dié gemeenskap ook gekenmerk deur taalverskynsels wat onveranderlik deel vorm van sy spraakrepertorium. (Vgl. pas. 3.3) Grammaties beskou, dui dit op reëls wat verpligtend geword het binne die kollektiewe normsisteem, en lei dit tot vorme wat hoogstens as stereotipes beskou kan word. Deur frekwensiebepalings kan variasie wel op fonologiese en grammatiese vlak aangedui word, maar leksikaal is variasie nie maklik om aan te toon nie, veral vanweë die problematiese aard van semantiese ekwivalensie. (Uitsonderings is sommige uit Engels ontleende voegwoorde, soos "but", "because", ens.)[23] Omdat die verkryging van omgangstaaldata 'n primêre doelwit van die ondersoekstrategie was, kon slegs indikators en merkers met 'n relatief hoë voorkoms as sosiolinguistiese veranderlikes vir hierdie ondersoek geselekteer word.

3.4.1 Die fonologiese veranderlikes

Die nege fonologiese veranderlikes wat ondersoek is en hulle fonetiese variante[24] word voorts in volgorde van frekwensie bespreek. Waar moontlik, is daar gepoog om die aantal tekens (d.w.s. die frekwensie van die veranderlike), waarvan altesaam 22 838 getel is, op nie laer as 25 per spreker vir elke veranderlike te stel nie. By drie, t.w. (œ i), (y) en (Ø), was die fonologiese verspreiding egter so beperk dat daar met laer frekwensies volstaan moes word, en daar is ook van 'n ander prosedure gebruik gemaak om die gemiddeldes te bereken. Vir (œ i) was daar bv. slegs 1 425 tekens ('n gemiddelde van 24 tekens per respondent), by (y) 450 tekens (7,6 tekens per respondent), en by (Ø) 289 tekens (slegs 5 tekens per respondent). Omdat individuele gemiddeldes, as persentasies uitgedruk, in sulke gevalle misleidend kan wees en 'n onrealistiese verspreiding rondom

23) Voorbeelde soos die volgende is teëgekom: "Ek sal lyk om dit te doen, but ek weet nie so mooi nie". Vgl. ook par. 3.4.2.1

24) Hoewel veral variante van vokaalveranderlikes in werklikheid 'n kontinuüm vorm, verteenwoordig dié wat in hierdie ondersoek gebruik word, uiterste artikulasiepunte.

'n groepsgemiddelde sou meebring, is die waarde van elke variant hier vir 'n groep as geheel bereken en is daar ook afgesien van variansie-ontleding en die toepassing van die T-toets. In die geval van veranderlikes met 'n hoë frekwensie is die tellings gebaseer op vier verskillende style vir elke spreker, soos in par. 2.2.3 uiteengesit.

1. (r) 'n Algemene verskynsel in spontane spraak is postvokaliese /r/-weglating in die sillabe-eindposisie, asook in die vooreind- en voor-vooreindposisie. Voorbeelde uit die data=korpus is die volgende:

/fi:r/ ⟶ [fi:]
/fər'ke:rd/ ⟶ [fə'ke:t]
/bɔrs/ ⟶ [bɔ:s]
/ɛrns'təx/ ⟶ [ɛ:ns'tax]

Die belangrikste klankomgewingsfaktore (-begrensings) wat die proses teëwerk, is /x/ en /k/ in die sillabe-eindposisie, in dié volgorde, terwyl die laagheid van die voorafgaande vokaal asmede gerondheid ook 'n inhiberende uitwerking het. So het [kɛ:k] en [kɛrk] 'n feitlike ewe hoë frekwensie, terwyl [sɔ:x] pleks van [sɔrx] kategories uitgesluit word. Trouens, heelwat gevalle waar daar selfs 'n sweem van schwa-invoeging is, het voorgekom, soos in [sɔrᵊx] en [xə'vɛrᵊk.] Ná /u/ en /ə/ vind daar in die ~~sillabe-~~ eindposisie ook geen weglating plaas nie, bv. [far'kə], [hur'kə'nəs] , maar [ja'lu:s]. Indien /r/ in die sillabe-eindposisie direk gevolg word deur 'n onbeklemtoonde vokaal, met gepaardgaande sillabegrens-verskuiwing, verhinder dit ook weglating, soos in /my:'rə/⟶ [mi:'rə] . Die behoud van /r/ word in hierdie omgewing versterk deur gepaardgaande assimilasie van die sillabe-begin-/d/, soos in /ɔn'dər di/⟶ [ɔ'nə'ri]. Hierdie proses hang saam met uitgebreide rotasering van /d/, soos in /tə'fre:də/⟶ [tə'fri:'rə], waaroor later meer (par.4.2.13). 'n Morfologiese grens word in spontane spraak soms d.m.v. die glottisslag /ʔ/ gemarkeer,

behoud van /r/-weglating in die sillabe-eindposisie:

ek gee hom somar 'n lekker pak → [ɛk xi hɔm su'ma ʔə lɛ'kə pak]
dan het hy weer 'n klas → [dan hə'təi ve: ʔə klas]

Vanweë die uitgebreide fonologiese verspreiding van hierdie foneem in die taalgebruik van die ondersoekgroep, was die frekwensie daarvan ook besonder hoog (7 695, of 130 per respondent).

By die kwantifisering van (r)-gebruik is daar 'n nul toegeken in elke geval van /r/-weglating, een punt vir elke swak geartikuleerde /r/ en twee punte vir 'n duidelik geartiku= leerde /r/.[25] 'n Indekswaarde uit 200 is bereken deur die aantal gevalle van (r)-2 met twee te vermenigvuldig, die resultaat by die aantal gevalle van (r)-1 te tel, en die totaal met 100 te vermenigvuldig. Hierdie totaal is dan verdeel deur die som van alle (r)-0's, (r)-1's en (r)-2's.

2. (j) Die gestigmatiseerde variant is 'n prepalatale affrikaat, [ǰ],[26] wat soos die glyklank /j/ in standaard-Afrikaans, slegs in die sillabe-beginposisie voorkom. Aan= gesien daar ook 'n swak geartikuleerde [ǰ] (in sommige gevalle [dz]) voorkom, geld hier ook 'n driepuntskaal met 'n indeks= waarde uit 200. Klankomgewing speel nie so 'n bepalende rol soos styl nie (hoewel affrisering klaarblyklik meer voor lae as hoë vokale plaasvind - [ǰa'kals] het deurgaans voorgekom), en in 'n enkele geval is daar gevind dat die gestigmatiseerde variant selfs 'n fonologiese funksie vervul:

25) Omdat die omgangstaalnorm gewoonlik gestigmatiseer en in behoedsame style onderdruk word, is die voorkoms van die standaardvariant deurgaans bereken, en nie andersom nie.

26) Hiermee saam hang ook affrisering van /k/ as deel van die DIM-uitgang /ki/, maar a.g.v. die lae frekwensie daarvan in die omgangstaal, is dié verskynsel nie by die ondersoek betrek nie.

ja→ [ja:]

aar

ja (jaag)→ [ǰa:]

oorbeelde uit die datakorpus is die volgende:

/ja'mər/→ [ǰa'mə]

/jəi/→ [ǰəi]

Uit die voorbeelde wat opgeteken is, blyk dat daar 'n mate van leksikale differensiasie plaasvind: Affrisering het veel meer by /jəi/ as by /jəu/ voorgekom. Van hierdie veranderlike is altesaam 3 995 tekens getel - 'n gemiddelde van 68 per respondent.

3. (e) Vokaalverhoging, wat 'n welbekende Kaapse verskynsel is, het veral by /e/ 'n relatief hoë frekwensie - 3 111 tekens is getel (respondent-gemiddelde 53) - en by die ondersoek= groep het dit voorgekom in voorbeelde soos:

/ve:t/→ [vi(ə)t]

/be:'səx'ɦəid/→ [bi'sa'xəit]

Drie variante is verreken vir die indekswaarde van 200, nl. (e)-0 (d.i. [i]), (e)-1 (d.i. [e], soos in standaard-Afrikaans), en (e)-2 ('n hiperkorrekte [eᵊ]), 'n brekingsverskynsel wat slegs in die leesstyle voorgekom het.[27]

4. (nt) Hierdie simbool verteenwoordig die verskynsel van homorgane eindklos-vereenvoudiging, wat waargeneem is in gevalle soos die volgende (2476 tekens is getel):

/mɔnd/→ [mɔn]

/xɛld/→ [xjal]

/xə'stamp/→ [xə'stam]

/dəŋk/→ [dəŋ]

---

27) Dit kom ook algemeen voor in die kerksang van Christen-Bruinmense in die omgewing van die Skiereiland.

Die behoud van die finale eksplosief word in 'n beperkte mate bevorder deur (veral lae) beginvokale in die volgende woord, maar die stylfaktor het geblyk die sterkste bepaler te wees. In die omgangstyl het voorbeelde soos die volgende gereeld voorgekom:

drie rand 'n kop→ [dri ran ə kɔp]

5. (ə) In 'n beperkte klankomgewing, wat in werklikheid eerder morfonologies van aard is, kom schwa-verlaging voor, bv.

/fe:r'təx/→ [fe:'tax]
/mə'ka:r/→ [ma'ka:]
/xə'xe:/→ [xa'xi]

Soos uit die voorbeelde blyk, is dit hoofsaaklik by die morfeme -ig en ge- dat hierdie verskynsel hom voordoen. Omdat daar slegs twee realiseringsmoontlikhede is (+ of - verlaging), word die frekwensie in persentasievorm weergegee. Van hierdie veranderlike is 1 909 voorbeelde getel (respondent-gemiddelde 32).

6. (o) Ofskoon hierdie veranderlike, soos (e), 'n tipe vokaalverhoging verteenwoordig, is die fonologiese verspreiding daarvan heelwat laer as (e), en is slegs 1 488 tekens getel (25 per respondent). Deels vanweë die beperkte verspreiding, en deels omdat tussenstadia nie maklik te onderskei was nie, (breking het feitlik nooit voorgekom nie) is die frekwensie van die standaardvariant op 'n persentasiegrondslag bereken (m.a.w. 'n tweepunt-skaal). Voorbeelde uit die databasis volg:

/do:f/→ [du:f]
/o:k/→ [uk]

7. (œ i) Hierdie, asook die volgende twee veranderlikes, vorm in werklikheid 'n oorkoepelende kategorie, nl. ontronding. Geen klankomgewingsfaktore kon hier geïdentifiseer word nie, maar die stylfaktor het, veral by jonger respondente, 'n skerp stratifikasiekurwe getoon. In die leesstyle is daar by (œ i) gehiperkorrigeer (die invloed van skoolonderrig speel waarskynlik ook hier 'n rol), sodat vorme soos [hɔis], [bɔi'tə] en [dɔi'zən] (>/dœ i'sənd/) nie ongewoon was nie. Vanweë hierdie hiperkorreksie, en buitengewoon sterk ge= ronde vorme by (y) en (Ø), is die waardes vir hierdie drie veranderlikes op 'n driepuntskaal (uit 200) bereken. (Die voorkomsfrekwensie van hierdie, sowel as die volgende twee veranderlikes, is op p. 78 verstrek.)

Voorbeelde uit die datakorpus:

/brœ ids'rok/→ [brəits'rɔk]
/bœ i'tə'kant/→ [bəi'tə'kan]
/dœ i'sənd/→ [dəi'zən]

8. (y) Voorbeelde van hierdie tipe ontronding was o.a.:

/xə'sty:r/→ [xə'sti:]
/ny'və'ja:r/→ [ni'və'ja:]
/mə'nyt/→ [mə'nit]
/spyx/→ [spix]

9. (Ø) Benewens die gewone ontronding, wat soos volg op= geteken is

/dØr/ → [de:]
/lɛn'tə'xØr/ → [lɛn'tə'xe:]
/bØr'si/→ [be:'si]

kom daar in sommige omgewings (voor DIM-/ki/ en voor stemlose eksplosiewe) verdere vokaalverhoging voor, soos in

/hØp/ ⟶ [hi:p]
/sØn'ki/ ⟶ [si'n'či] (maar [se:n])

3.4.2 Die grammatiese veranderlikes

Altesaam vyf grammatiese veranderlikes uit die datakorpus is gekwantifiseer en word voorts in volgorde van frekwensie bespreek. Hierbenewens is daar by wyse van proefneming ook een leksikale veranderlike vir korrelasie met die onafhanklike veranderlikes getoets (par. 3.4.2.1). As gevolg van die nou reeds bekende skaarsheid aan grammatiese data, is ook hier, soos by (œ i), (y) en (Ø), die metode van groepstellings,[28] eerder as die gemiddeldes van individuele indekse, toegepas. (Vgl. Chambers & Trudgill 1980: 63) Slegs twee realiseringsmoontlikhede speel in elke geval 'n rol, en dus verteenwoordig die waardes die persentasie-voorkoms van die standaardvariant. In hierdie kategorie is 2 696 tekens getel.

1. (gaan) Hoewel daar streng gesproke by die onderskeidelike gebruik van gaan en gaat (en gegaan/gegaat) geen morfologiese funksiewisseling in die spel is nie, is dit eweneens waar dat [n] en [t] hier nie as allofone sonder meer beskou kan word nie. Teen die diachroniese agtergrond sou dit m.i. tog geregverdig wees om van woordvormverskille eerder as van fonologiese distribusie te praat, veral ook omdat die verskynsel (behalwe enkele gevalle van staan/staat-wisseling) tot hierdie een woord beperk is. Uit 'n ontleding van die data het geblyk dat die wisselvorme wel deeglik onderhewig is aan sosiale stratifikasie, hoewel daar weens die skraal oes (slegs 780 tekens is getel) soos by die ander grammatiese veranderlikes geen berekening t.o.v. stylverskuiwing gemaak is nie.

---

28) Ten einde 'n vergelykingsbasis tussen die twee metodes te skep en terselfdertyd statistiese beduidendheidstoetse te kon uitvoer, is die drie veranderlikes wat die duidelikste stratifikasie getoon het, nl. (gaan), (eind) en (reg), wel ook volgens die individuele indeks-metode getoets.

2. (eind) 'n Sintaktiese verskynsel wat ten spyte van 'n lae frekwensie (626) tog 'n patroonmatige verspreiding oor die onafhanklike kategorieë vertoon het, was dié van eind=aflewering van die direkte voorwerp ná verbonde verbale konstruksies in bedrywende stelsinne, soos in die volgende voorbeelde:

1) Ek het gelyk Distrik Ses.
2) Elke Moesliem moet bywoon die djoema.
3) Hy't maar net verkoop vir ons koefias.
4) Sy kan ons baie help as ons nie het ietse nie.
5) Onse ouers het gepraat Afrikaans.
6) Ek het geleen 'n honderd rand.

Die generatiewe formalisering van die proses sou soos volg daar uitsien:

S Aux O V $\Rightarrow$ S Aux V O

Volledigheidshalwe moet daar gemeld word dat adjunkte en bepalings eweas die direkte voorwerp so verskuif word, al=hoewel dit op 'n baie meer beperkte skaal gebeur.

3. (tel) Sommige rangtelwoorde (t.w. vyfde, sesde, agste, negende, elfde en twaalfde) het, veral in die prosa-leesstyl, aansienlike morfologiese variasie getoon, bv.

vyfste
seste
agde (-te, -teste)
negenste
elfste
twaalfste

Van hierdie ses voorbeelde is 351 tekens getel en volgens die gewone (persentasie-) metode gekwantifiseer.

4. (dit) In standaard-Afrikaans word die aanvangskonsonant van /dət/ dikwels in die spreektaal deur 'n voorafgaande (onegte) konsonant geassimileer:

[ɛ'ka'nə'ti xlo: ni]

In die taalgebruik van die ondersoekgroep kom daar, benewens die fonologies gekondisioneerde /d/-weglating, sekere wisselvorme voor wat nie aan die invloed van enige klank= omgewing toegeskryf kan word nie. Soms vind /d/-weglating aan die begin van 'n sin (clause)plaas, bv.

1) Dit kan nie wees nie → [ət ka'ni vis ni]
2) Dit is so → [ət ə'su:]

Net so dikwels, egter, word "dit" deur "is" vervang, soos in

3) Is hang nou af
4) Is gaan meer beneficial wees vir onse mense
5) Is baat nie jy wil vir boeta Noor skree vir help nie
6) Is moet 'n vrou wees
7) Maar is gaat nogal baie mooi
8) Is kos jou elmboge styf maak
9) Is meen: "O Here, neem aan"
10) Is maak jou meer geloofbarig

Altesaam 320 voorbeelde van dit/is-wisseling is getel, en by sekere onafhanklike veranderlikes is duidelike korrelasie= patrone geïdentifiseer.

5. (reg) Deel van 'n algemene drift-verskynsel in Afrikaans is die opruiming van sekere resklasse wat fleksie- en vervoegingsvorme bevat. Terwyl 'defleksie' per definisie slegs kan verwys na die verlies van fleksievorme (nie-verbale kategorieë), word 'n ander term benodig om te verwys na die verlies van vervoegingsmorfeme (affiks- of umlautsvorme). Conradie (1979) gebruik die woord 'regularisering' in hierdie verband, en die veranderlike (reg) verwys dus na verbale vorme wat onderhewig is aan regularisering. In standaard-Afrikaans is die enigste hoofwerkwoorde wat 'n konsekwente preteritumvorm besit 'wees' en 'hê', terwyl 'sal', 'kan', 'moet' en 'wil' die enigste hulpwerkwoorde in dié kategorie is. In die geval van 'mag' (teenoor 'mog') word die hoofwerkwoord vir die verlede tyd gemerk, soos in

1) Jy mag dit nie gedoen het nie

Uit die datakorpus blyk dit dat alle hulpwerkwoorde volgens die voorbeeld van 'mag' geregulariseer is:

2) Hy kan gesien het ... dat ek praat nie met hom nie
3) Ek wíl al die kinders gestuur het om te kom kyk
4) Ek sal gelyk het om dit te doen

Een voorbeeld van 'n relikvorm is wel opgeteken, waar daar blykbaar uit die Koran aangehaal is:

5) Jy moog nie skryf nie (waar Allah 'n opdrag aan die profeet Mohammed gee)

Benewens voorbeelde 2) tot 4) is daar ook talle waar die hoofwerkwoord 'hê' in sowel infinitief- as verlede-deelwoordsvorm tot 'het' (en 'gehet') geregulariseer is:

6) Mogammat wil nie gehet het ons moet confuse met sonaanbidding nie
7) Ek wil dit nie eintlik gehet het nie
8) Iets wat 'n mens moet het
9) Hulle het nie genoeg gehet nie

Die kwantifisering van die gegewens t.o.v. hierdie veranderlike is gebaseer op 184 tekens (3,1 per respondent).

3.4.2.1 Die leksikale veranderlike (leks)

Soos in par. 3.4 aangetoon is, is dit slegs moontlik om leksikale variante by 'n stratifikasiestudie te betrek waaroor daar geen twyfel bestaan t.o.v. semantiese ekwivalensie en werklike variasie nie, en dit ook wanneer daar geen sprake van kodewisseling, wat taalspesifieke leksikalisering van 'n bepaalde semantiese inhoud meebring, is nie. Die leksikale veranderlike wat in hierdie studie gebruik is, is wisseling tussen Afrikaanse en Engelse 'funksiewoorde' (hoofsaaklik voegwoorde, soos maar/but, omdat/because, ens.). Die

istribusie van leksikale items staan uiteraard in noue ver= band met stylverskuiwing, en daarom sou enige vergelyking van wisselvorme op ooreenstemmende style gebaseer moet wees (soos ook by fonologiese veranderlikes). Vir die doeleindes van kwantifisering is slegs voorbeelde uit die informele styl geneem. Altesaam 435 tekens is getel (7,4 per respondent).

3.5 Ontleding van die resultate

Vervolgens word daar aan die hand van frekwensietabelle 'n uiteensetting gegee van die resultate insoverre dit be= trekking het op die hipotese wat in par. 1.4. en parr. 2.2.2.1 tot 2.2.2.3 gestel is. Enige verdere implikasies wat uit die ontleding voortvloei, sal daarna bespreek word.

Die volgorde van die fonologiese veranderlikes in die tabelle weerspieël die relatiewe posisie van elk in ver= houding tot die standaardnorm by die ondersoekgroep as ge= heel (in die informele styl). Met ander woorde, hoe laer die veranderlike op die tabel verskyn, hoe nader is sy waarde gemiddeld aan die omgangstaalnorm.

Om die metode van ontleding te demonstreer, word die ge= middelde waardes vir die verskillende veranderlikes volgens styl by die ondersoekgroep as geheel getabuleer:

	Styl			
	A	B	C	D
(j)	124	162	173	115
(ə)	58	81	91	67
(nt)	17	61	51	20
(y)	27	23	60	23
(e)	25	122	77	32
(o)	10	-	21	12
(r)	15	146	81	20
(ø)	11	77	100	93
(œ i)	5	85	68	36

A: Informele styl
B: Leesstukstyl
C: Woordelysstyl
D: Spontane styl

Tabel 2: Ondersoekgroep by styl (fonologiese veranderlikes)

Binne die raamwerk van bostaande matriks, wat sonder verdere ontleding reeds op stylverskuiwing dui, sal die fonologiese veranderlikes deurgaans ten opsigte van beduidende verskille tussen die subgroepe ondersoek word. Saam met elke tabel sal ook die resultate van sowel variansie-ontledings (F-toets) as T-toetse verstrek word, wat 'n aanduiding sal gee van die beduidendheid van die verskille tussen vergelykbare waardes.

Soos verduidelik (par. 3.3.2), is waardes vir die grammatiese veranderlikes gebaseer op die gesamentlike frekwensie in die informele en spontane style, en die gemiddeldes (insluitende dié vir die leksikale veranderlike) vir die groep as geheel word hieronder gelys:

(tel)	88
(eind)	74
(leks)	57
(gaan)	37
(reg)	32
(dit)	28

Tabel 3: Ondersoekgroep as geheel (nie-fonologiese veranderlikes)

As gevolg van die beperkte frekwensie van telwoorde, is (tel) slegs in die leesstukstyl (styl B) getoets, en kan dié waarde dus nie met die ander vergelyk word nie.

3.5.1 Geslag

Die indekswaardes vir die fonologiese waardes in die onderskeie style t.o.v. mans en vroue respektiewelik kan soos volg getabuleer word:

	Mans				Vroue			
	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	141	172	186	136	106	152	159	96
(ə)	68	79	90	74	48	83	92	55
(nt)	18	54	46	16	16	68	55	24
(y)	14	-	86	8	30	-	104	12
(e)	31	125	78	33	18	119	98	30
(o)	13	-	22	15	7	-	19	9
(r)	19	148	83	27	11	144	78	11
(Ø)	8	67	-	9	14	75	-	7
(œ i)	4	82	64	7	5	87	72	7

Tabel 4: Geslag by styl

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat die indekswaardes van al die fonologiese veranderlikes sistematies met styl= verskuiwing kovarieer. Die relatiewe indekswaardes op die verskillende stylvlakke word ook deurgaans gehandhaaf, be= halwe by (ə) en (j), waar styl B hoër waardes as styl C op= lewer. Wat betref die verskil in formaliteit tussen A en styl D (vgl. par. 2.2.1.3), het styl D ten opsigte van drie veranderlikes by die mans en vier by die vroue 'n laer indekswaarde as styl A, iets wat die waarneming in die ge= noemde paragraaf bevestig.

Om die statistiese beduidendheid van die verskille tussen die gemiddeldes vir mans en dié vir vroue te bepaal, is die volgende resultate van die F- en T-toetse van belang. Slegs die veranderlikes ten opsigte waarvan die nulhipotese (van geen beduidende verskil nie) verwerp is, word getabuleer:

Veranderlike		F-waarde (p<0,05)	Waarskynlikheid (T)
(j)	styl A	2,51	0,050
	C	3,35	-
(ə)	D	2,62	-
(nt)	D	3,67	-
(e)	B	2,30	-
	D	2,28	-
(r)	A	2,48	0,025
	B	2,16	-
	D	3,82	0,050

Tabel 5: Statistiese toetse: geslag by styl

'n Vergelyking tussen die variasiepatrone van die veranderlikes ten opsigte waarvan die nulhipotese nie verwerp kon word nie en dié ten opsigte waarvan dit wel verwerp is, dui daarop dat die steekproefwaarde van die getabuleerde veranderlikes met 'n redelike mate van veiligheid op die res van toepassing ge= maak kan word.

'n Verdere afleiding wat uit die stratifikasietabel gemaak kan word, is dat mans by die meeste veranderlikes (6) in die informele styl nader aan die standaardtaalnorm is, terwyl vroue slegs in die gevalle van ontronding ((œ i), (y) en (Ø)) 'n hoër indekswaarde as mans het. 'n Sosio-kulturele verklaring hiervoor is m.i. dat vroue in die Islamitiese opset nie so 'n prominente posisie in die maatskappy beklee as mans nie en daarom minder aan die standaardnorm bloot= gestel word. Dit is egter opvallend dat vroue in die formele style by vyf veranderlikes konsekwent hoër indeks= waardes as mans het, terwyl die omgekeerde slegs by (j) die geval is. Die hipotese wat in par. 2.2.2.1 (t.o.v. geslag) gestel is, nl. dat vroue meer sensitief is as mans vir die sosiale prestigewaarde van standaardvorme, soos blyk uit die voorkoms van hiperkorreksie in die meer formele style, word dus in hoofsaak bevestig. Grafieke wat op die tabel gebaseer is, illustreer dit duidelik t.o.v. (ə) en (nt):

(ə)




Fig. 8-Geslag by styl

(nt)-indeks




Fig. 9-Geslag by styl

(j)-indeks




Fig. 10-Geslag by styl

(r)-indeks




Fig. 11-Geslag by styl

(œi)-indeks




Fig. 12-Geslag by styl

(e)-indeks




Fig. 13-Geslag by styl

die grafiek vir (j) toon die duidelikste sistematiese ver= skille deur alle stylvlakke, terwyl stylverskuiwing die opvallendste kenmerk van dié vir (r), (œ i) en (ə) is.

Aangesien al die fonologiese veranderlikes wat hierbo ge= toets is, aan sowel demografiese (in hierdie geval geslag) stratifikasie as stylverskuiwing onderhewig is (par.3.3.1), kan hulle as 'merkers' geklassifiseer word.

3.5.1.1 Grammatiese veranderlikes by geslag

'n Ontleding van die waardes t.o.v. die grammatiese ver= anderlikes[29] dui op 'n oorwegend hoër gemiddelde by vroue, m.a.w. 'n groter mate van konformering aan die standaardnorm:

	Manlik	Vroulik
(tel)	84	91
(eind)	72	76
(leks)	55	63
(gaan)	37	38
(reg)	26	39
(dit)	35	18

Tabel 6: Grammatiese veranderlikes by geslag

Geslag is die veranderlike waarby (tel) die duidelikste ver= skil tussen die subgroepe openbaar. As daarby ook in gedagte gehou word dat (tel) slegs in die formele style gekwantifi= seer is, dien die hoër gemiddelde by vroue as verdere ver= sterking van die hipotese t.o.v. geslag in par. 2.2.2.1. Wat ook opvallend is, is dat (dit)-vervanging (weg van die standaardnorm) 'n hoër frekwensie by vroue het, en as sodanig die enigste afwyking in die patroon verteenwoordig. Omdat grammatiese veranderlikes egter nie t.o.v. stylverskuiwing ge= toets is nie, is dit moontlik dat die oorsaak hiervan geleë is in die reeds bekende onreëlmatige aard van die formele styl (vgl. par.2.2.2.2)

29) Voortaan sal die leksikale veranderlike vir die doeleindes van die bespreking hierby ingesluit word.

3.5.2 Ouderdom

Die indekswaardes vir die fonologiese veranderlikes in die onderskeie style t.o.v. die ouderdomsgroep 40+ en dié onder 30 respektiewelik kan soos volg getabuleer word:

	Ouer groep				Jonger groep			
	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	128	136	155	128	120	189	190	97
(ə)	52	75	85	57	64	87	96	80
(nt)	19	63	53	19	16	58	48	20
(y)	15	-	98	8	21	-	90	5
(e)	21	107	74	21	29	136	101	43
(o)	9	-	7	8	11	-	30	17
(r)	18	137	57	21	13	155	103	18
(ø)	8	67	-	6	14	75	-	14
(œ i)	2	57	31	6	7	110	104	10

Tabel 7: Ouderdom by styl

Net soos by die vorige stratifikasietabel, volg die waardes in die meeste gevalle by beide groepe die normale stylkurwe en is die uitsonderings ook (j) en (ə), wat hoër waardes vir styl C oplewer as vir styl B. 'n Opvallende kenmerk van hierdie tabel is egter dat die ouer groep in die informele styl slegs by die konsonantveranderlikes hoër waardes as die jonger groep het, en dat die omgekeerde die geval is t.o.v. die vokaalveranderlikes. Dit blyk dus dat daar by die jonger groep 'n remmende invloed weg van die omgangstaalnorm t.o.v. die vokaalveranderlikes te bespeur is, terwyl dit juis 'n kenmerk van vokaalveranderlikes is dat hulle neig om nader aan die omgangstaalnorm te lê as die konsonantveranderlikes (vgl. tabel 2).

Statistiese ~~betroubaarheidstoetse~~ m.b.t. die verskille

tussen die gemiddeldes vir die ouer en die jonger groep het die volgende resultate gelewer:

Veranderlike		F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid (T)
(j) styl	C	5,07	-
	D	2,55	-
(ə)	C	4,14	-
	D	2,63	-
(e)	A	2,24	-
	D	4,18	0,05
(o)	C	3,48	-
	D	3,15	-

Tabel 8: Statistiese toetse: ouderdom by styl

Ook hier dui die patroonmatigheid van die stratifikasietabel op 'n hoër ~~beduidendheidspotensiaal~~ by veranderlikes waarvan die verskille tussen die berekende gemiddeldes nie binne die waarskynlikheidsperk van 0,05 val nie. Indien ons nou die betrokke hipotese, nl. dat 'n versteuring in die kovariasie= patroon 'n aanduiding van taalverandering is, aan die resultate wil toets, moet twee faktore daarby in aanmerking geneem word: (1) sistematiese verskille tussen die subgroepe per se, en (2) die patroon van stylverskuiwing. Benewens die verskille t.o.v. die konsonant- en vokaalveranderlikes, is die duidelikste sistematiese verskil tussen die onderskeie stylverskuiwingskurwes van die twee subgroepe merkbaar by die vokaalveranderlikes (ə), (e), (ø) en (œ i) (vgl. fig. 14 tot 17). Hieruit is dit duidelik dat die jonger groep konsekwent in 'n groter mate konformeer aan die standaardnorm as die ouer groep. Die verskil blyk nog duideliker uit die grafiek vir (o) (fig. 20), waar die ouer groep selfs geen styl= verskuiwing toon nie, terwyl die jonger groep wel deeglik verskuif. Wat (o) betref, lyk dit dus asof die status van die veranderlike in die proses is om te verander vanaf dié van 'n indikator (tipe 1) tot dié van 'n merker. 'n Soortgelyke proses vind ook plaas by (j) (fig. 21), hoewel daar

:og 'n geringe mate van stylverskuiwing by die ouer groep
erkbaar is. Die groot verskil in die patroon van styl=
erskuiwing by (j) dui op sterk hiperkorreksie by die jonger
groep, wat weer 'n aanduiding is van taalonsekerheid en 'n
ewustheid van die sosiale indekswaarde van die betrokke
eranderlike. (Vgl. in hierdie verband Goyvaerts en Velders
975: 34.) Uit die grafieke vir (r) en (nt) (fig. 18 en 19)
an afgelei word dat hierdie twee veranderlikes, gemeet aan
ie aansienlike stylverskuiwing by albei groepe, reeds
gevestigde merkers is en waarskynlik t.o.v. sosiale en
sosio-kulturele stratifikasie (vgl. par. 3.5.4) 'n beduidende
onderskeidingswaarde sal hê.

Wat die grammatiese veranderlikes betref, blyk dit uit die tabel dat die jonger groep slegs by (eind) en (gaan) beduidend hoër gemiddeldes as die ouer groep behaal, en dat die omgekeerde, m.a.w. konformering aan die omgangstaalnorm,




Fig. 14-Styl by ouderdom (2 groepe)




Fig. 15-Styl by ouderdom (2 groepe)

(œi)-indeks




Fig. 16-Styl by ouderdom (2 groepe)

(Ø)-indeks




Fig. 17-Styl by ouderdom (2 groepe)

(r)-indeks




Fig. 18-Styl by ouderdom (2 groepe)

(u)-indeks




Fig. 19-Styl by ouderdom (2 groepe)

(o)-indeks




Fig. 20-Styl by ouderdom (2 groepe)

(j)-indeks




Fig. 21-Styl by ouderdom (2 groepe)

slegs by (reg) en (leks) die geval is:

	Ouer	Jonger
(tel)	87	88
(eind)	72	80
(leks)	69	46
(gaan)	35	45
(reg)	36	24
(dit)	29	26

Tabel 9: Grammatiese veranderlikes by ouderdom

Om terug te keer tot die fonologiese veranderlikes: Ten einde 'n duideliker beeld te verkry van die patroon van styl= verskuiwing, is die ondersoekgroep verder in vier ouder= domsgroepe verdeel, t.w. jeugdiges (15-20), twintigers (21-29), veertigers (40-49) en seniors (50-75). Hierdie

groepering het getalsgewys die mees eweredige verdeling geblyk te wees en die resultate het ook 'n heelwat hoër peil van statistiese beduidendheid vertoon as by die tweeledige verdeling. Om dié rede is slegs die veranderlikes betrek wat wel statisties getoets kon word. In tabelvorm sien die resultate so daar uit:

	Jeugdiges				Twintigers			
	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	119	196	188	94	121	183	191	99
(ə)	63	81	99	89	66	92	94	76
(nt)	18	66	49	31	14	52	47	14
(e)	25	128	95	36	32	143	106	49
(o)	10	-	14	18	11	-	38	17
(r)	10	153	108	14	15	157	100	21

	Veertigers				Seniors			
	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	124	139	144	127	131	134	163	128
(ə)	54	75	94	60	51	75	79	54
(nt)	21	73	64	30	18	57	45	12
(e)	25	109	77	29	18	106	73	15
(o)	10	-	0	12	9	-	11	5
(r)	16	145	68	20	20	132	50	21

Tabel 10: Ouderdomsgroepe by styl

Vir elke veranderlike is die verskil tussen alle moontlike groeperings van die subgroepe volgens styl statisties getoets, en die veranderlikes ten opsigte waarvan die nulhipotese by die F-toets verwerp kon word, word hieronder getabuleer. Indien dit ook by die T-toets die geval was, word die waarskynlikheidspeil vir dié toets verstrek.

Veranderlike			F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid(T)	
(j)	styl	B (J/T)	10,54	-	
		(J/V)	23,28	0,010	J: Jeugdiges
		(J/S)	27,24	0,005	T: Twintigers
		C (J/V)	6,54	0,050	V: Veertigers
		(T/V)	8,12	0,025	S: Seniors
		(T/S)	3,63	-	
(ə)		B (J/T)	8,61	-	
		(J/V)	3,49	-	
		(T/S)	6,44	-	
		C (J/T)	26,73	-	
		(J/V)	6,36	-	
		(J/S)	61,82	0,050	
		(V/S)	9,71	-	
(nt)		C (J/S)	2,44	-	
		D (J/S)	3,04	-	
(e)		A (J/V)	2,55	-	
		(J/S)	4,45	-	
		B (J/T)	2,91	-	
		(T/V)	3,63	-	
		(T/S)	3,31	-	
		C (V/S)	3,03	-	
		D (J/T)	2,80	-	
		(J/V)	5,90	-	
		(J/S)	7,86	-	
		(T/S)	2,81	0,005	
(o)		A (J/V)	3,24	-	
		D (J/T)	4,13	-	
		(J/S)	12,17	-	
		(T/S)	2,95	0,025	
		(V/S)	4,40	-	
(r)		A (J/V)	2,84	-	

Tabel 11: Statistiese toetse: ouderdomsgroepe by styl

Soos in die geval van die tweeledige verdelings van die ondersoekgroep wat tot dusver ontleed is, kan die sistematiese verskille (veral ook t.o.v. stylverskuiwing) ook hier ten beste aan die hand van grafieke geïllustreer word. Skerp verskille tussen die formele (B en C) en die informele style (A en D), veral by die jeugdiges en twintigers, blyk uit die grafieke vir (e), (nt), (j) en (r) (fig.22 tot 25). Die opmerking vroeër in die paragraaf oor die hiperkorreksie van (j) deur die jonger groep, in teenstelling met die oueres word gerugsteun deur fig. 24, waar die aansienlike verskil in die stylverskuiwingspatroon tussen die jeugdiges en twintigers aan die een kant en (veral) die veertigers en

(e)-indeks




Fig. 22-Styl by ouderdom (4 groepe)

(nt)-indeks




Fig. 23-Ouderdom by styl (4 groepe)

(j)-indeks




Fig. 24-Styl by ouderdom (4 groepe)

(r)-indeks




Fig. 25-Styl by ouderdom (4 groepe)




Fig. 26-Ouderdom by styl (4 groepe)




Fig. 27-Ouderdom by styl (4 groepe)

seniors aan die ander opvallend is. By (ə) (fig.26) is daar 'n algehele verhoging van die gemiddelde indekswaarde by die jonger groepe, veral as die waardes vir die twintigers met dié van die seniors vergelyk word. Dit dui, in terme van skynbare tyd (vgl. fig.6), op 'n fonologiese verandering nader aan die standaard-norm. Laastens val die (ietwat vereen= voudigde) posisie van (o) soos deur fig. 20 weergegee in duideliker perspektief deur die uiteensetting van styl= verskuiwingspatrone in fig. 27. Die onstabiele patroon van styl C (hiperkorreksie by die twintigers en totale verhoging by die veertigers) is 'n verdere aanduiding van opgangsynde verandering - in watter rigting, sal eers duidelik word wanneer die veranderlike deur die loep van sosiale of sosio- kulturele stratifikasie beskou word.

Terwyl die hipotese m.b.t. taalverandering op die aanname berus (vgl. par. 6.1(2)) dat skynbare en werklike tyd gelyk= gestel word, kan daar op grond van die ontleding van die data gekonkludeer word dat versteurings in die kovariasie=

patroon inderdaad by sommige veranderlikes voorkom, dat fonetiese (en grammatiese) realiseringsverskille tussen die ouderdomsgroepe kenmerkend is van sekere veranderlikes, en dat hierdie waarnemings dui op 'n toename in die gebruiks= frekwensie van die omgangstaalvariante by sommige ver= anderlikes, en van die standaardvariant by ander. Eers wanneer die sosiale matriks, waarbinne enige taalverandering plaasvind (vgl. Weinreich e.a. 1968: 175-176), deegliker ondersoek is, sal daar met groter stelligheid oor die meganisme van verandering by die betrokke veranderlikes uitspraak gegee kan word.

3.5.3 Meerdimensionele ontledings

Op grond van die ingewikkelde konfigurasie van nie= linguistiese faktore wat 'n rol speel by die bepaling van die individu se sosiale identiteit (vgl. par. 3.1), behoort die beeld van gestratifieerde taalgebruik steeds duideliker te word hoe meer sosiale veranderlikes gelyktydig in berekening gebring word (vgl. ook Klopper (1976: 89) se opmerking in dié verband). Indien daarby in gedagte gehou word dat die informele styl (waarin die omgangstaalnorm die sterkste invloed uitoefen) volgens Labov (1978: 112) die mees reël= matige struktuur openbaar, kan ons verwag dat die frekwensie= verskille opvallender sal wees wanneer twee sosiale veranderlikes (bv. ouderdom en geslag) gelyktydig verreken word en as die vergelyking op die informele styl gebaseer word. Daarom sal daar dan ook d.m.v. histogramme 'n uit= beelding van sulke vergelykings gegee word telkens wanneer die tweedimensionele ontleding (t.o.v. bv. mans/vroue of oueres/jongeres) van beide sosiale veranderlikes afgehandel is.

3.5.3.1 Geslag by ouderdom

'n Opvallende kenmerk van die taalveranderlikes wat hier, soos by die ander korrelasie-ontledings, na vore kom, is die

uiteenlopende wyses waarop hulle as sosiale merkers fungeer, wat op sigself ook 'n aanduiding kan wees van die rigting waarin die betrokke segment taalhistories evolueer. Die histogramme wat die frekwensieverspreiding t.o.v. (o) en (nt) (fig. 32 en 33) uitbeeld, is bv. 'n verdere bevestiging van die waarneming dat hierdie veranderlikes 'n proses van evolusie ondergaan, en veral by die jonger groep toenemend as merkers begin fungeer. Dit is veral opmerklik dat, in teenstelling met die ouer groep, dit die jonger vroue is wat 'n groter sensitiwiteit openbaar t.o.v. die sosiale waarde van die prestige-variant. By (e) (fig.30) het die proses reeds verder gevorder en is dit die vroue van beide ouderdomsgroepe wat 'n hoër gebruiksfrekwensie van die prestige-variant toon. 'n Meer stabiele stratifikasiepatroon blyk egter uit die histogram vir (r) (fig. 31), waar sowel die jonger as die ouer vroue 'n laer frekwensiewaarde as die manlike subgroepe toon.

3.5.3.2 Ouderdomsgroepe by geslag

Die verdere verdeling in vier ouderdomsgroepe bring nog 'n aspek van geslags-gestratifieerde taalgebruik aan die lig: By al die ondersoekte veranderlikes handhaaf die mans in die ouderdomsgroep 40-49 'n relatief hoë frekwensie van die prestige-variant. Trouens, die hoogste waarde van al die subgroepe word by die veertigers aangetref t.o.v. (nt), (r), (e) en (o) (Fig.36 tot 39). (Vgl. ook tabel 1 in Bylae H.) 'n Moontlike verklaring is dat dié groep 'n ekonomiese aktiewe en stabiele deel van die gemeenskap verteenwoordig, en daarom (onbewustelik) ook 'n hoë premie plaas op die sosiale waarde wat deur die standaardnorm weerspieël word.

(j)-indeks




Fig. 28-Geslag by ouderdom

(a)-indeks




Fig. 29-Geslag by ouderdom

(e)-indeks




Fig. 30-Geslag by ouderdom

(r)-indeks




Fig. 31-Geslag by ouderdom

(o)-indeks




Fig. 32-Geslag by ouderdom

(nt)-indeks




Fig. 33-Geslag by ouderdom

(a)-indeks




Fig. 34-Ouderdomsgroepe by geslag

(j)-indeks




Fig. 35-Ouderdomsgroepe by geslag

(nt)-indeks




Fig. 36-Ouderdomsgroepe by geslag

(r)-indeks




Fig. 37-Ouderdomsgroepe by geslag

(o)-indeks




Fig. 38-Ouderdomsgroepe by geslag

(e)-indeks




Fig. 39-Ouderdomsgroepe by geslag

3.5.4 Klassestratifikasie en sosio-kulturele faktore

As gevolg van die reeds gemelde verbrokkeling van die tradisionele gemeenskapstruktuur (vgl. par. 2.2.2) sou dit noodsaaklik wees om die konvensionele maatstawwe vir die bepaling van 'n persoon se posisie in die maatskappy (soos opvoeding, beroep, inkomste en woongebied) in heroënskou te neem. Die ondervinding in die veld het die noodsaaklikheid hiervan verder onderstreep. 'n Respondent wat homself 'n 'smous' genoem het, het bv. geblyk die eienaar van 'n reeks groentewinkels sowel as agt vulstasies te wees. Tog het sy taalgebruik 'n hoë mate van konformering aan die omgangstaal= norm getoon. Sy geloofsgenote het hom beskou as tartiep (presies in sy geloof), en daarby is hy 'n afstammeling van 'n beroemde Maleierfamilie (sy assal is hoog). 'n Ander respondent, kleremaker van beroep, het in veel nederiger omstandighede gewoon, terwyl sy taalgebruik weer nader aan die standaardnorm gelê het. Sulke skynbare teenstrydighede

was die reël eerder as die uitsondering. Daarom is daar by wyse van proefneming 'n indeling van die ondersoekgroep op die grondslag van sowel beroeps- en ekonomiese faktore as 'n kombinasie van beroeps-, assal- en tartiepwaardes gemaak. 'n Vergelyking van die veranderlike-matrikse het aan die lig gebring dat alhoewel stratifikasie- en stylverskuiwings= patrone by beide groeperings duidelik onderskei kon word, die statistiese toetse in die tweede geval tog beter resultate gelewer het. Ten slotte is die groep op grond van assal- en tartiepwaardes onderskeidelik verdeel om die relatiewe korrelasie met taalveranderlikes vas te stel.

3.5.4.1 Beroep by styl

Die indekswaardes vir die fonologiese waardes in die onder= skeie style t.o.v. die beroepsklasse Hoog, Middel en Laag word soos volg getabuleer:

	Hoog				Middel				Laag			
	A	B	C	D	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	131	162	170	141	115	163	171	109	138	158	187	45
(ə)	80	86	98	78	52	77	84	53	56	83	98	78
(nt)	25	77	51	23	15	55	54	20	5	34	38	6
(y)	19	-	106	4	12	-	91	12	40	-	69	0
(e)	34	127	91	36	19	121	87	33	18	110	84	14
(o)	12	-	23	15	10	-	23	11	6	-	13	5
(r)	20	147	71	24	14	144	87	20	4	151	87	3
(ø)	29	76	-	7	10	77	-	11	0	38	-	0
(œ i)	4	145	29	2	6	107	85	16	0	130	114	0

Tabel 12: Beroep by styl

Die statistiese beduidenheidstoetse het die volgende resultate opgelewer:

Veranderlike		F-waarde	Waarskynlikheid(T)
(j) styl	B (H/L)	4,21	-
	(M/L)	2,61	-
(ə)	B (H/M)	2,25	-
	(M/L)	6,60	-
	C (H/M)	2,73	-
	(M/L)	38,18	-
(nt)	A (H/L)	4,61	0,050
	(M/L)	4,37	0,050
(e)	B (H/M)	2,19	-
	(H/L)	2,48	-
	C (H/L)	2,98	-
	D (H/M)	2,05	-
	(M/L)	5,58	-
(r)	A (H/M)	2,05	-
	(H/L)	12,89	-
	(M/L)	6,30	-
	D (H/L)	18,69	0,005
	(M/L)	11,72	0,050

Tabel 13: Statistiese toetse: beroep by styl

3.5.4.2 Sosio-kulturele klas (SKK) by styl

Die indekswaardes vir die fonologiese veranderlikes in die onderskeie style t.o.v. die sosio-kulturele klasse Hoog, Middel en Laag word soos volg getabuleer:

	Hoog				Middel				Laag			
	A	B	C	D	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	149	178	188	151	111	157	161	125	115	154	171	69
(ə)	76	89	99	87	51	82	89	56	50	73	87	57
(nt)	25	75	54	28	17	68	55	22	10	42	43	10
(y)	19	-	105	3	8	-	105	17	21	-	75	7
(e)	44	129	97	45	19	122	101	34	14	116	77	17
(o)	18	-	33	21	10	-	25	12	4	-	8	4
(r)	25	145	74	27	12	143	82	21	11	151	85	11
(ø)	16	74	-	11	4	86	-	10	4	55	-	0
(œ i)	6	41	35	4	3	93	59	10	4	118	102	10

Tabel 14: SKK by styl

Die statistiese beduidendheidstoetse het die volgende resultate opgelewer:

Veranderlike			F-waarde	Waarskynlikheid(T)
(j)	styl	B (H/L)	4,03	-
		C (H/M)	3,99	-
(ə)		B (M/L)	2,17	-
(nt)		D (H/L)	2,99	0,050
(e)		A (H/L)	2,56	0,050
		(M/L)	3,82	-
		C (H/M)	2,39	-
		(H/L)	2,68	-
		D (H/M)	2,94	-
		(M/L)	6,47	-
(o)		A (H/L)	4,87	0,050
		(M/L)	5,09	-
		C (H/L)	4,59	-
		(M/L)	3,08	-
		D (H/L)	6,67	0,050
		(M/L)	7,48	-
(r)		A (H/M)	4,37	0,025
		(H/L)	2,82	0,010
		D (H/L)	3,43	0,050

Tabel 15: Statistiese toetse: SKK by styl

Die indekswaardes t.o.v. sosio-kulturele klas is in drie opsigte statisties meer beduidend as dié t.o.v. beroep: Die variansie-ontleding het by al ses veranderlikes wat getoets is, beduidende verskille uitgewys, teenoor vyf by beroep; die T-toets het beduidende verskille uitgewys by sewe sub-groepe, teenoor slegs vier by beroep; en die variansie-ontleding kon, ten spyte van die lae frekwensie, by die grammatiese veranderlike (eind) ook 'n beduidende verskil uitwys tussen die hoër en laer klas (F-waarde 3,21). Op grond hiervan sal die klassestratifikasie op grond van sosio-kulturele faktore as uitgangspunt dien by die ontleding van die afhanklike veranderlikes.[30]

30) Weens die omvang daarvan en die ruimte wat dit in beslag neem, word die res van die frekwensie-tabelle in Bylae H en die resultate van die statistiese toetse in Bylae I opgeneem en word daar, indien nodig, na die betrokke bylae verwys.

Die grafieke toon by al die veranderlikes, met uitsondering van (r) (fig.44), duidelike stratifikasie tussen die hoër klas en die laer klasse. Opvallend is egter die voorkoms van hiperkorreksie by die middelklas in die formele style t.o.v. (Ø) en, in 'n mindere mate, (nt), (e) en (r) (fig. 42, 43 en 44 resp.). Patroonmatige verskille deur al die stylvlakke heen tussen die middel- en laer klasse kom ook




Fig. 40: SKK by styl




Fig. 41: SKK by styl

(r)-indeks




Fig. 44-SKK by styl

(o)-indeks




Fig. 45-SKK by styl

(nt)-indeks




Fig. 42: SKK by styl

(e)-indeks




Fig. 43: SKK by styl




Fig. 46-SKK by styl

voor by (nt), (e), (Ø) en, veral, (o) (fig. 42, 43, 46 en 45 resp.). In lg. geval vind ons 'n klassieke voorbeeld van die sg. "change from above" (vgl. Romaine 1982: 263), waar daar by die hoër klasse duidelike stylverskuiwing plaasvind, terwyl die frekwensieverskil tussen formele en informele style by die laer klas maar sowat 4% behels. Dit is ook duidelik dat hiperkorreksie nie tot die middelklas beperk is nie, aangesien die laerklas-waardes in die formele styl(-e) by sowel (j) (fig. 41) as (r) (fig. 44) dié van die middelklas oorskry, en by (j) selfs dié van die hoër klas.

3.5.4.3 SKK by grammatiese veranderlikes

'n Histogram wat die relatiewe waardes by die onderskeie klasse t.o.v. die grammatiese veranderlikes uitbeeld (fig.47), toon dat, soos by die fonologiese veranderlikes, daar 'n duidelike verskil tussen die hoër klas aan die een kant en die laer klasse aan die ander te bespeur is. In die geval van (gaan), (reg) en (leks) geld dié verskil ook die verhouding

middelklas/laer klas. (Sien ook tabel 2 in Bylae H.)

3.5.4.4 SKK by geslag

As geslagsverskil gelyktydig met sosio-kulturele stratifikasie in berekening gebring word, lewer die resultate by die ontleding van die taalveranderlikes ook 'n duideliker beeld van die rol wat mans en vroue van elke klas onderskeidelik speel. Reëlmatige, feitlik simmetriese verskille kom voor by (j) en (e) (fig. 48 en 51), deurdat die mans in elke geval 'n hoër gemiddelde waarde as die vroue, en elke klas progressief 'n hoër gemiddelde as die laer klas toon. Dit is kenmerkend van wat Labov 'n 'stabiele sosiolinguistiese merker' noem (Labov 1978: 238). Aan die ander kant is die stratifikasie t.o.v. (r) (fig. 53) so fyn, veral by vroue van al drie klasse, dat (r) hier eerder die funksie van 'n indikator (tipe 2) vervul. Dit is egter slegs by (o) (fig.52) en (nt) (fig.50) dat daar 'n duidelike versteuring in die kovariasiepatroon voorkom, deurdat die vroue in albei




Fig. 47-Grammatiese veranderlikes by SKK

(j)-indeks




Fig. 48-SKK by geslag

(a)-indeks




Fig. 49-SKK by geslag

(nt)-indeks




Fig. 50-SKK by geslag

(e)-indeks




Fig. 51-SKK by geslag

(o)-indeks




Fig. 52-SKK by geslag

(r)-indeks




Fig. 53-SKK by geslag

gevalle feitlik 'n ewe hoë frekwensiegemiddelde in sowel die hoër as die middelklas toon, en by (nt) selfs ietwat hoër as dié van die manlike subgroep in die middelklas. Indien die rol van die middelklasvrou as taalvernuwer hier aanvaar word, sou dit beteken dat die sosiale waarde van hierdie twee veranderlikes aan die toeneem is, en dat, afhangende van die toename van hierdie waarde, die frekwensiegemiddeldes vir die gemeenskap as 'n geheel dienooreenkomstig behoort te styg. (Sien ook Bylae H, tabel 3).

3.5.4.5 SKK by ouderdom

Wat sopas t.o.v. die rol van middelklasvroue en die op= komende posisie van (o) as sosiale merker gesê is, word gerugsteun deur die histogram wat die gelyktydige verrekening van sosio-kulturele klas en ouderdom illustreer (fig.54). Die relatief hoë waarde van (o) by die jonger lede van die middelklas dui op 'n soortgelyke versteuring van die

kovariasiepatroon. Die statistiese toetse (tabel 5, Bylae I) gee ook blyke van 'n hoë mate van beduidendheid wat die verskille tussen die gemiddeldes betref. Dit geld insgelyks vir die patroonversteuring by (e) (fig. 58), wat dui op 'n neiging by die jonger groep om nader aan die standaardnorm te beweeg. Die relatief stabiele posisie van (j) (fig. 55) en (r) (fig.59), soos in die vorige paragraaf, laat blyk dat die omgangstaalnorm nie beduidend afgeneem het by die jonger groepe in enige van die sosiale klasse nie. Wat wel opvallend is, is dat (ə) by die jonger groepe wel 'n sterk neiging na die standaardnorm vertoon.

Die vraag kan ontstaan, veral ook t.o.v. grammatiese veranderlikes (fig. 47), waarom die verskille tussen die middel- en laer klas minder opmerklik is as dié tussen die hoër en laer klasse. 'n Verklaring wat in dié verband ge= bied kan word, is dat die sosiale verbrokkeling waarvan in hfst. 2 melding gemaak is, en die gepaardgaande verlaging in die status van baie eertyds hoog aangeslane beroepe, meegebring het dat die grense tussen middelklas- en laerklasberoepe, en daarmee saam ook tussen die klasse as sodanig, labiel geraak het en dat hierdie toestand ook in die taalgebruik van betrokke klasse weerspieël word.




Fig. 54-SKK by ouderdom




Fig. 55-SKK by ouderdom

(a)-indeks




Fig. 56-SKK by ouderdom

(nt)-indeks




Fig. 57-SKK by ouderdom

(e)-indeks




Fig. 58-SKK by ouderdom

(r)-indeks




Fig. 59-SKK by ouderdom

5.5 Assal en tartiepskap

'n Ontleding van korrelasiegrafieke wat op die frekwensie= tabelle (Bylae H, tabel 5) gebaseer is, toon, met uitsondering van (o) (fig. 60), dat die taalgebruik van die Maleiergemeen= skap nie t.o.v. assal skerp gestratifieer is nie. In die geval van (o) toon die hoër klas 'n duidelike stylverskuiwing, terwyl die laer klas selfs 'n effens laer frekwensie van die standaardvariant in die formele styl wys. Die ander veranderlikes toon wel 'n duidelike stylverskuiwingspatroon, maar dit skyn of daar geen konsekwente korrelasie tussen die taalvariasiepatrone en die sosiale stratifikasiematriks bestaan nie. (Vgl. fig. 61).

Wat die rol van tartiepskap betref, is die situasie egter heeltemal anders. Met die uitsondering van (j) (fig. 62) in styl D, en (nt) in styl A (fig. 64), toon respondente wat tartiep is, deurgaans 'n laer gemiddelde gebruiksfrekwensie van die prestige-variant as dié wat nie tartiep is nie. Die skerpste stratifikasie kom voor (in dié volgorde) by (o) (fig. 66), (ə) (fig. 63), (œ i) (fig. 69), (ø) (fig. 68), (r) (fig. 67) en (e) (fig. 65). Wat (y) betref, lyk dit asof hierdie veranderlike in die geval van baie sosiale groeperings bloot 'n stereotipe is, en hoogstens die funksie van 'n indikator (tipe 2) vervul. Voorts dui die histogram wat frekwensieverskille t.o.v. die grammatiese veranderlikes uitbeeld (fig. 70), ook op skerp verskille by al die af= hanklike veranderlikes, behalwe (tel), wat op die formele styl gebaseer is.

Die hipotese wat aan die voorafgaande resultate getoets word, nl. dat sosio-religieuse faktore 'n belangriker rol speel t.o.v. taalgebruiksverskille by die Maleiergemeenskap as sosiale stratifikasie volgens Westerse maatstawwe, word hiermee ge= kwalifiseerd gestaaf. Omdat tartiepskap 'n sterker verbondenheid aan die Islamitiese etiek impliseer, en daarmee saam aan intra-groepsnorme ook op taalgebied, vind dit by die spreker neerslag in 'n hoër frekwensie omgangstaalvorme as by dié wat

(o)-indeks




Fig. 60-Assal by styl

(e)-indeks




Fig. 61-Styl by assal

(j)-indeks




Fig. 62-Styl by tartiep

(ə)-indeks




Fig. 63-Styl by tartiep

(nt)-indeks




Fig. 64-Styl by tartiep

(e)-indeks




Fig. 65-Styl by tartiep

(o)-indeks




Fig. 66-Styl by tartiep

(r)-indeks




Fig. 67-Styl by tartiep

(Ø) -indeks




Fig. 68-Styl by tartiep

(œi) -indeks




Fig. 69-Styl by tartiep




Fig. 70-Grammatiese veranderlikes by tartiep

ie tartiep is nie en hierdie verbondenheid dus nie so sterk rvaar nie. Dat tartiepskap ook wel verband hou (nie noodwendig oorsaaklik nie) met demografiese faktore, blyk uit kruistabulerings waarby tartiepskap, ouderdom en geslag in berekening gebring is:

	MANS	VROUE
TARTIEP	16	18
NIE-TARTIEP	10	9

	OUD	JONK
TARTIEP	21	13
NIE-TARTIEP	6	13

Tabel 16: Tartiepskap by geslag by ouderdom

Hiervolgens is 78% van die ouer groep tartiep, teenoor slegs 50% van die jonger groep; en 66,7% van die vroue, teenoor slegs 61,5% van die mans. Die toepassing van 'n chi-kwadraattoets (om die statistiese beduidendheid van die frekwensieverskille te bepaal) het gelei tot die verwerping van die nulhipotese op die waarskynlikheidsvlak van 0,05, sodat daar met 'n stelligheid van 95% aanvaar kan word dat hierdie verskille wel beduidend is t.o.v. die betrokke veranderlikes. Globaal beskou, korreleer die laer persentasie tartiepskap by die jonger groep dus wel met die hoër waardes wat die jonger groep oor die algemeen t.o.v. die gebruik van die standaardvariante behaal het. Die waarde-verskille tussen die tartiep-groep en die nie-tartiepgroep is verder meer markant as dié tussen die ouer groep en die jonger groep. Die kleiner persentasieverskil, wat tartiepskap betref, tussen die mans en die vroue is ook vergelykbaar met die minder konsekwente verskille tussen dié twee groepe t.o.v.

die taalveranderlikes. Die rol wat tartiepskap speel by die bepaling van taalverskille tussen sosiale kategorieë,val dus nie te betwyfel nie. Aan die ander kant het lidmaatskap van sosiale groepe gebaseer op die afkoms (assal) van respondente geen duidelike linguistiese korrelate nie, sodat hierdie faktor by die sosiolinguistiese stratifikasie van die Maleiergemeenskap buite rekening gelaat kan word. Die sosio-kulturele verskille wat, in terme van die hipotese, met taalgebruiksverskille korreleer, is dus uitsluitlik gebaseer op die mate van integrasie by die eties-godsdienstige net= werk wat die digtheid van die gemeenskapstruktuur bepaal, en nie op die historiese verband wat die status van die respondent aan familiale faktore koppel nie.

3.5.6 Woongebied

Die grafieke wat die relatiewe verskille op die onderskeie stylvlakke tussen respondente uit verskillende woongebiede uitbeeld, toon met die eerste oogopslag geen duidelike stratifikasiepatroon nie. (Vgl. ook tabel 9 in Bylae H.) In= dien die twee woongebiede wat die minste onderhewig was aan ontwrigting en verbrokkeling (wat met hervestigings ingevolge die Groepsgebiedewet gepaard gegaan het), nl. Walmer Estate en die Bo-Kaap, egter met mekaar vergelyk word, is sistematiese verskille t.o.v. al die fonologiese veranderlikes (behalwe (œ i), asook die grammatiese veranderlikes (gaan), (eind) en (leks) (fig. 79), opmerklik. In elke geval is die gemiddelde waardes van die Walmer-respondente aansienlik nader aan die standaardnorm as dié van die Bo-Kaaprespondente. 'n Vergelyking van die waardes vir die ander woongebiede, nl. die Vlakte, die Suidelike Voorstede en die Onder-Kaap (gesamentlik voortaan die VSO-respondente) toon groot skommelings t.o.v. die taalveranderlikes. Die styl= verskuiwingspatrone by Walmer Estate en die Bo-Kaap toon ook heelwat meer onderlinge ooreenkomste as dié by die ander woongebiede. By (j) (fig. 72) en (o) (fig. 75) byvoorbeeld, is daar nouliks sprake van frekwensieverhoging in die formele style, en (o) ondergaan trouens 'n verlaging, terwyl

die VSO-respondente baie duidelik hiperkorrigeer. Die verandering in die status van (o) as merker is dus klaarblyklik geïnisieer in dié woongebiede wat die grootste mate van maatskaplike ontwrigting ondergaan het. Die Onder-Kaap, wat die voormalige Distrik Ses insluit, toon ook deurgaans die skerpste stylverskuiwingspatrone by al die fonologiese veranderlikes. Daar kan gevolglik min twyfel bestaan oor die aantoonbaarheid van linguistiese korrelate van sosiale verandering.




Fig. 71 - Woongebied by styl




Fig. 72 - Woongebied by styl

(nt)-indeks




Fig. 73 - Woongebied by styl

(e)-indeks




Fig. 74 - Woongebied by styl

(o)-indeks




Fig. 75 - Woongebied by styl

(r)-indeks




Fig. 76 - Woongebied by styl

(Ø)-indeks




Fig. 77 - Woongebied

by styl

(œi)-indeks




Fig. 78 - Woongebied

by styl




Fig. 79-Grammatiese veranderlikes by woongebied

Wat betref die verskille tussen Walmer en die Bo-Kaap, moet daarop gewys word dat Walmer in die Maleiergemeenskap bekend staan as 'n gebied waar daar 'n groter konsentrasie van meer gegoedes woon wie se lewenspatroon in verskeie opsigte (bv. met betrekking tot kleredrag en eetgewoontes) Westerse maatstawwe navolg, terwyl die Bo-Kaap sosio-ekonomies meer heterogeen is en 'n sterker tradisionele inslag m.b.t. lewenswyse het.

Die hipotese wat aan die resultate getoets word, nl. dat daar as gevolg van sosiale en kultureel-religieuse faktore weinig verband bestaan tussen lokaliteit en taalvariasie, word wel gestaaf insoverre dit betrekking het op woongebiede wat aan sosiale verbrokkeling onderhewig is, maar die integrerende uitwerking van kultureel-religieuse faktore blyk nie sterk genoeg om sosiale verskille op linguistiese vlak te nivelleer by dié woongebiede wat verteenwoordigend van verskillende sosio-ekonomiese klasse is nie.

3.5.7 Die gespreksituasie

Die verdeling in drie veldwerkgroepe om die korrelasie tussen gespreksituasie en taalvariasie te ondersoek, is deels diskreet en deels kontinu. Dit is diskreet in dié opsig dat die afbakening berus op die teenwoordigheid al dan nie van 'n vreemdeling en/of bekende (geloofsgenoot), en kontinu in dié opsig dat die verskillende situasies nie digotomiese teenstellings vorm nie, maar op 'n drieledige skaal gerangskik word wat strek van 'n vreemdeling/respondent-gesprek tot die normale interaksie tussen bekendes. Die tussenstadium (waar sowel vriend as vreemdeling teenwoordig is) sou dus varieer wat die formaliteit van die situasie betref, afhangende van die betrokkenheid (bewustelik of onbewustelik) van die kontakpersoon. By 'n ontleding van die resultate sal dié feit in gedagte gehou moet word.

Met uitsondering van die ontrondingsveranderlikes ((y), (ø) (œ ɛ)), is 'n opvallende kenmerk van al die fonologiese veranderlikes by styl A en D en die grammatiese veranderlikes (gaan), (dit), (eind) en (leks) (fig. 87) dat veldwerkgroep C (wat die vreemdeling/respondent-situasie verteenwoordig) die hoogste gemiddelde waardes toon. Dieselfde veranderlikes (met uitsondering van (eind)) het by groep A (wat die vriende-gesprek verteenwoordig) weer in elke geval die laagste waardes getoon. Hierdie waarneming dui op 'n duidelike korrelasie tussen situasieverskuiwing en taalvariasie.




Fig. 80 - Veldwerkgroep by styl




Fig. 81 - Veldwerkgroep by styl

(r)-indeks




Fig. 82 - Veldwerkgroep by styl

(œi)-indeks




Fig. 83 - Veldwerkgroep by styl

(nt)-indeks




Fig. 84 - Veldwerkgroep by styl

(j)-indeks




Fig. 85 - Veldwerkgroep by styl

(ə)-indeks




Fig. 86 - Veldwerkgroep by styl




Fig. 87-Grammatiese veranderlikes by veldwerkgroep

Indien ons nou na die stylverskuiwingspatrone kyk, blyk dit dat groep A by al die genoemde fonologiese veranderlikes (behalwe (ə)) in die woordelysstyl (B) en in al die style by (e), (r), (o) en (œ i), die skerpste hiperkorreksie= gradiënt vertoon, in so 'n mate dat selfs die hoogste waardes by groep C oortref word. 'n Afleiding wat hier gemaak kan word, is dat gevolgtrekkings wat t.o.v. stylverskuiwing deur buitestaanders gemaak word en wat op 'n gesprek-situasie gebaseer is waarin die buitestaander self betrokke is, maklik 'n onderskatting van die werklike omvang van sodanige verskuiwing kan wees. Die gemiddelde verskil in stylverskuiwing (hoogste en laagste waardes) tussen groep A en groep C t.o.v. (o), (e), (r), (œ i), (nt), (j) en (ə) is ongeveer 24% (vgl. fig. 80 tot 86). Die duidelikste versteuring in die kovariasiepatroon, wat gevolglik 'n aan= duiding van taalverandering kan wees, is weer eens by (o) te bespeur, waar hiperkorreksie by groep A en B voorkom, maar heeltemal afwesig is by groep C, en trouens in die

teenoorgestelde rigting neig.

Alles in ag geneem, dui die resultate van die ontleding dus op 'n bevestiging van die hipotese, nl. dat taalpragmatiese faktore die frekwensie van kwantifiseerbare linguistiese korrelate van sowel situasie- as stylverskuiwing beïnvloed.

3.5.7.1 Veldwerkgroep by geslag

Ten spyte van die algemene neiging tot hiperkorreksie in die formele style by groep A en die meer stabiele stylverskuiwings= patroon by groep C, is dit uit histogramme wat die interaksie tussen veldwerkgroep en geslag in styl A uitbeeld (fig. 88 tot 92) duidelik dat vroue 'n groter mate van sensitiwiteit vir situasieverskuiwing openbaar by (o), (j), (nt) en (e), deurdat die gemiddeldes vir vroue in groep C nie slegs hoër as dié




Fig. 88-Veldwerkgroep by geslag




Fig. 89-Veldwerkgroep by geslag

(a)-indeks




Fig. 90-Veldwerkgroep by geslag

(nt)-indeks




Fig. 91-Veldwerkgroep by geslag

(a)-indeks




Fig. 92-Veldwerkgroep by geslag

van mans in dieselfde groep is nie, maar ook hoër as dié van sowel mans as vroue in beide groep B en groep A. Dit geld ook vir (ə), buiten dat die hoër waarde by C ook vir mans geld en die hoër gemiddelde by mans deurgaans gehandhaaf word.

3.5.7.2 Veldwerkgroep by ouderdom

Indien die veldwerkgroepe elk op grond van ouderdom in twee subgroepe verdeel word, en die histogramme wat die onderskeie tellings uitbeeld (fig. 93 tot 95), word vergelyk, kom 'n soorgelyke patroon na vore as wat by die vroue-subgroep op= gemerk is. Soos by die vroue, toon die jonger groep ook t.o.v. (o), (e) en (ə) hoër tellings as die ouer subgroep in groep C - iets wat 'n sterk aanduiding is dat die standaard-variante 'n hoë prestige-waarde geniet en dat die veranderlikes onder druk verkeer om in die rigting van standaard-Afrikaans te evolueer. Gemeet aan die werklike frekwensies, is hierdie proses by (e) en veral (o) nog in die beginstadium, terwyl dit by (nt), (ə) en (j) reeds heelwat nader aan die standaard staan.




Fig. 93-Veldwerkgroep by ouderdom




Fig. 94-Veldwerkgroep by ouderdom

(o)-indeks




Fig. 95-Veldwerkgroep by ouderdom

3.6 Die formalisering van veranderlike-reëls (variasiereëls)

Uit die voorafgaande ontleding van variasieverskynsels is dit duidelik dat die sosiale waarde van die standaardnorm nie by alle subgroepe dieselfde gewig dra nie. Die korrelasie van die veranderlikes met tartiepskap is 'n voorbeeld van so 'n normeringsverskil. Die vraag of die opstel van taalreëls wat sowel linguistiese as buitelinguistiese faktore in berekening bring, daartoe kan bydra om 'n soort taalgebruiksgrammatika vir 'n bepaalde spraakgemeenskap te beskryf, word sterk betwyfel deur Romaine (1982: 267):

> Once we acknowledge the existence of different norms of speaking and prestige attached to them as co-existent within the same speech community, then the notion of the speech community describable in terms of its usage of a linguistic variable controlled by a single variable rule breaks down ... Within the context of the increasing number of sociolinguistic studies being

> carried out in new settings, the idea that a speech community can move as a whole in a certain direction in the way Labov suggests appears to be too simplistic.[31]

Hoewel geformaliseerde fonologiese en grammatiese reëls nuttige abstraksies is om transformasie-, variasie- en veranderingsprosesse mee te beskryf, is hulle nie sonder ge= breke nie (vgl. Klopper 1980: 15-16), en sal daar ook nie in hierdie proefskrif gepoog word om die prosesse wat wel geïdentifiseer kan word óf as transformasie- óf as variasiereëls te formaliseer nie. Waar moontlik, sal daar in die volgende hoofstuk, soos by die beskrywing van die veranderlikes aan die begin van hierdie hoofstuk, wel 'n beskrywing verstrek word van die linguistiese omgewing en sosiale faktore waarin bepaalde variante in die datakorpus voorkom.

3.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is sowel spesifieke hipoteses, wat be= trekking het op die betrokke ondersoekgroep, as die meer algemene werkshipoteses, wat aansluit by bepaalde aannames binne die sosiolinguistiese teorie, aan die data getoets. 'n Ontleding van die gegewens het gelei tot die bevestiging van die eerste spesifieke hipotese, nl. dat Maleier-vroue meer sensitief is as mans vir die sosiale prestigewaarde van standaardvorme deurdat die stylverskuiwingskurwe by hulle 'n skerper toename in die frekwensie van standaardvariante toon t.o.v. die formele style.

Die tweede spesifieke hipotese, nl. dat 'n radikale versteuring in die sistematiese kovariasie van ouderdomsverskille en styl= verskuiwing 'n sterk aanduiding van opgangsynde taalverandering is, is bevestig insoverre dit berus op die gelykstelling van

---

31) Labov het self geen illusies oor die teoretiese potensiaal van veranderlike-reëls nie. Hy erken (in Lavandera 1978: in 179): 'It is pretty clear that the linguistic variable or variable rules are not in themselves a theory of language but that they are all heuristic devices.'

skynbare en werklike tyd, maar soortgelyke versteurings by sommige veranderlikes (bv. (o)) t.o.v. sosiale dimensies soos sosio-kulturele klas, tartiepskap en woongebied, dra ook by tot die aanvaarbaarheid van die aanname.

Die derde spesifieke hipotese, wat die rol van sosio-religieuse faktore ten opsigte van taalgebruiksverskille by die Maleiergemeenskap hoër stel as dié van sosiale stratifikasie volgens Westerse maatstawwe, kan wel gestaaf word indien tartiepskap die enigste verdelende faktor is by die gemeenskap as 'n geheel. Terwyl assal as stratifikasiefaktor prakties geïgnoreer kan word, en stratifikasie volgens beroep statisties nie so beduidend ge= blyk het as dié volgens sosio-kulturele klas nie, sou die sosio-kulturele matriks, waarvolgens die klassestratifikasie in hierdie studie plaasgevind het, aanmerklik verstewig kon word indien tartiepskap 'n <u>laer</u> sosio-kulturele indeling van respondente tot gevolg gehad het. Dit is nl. duidelik dat die omgangstaalnorm, wat tradisioneel met die arbeiders= klasse in oorsese studies geassosieer is, in die Maleier= gemeenskap as solidariteitsfaktor fungeer, en dat tartiep= skap, wat 'n religieuse (nie-materiële) 'prestige-waarde' meebring, juis met 'n aanmerklik laer frekwensie van standaardvariante by respondente korreleer. Soos uit par. 3.5.6 (p. 126) blyk, verminder die onderskeidings= waarde van tartiepskap by 'n gemeenskap wat volgens Westerse maatstawwe 'n hoër sosio-ekonomiese klas verteenwoordig.

Die vierde spesifieke hipotese, nl. dat daar in die Maleier-gemeenskap, as gevolg van sosiale en kultureel-religieuse faktore, weinig verband bestaan tussen lokaliteit en taalvariasie, word deur die ontleding van die data weerlê in soverre dit betrekking het op relatief <u>stabiele</u> woongebiede, maar gestaaf t.o.v. woongebiede wat onderhewig was aan grootskaalse sosiale verandering. Die 'stabiele' woongebiede, nl. Walmer Estate en die Bo-Kaap, verskil in belangrike opsigte sistematies van mekaar, en

gesamentlik ook van die ander gebiede, wat geen onderlinge sistematiese taalverskille vertoon nie. Terwyl Walmer Estate 'n relatief hoë persentasie ekonomies meer welvarende inwoners het, en die Bo-Kaap 'n meer heterogene en ook tradisioneel gerigte bevolking, is daar 'n skerp stratifikasie tussen hierdie twee woongebiede, waar die veranderlike waardes by e.g. aanmerklik nader aan die standaardnorm is.

Die eerste werkshipotese, nl. dat die taalgebruik van enige taalgemeenskap sosiaal gestratifieer is op fonologiese en grammatiese vlak, word, met inagneming van die feit dat enige sosiale groeperings abstraksies is (en daarom feilbaar kan wees),[32] deur die data-ontleding gestaaf. Hoewel die fonologiese veranderlikes (y), (œ i), en (Ø), en die grammatiese veranderlikes (dit), (tel) en (leks) nie t.o.v. verskille tussen gemiddelde waardes statisties getoets kon word nie, is daar by die veranderlikes wat wel getoets is genoeg beduidende resultate verkry om ook statistiese beslag te gee aan patroonmatige verskille. Ten spyte van die skaarste aan grammatiese data, kon daar by (gaan) en (eind) t.o.v. sosiale veranderlikes soos tartiep en veldwerkgroep ná toepassing van die T-toets, met 'n stelligheid van tot 99,5% beduidende verskille tussen die subgroepe aangetoon word (vgl. Bylae I, tabelle 3.3 en 3.5).

Die tweede werkshipotese, nl. dat taalveranderingstendense uit variasiepatrone afgelei kan word, hang nou saam met die tweede spesifieke hipotese, en het betrekking op die versteuring van kovariërende stylverskuiwingspatrone by die onderskeie subgroepe. Die feit dat sulke versteurings nie net by verskillende ouderdomsgroepe aangetoon kon word nie, maar ook t.o.v. ander sosiale dimensies, is in ooreenstemming met die waarneming wat deur die werkshipotese in die

---

32) Die wisselwerking tussen verskillende sosiale dimensies vorm egter 'n ingewikkelde patroon, en 'n deeglike kennis van die struktuur van 'n spraakgemeenskap is noodsaaklik voordat enige korrelasiestudie aangepak kan word.

vooruitsig gestel word, maar die finale weerlegging of bevestiging van die basiese aanname sal eers deur 'n herhalingsondersoek ná verloop van tyd verskaf kan word.

Die derde werkshipotese, nl. dat taalpragmatiese faktore die frekwensie van kwantifiseerbare linguistiese korrelate van situasie- en stylverskuiwing beïnvloed, is afsonderlik van (én in samehang met) die sosiale veranderlikes getoets d.m.v. die sistematiese verandering van die gespreksituasie. Die fonologiese veranderlikes wat statisties getoets is, het almal 'n duidelike frekwensieverskil tussen die drie groepe respondente t.o.v. die informele en spontane style getoon, wat 'n toename in voorkoms van die standaardvariante weerspieël in die teenwoordigheid van 'n vreemdeling. Stylverskuiwing was egter in die afwesigheid van die vreemdeling baie meer drasties as andersom deurdat respondente feitlik deurgaans in die leesstyle gehiperkorrigeer het. Die hipotese is derhalwe bevestig, en het gelei tot die insig dat situasie- en stylverskuiwing die taalgebruik van respondente op verskillende wyses beïnvloed.

Die laaste werkshipotese sal in hoofstuk 5 aan die data getoets word. In hoofstuk 4 word 'n oorsig gegee van variasieverskynsels in Maleier-Afrikaans wat ook in die datakorpus teëgekom, maar nie in die huidige studie op 'n kwantitatiewe wyse ondersoek is nie, terwyl daar vergelykenderwys ook voorbeelde verskaf word van sodanige verskynsels wat in neëntiende-eeuse bronne aangetref is. Die gespreksituasie word in die voorlaaste hoofstuk in groter diepte ondersoek, en daar word veral klem gelê op die aanspreeksisteem as linguistiese korrelaat van die sosiale struktuur van die Maleiers.

HOOFSTUK 4

OORSIG VAN VERDERE VARIASIEVERSKYNSELS

> La diversité est beaucoup plus forte que je me serais imaginé ... Gauchat (1905: 222)

4.1 Inleiding

'n Korrelasionele studie na sosiolinguistiese aspekte van die taalgebruik van 'n spraakgemeenskap lê sekere beperkinge op die navorser m.b.t. die omvang van die taalverskynsels wat hy kan ondersoek. Dit is egter onvermydelik dat daar in 'n ondersoek soos dié ook vele verskynsels teëgekom sal word wat vrae laat ontstaan oor die verspreiding en herkoms daar= van, verskynsels wat vir die taalkundige van belang is en wat daartoe kan lei dat onderliggende prosesse mettertyd bloot= gelê en verklaar kan word. In dié verband is Labov (1971b: 165) se "kumulatiewe paradoks" van pas: "The more that is known about a language, the more we can find out about it." Dit is dan ook die opset van hierdie hoofstuk om 'n taksonomiese oorsig te gee van dié aspekte van die data= korpus wat nie in hierdie ondersoek sosiolinguisties ontleed en op kwantitatiewe grondslag geïnterpreteer is nie. Daar= benewens behoort 'n vergelyking met taalgebruiksdata uit 'n vroeër tydperk ook lig te werp op die oorsprong en verloop van taalveranderingsprosesse wat uitgeloop het op die variasieverskynsels wat in die datakorpus teëgekom is.

In par. 1.2.1 het ek reeds daarop gewys dat Van Selms deur die transliterasie van Afrikaanse tekste wat in die Arabiese ortografie geskryf was (waardeur dit grotendeels ontsnap het aan die invloed van die Nederlandse ortografie) 'n redelik betroubare beeld verskaf van hoe Afrikaans vanaf net ná die middel van die negentiende eeu in die Maleiergemeenskap aan die Kaap gepraat is. Aangesien die tekste (asook dié van

Bakker, wat in hierdie ondersoek gebruik is) vanaf 1856 (Isjmoeni se 'Betroubare woord') oor 1869 (Abu Bakr se Uiteensetting van die godsdiens) tot 1900 (die manuskrip van Sjeg Abdurachman) strek, behoort 'n oorsigtelike vergelyking van variasieverskynsels wat in die huidige ondersoek na vore gekom het met ooreenstemmende verskynsels wat uit die tekste geëkserpeer is, 'n bepaalde historiese dimensie daaraan te verleen. In sy voorwoord tot die verwerking van die "Betroubare woord", of "Gablomalien", soos dit ook genoem is, spreek Van Selms die begeerte uit dat

> ... iemand, soos in die genoemde bespreking voorgestel word, "ons eerst zal inlichten over de tongval en de woordenschat der Kaapse Maleiers". Hy (die skrywer, sydelings na homself verwysende) kan maar net wens dat een van ons beoefenaars van die Afrikaanse taal= geskiedenis ... hom tot daardie taak sal aangord. Hy hoop dat dit weldra sal gebeur, want dit het hom in 1952 geblyk dat hierdie bevolkingsgroep besig is om die Afrikaans te los en na Engels oor te slaan. As hierdie proses in dieselfde tempo voortgaan as die laaste paar jaar, sal daar weldra geen geleentheid meer wees om die taak na behore te volbring nie. (Van Selms 1952: 73)

Aan hierdie versoek kan enigermate voldoen word deur die uiteensetting van fonologiese, morfologiese en sintaktiese variasievorme wat hedendaags in die "tongval" van die Maleiers voorkom.

4.2 Fonologiese variasievorme

Benewens die fonologiese veranderlikes wat kwantitatief ont= leed is in die vorige hoofstuk, is die volgende uitspraak= verskynsels ook heel dikwels veranderlik in die datakorpus teëgekom:

4.2.1 Vokaalverlenging (by /a/)

1) al ⟶ [a:l]
2) altyd ⟶ [a:l'təit]
3) arm ⟶ [a:'rəm]
4) glas ⟶ [xla:s]

4.2.2 Vokaalverkorting (by /a/)

1) maag ⟶ [max]
2) graag ⟶ [xrax]
3) Suid-Afrika ⟶ [səit'af'ri'ka]

Dit blyk dat hierdie twee (teenoorgestelde) prosesse leksikaal beperk is maar dit lyk tog asof /a/-verkorting veral voor stemlose velêre en labiodentale frikatiewe voorkom.

4.2.3 Schwa-sinkopee

1) hartaanvalletjie ⟶ [ha'ta:n'fal'či]
2) geloof ⟶ [xluf]

Ook hier lyk dit of ons spesifiek in die tweede geval met 'n gestolde proses te doen het wat voorgekom het by die ge-prefiks (vgl. glo in standaard-Afrikaans).

4.2.4 Schwa-epentese

Deur 'n proses van konsonantgroepvereenvoudiging lei schwa-epentese tot sillabe-toevoeging. Voorbeelde (5) en (6) is bekend in Nederlands.

1) gelooflik ⟶ [xlu'fə'lək]
2) sieklik ⟶ [si'kə'lək]
3) langsaan ⟶ [la'ŋə'san]
4) spierwitte ⟶ [spi:'rə'və'tə]
5) kerk ⟶ [kɛ'rək]
6) werk ⟶ [vɛ'rək]

Hiermee hang ook saam

4.2.5 Schwa-byvoeging

1) saam ⟶ [sa:'mə]
2) nog nie ⟶ [nɔ'xə ni]
3) nog een ⟶ [nɔ'xə e:'nə]
4) ek ⟶ [ɛ'kə]
5) gewoond ⟶ [xə'wo:n'tə]

Hierdie verskynsel(s) hou skynbaar verband met die morfologiese uitbreiding van sekere vorme (vgl. par. 4.3) wat in werklikheid semanties leeg is.

4.2.6 Breking (beperk tot /-ɛl/)

1) myself ⟶ [məi'sjalf]
2) help ⟶ [hjalp]
3) tel ⟶ [tjal]
4) welbekende ⟶ [vjal'bə'kɛn'də]
5) belanggestel ⟶ [bə'laŋ'xə'stjal]
6) geld ⟶ [xjal(t)]
7) belt ⟶ [bjal(t)]

4.2.7 /a/-sinkopee (met sillabeverlies)

1) hiernatoe ⟶ [hin'tu]
2) daarnatoe ⟶ [da:n'tu]

4.2.8 /ɛ/-verskuiwing

met ⟶ [mut] (enigste voorbeeld, maar kom besonder dikwels in die informele styl voor.)

4.2.9 Sentralisering

(1) /o/ ⟶ [ə] (ná /w/):

1) woord ⟶ [wə:t] (word ⟶ [wot])
2) woon ⟶ [wən]

(2) /i/ ⟶ [ə] (by Afrikaanse kognate van Engelse leenwoorde, wat meer algemeen in sy Engelse vorm gebruik word)

1) tipiese ⟶ [tə'pi'sə]
2) kritiese ⟶ [krə'ti'sə]

In beide gevalle is daar duidelike tekens van indirekte Afrikaanse fonetiese versteuring, deurdat die Engelse kognate reeds as [tə'pi'kəl] en [krə'ti'kəl] uitgespreek word.

4.2.10 Klisis (met 'dat')

1) toe + dat ⟶ [tut]
2) wie + dat ⟶ [vit]
3) waar + dat ⟶ [va:t]

Dit is wel moontlik dat /t/-invoeging hier plaasvind, veral aangesien die verskynsel feitlik uitsluitlik voor 'n vokaal of /h/ + vokaal voorkom. Die nie-klitiese variant is egter wel in die formele style teëgekom en daar is gevolglik redelike gronde vir die afleiding dat ons hier met 'n enklitiese /t/, afkomstig van 'n onderliggende "dat", te doen het (vgl. Verhage 1965: 313-317).

4.2.11 Oorveralgemening van die ontstemmingsreël

Die reël in standaard-Afrikaans wat bepaal dat onderliggende stemhebbende konsonante aan die woordeinde (of sillabe-einde by geslote sillabes) stemloos word, word in vele gevalle uitgebrei om sulke konsonante stemloos te laat bly wanneer hulle deur morfeemtoevoeging aan die begin van 'n sillabe te staan kom.

1) baarde ⟶ [ba:'tə]
2) goedere ⟶ [xu'tə'rə]
3) paaie ⟶ [pa'tə]
4) liede(-re) ⟶ [li'tə]
5) Groepsgebiedewette ⟶ [xrups'xəbi'tə'vɛ'tə]
6) dowerer ⟶ [du:'fə'rə]
7) wedstryde ⟶ [vɛt'strəi'tə]
8) dade ⟶ [da:'tə]
9) lewendig ⟶ [li'vən'təx]
10) afgode ⟶ [af'xɔ'tə]
11) gelde ⟶ [xjal'tə]
12) tye ⟶ [təi'tə]
13) wyerer ⟶ [vəi'tə'rə]

en selfs

14) middel ⟶ [mə'təl]

4.2.12 Hiperkorrekte stemmingsreël

In sommige gevalle (wat leksikaal 'n uitsonderingsgroepie verteenwoordig) word die opheffing van die stemmingsreël in die sillabe-eindposisie in die sillabe-beginposisie van toepassing gemaak op woorde wat 'n onderliggende stemlose eindkonsonant (/-t/ in alle gevalle) het.

1) strate ⟶ [stra:'də]
2) magistrate ⟶ [ma'xi'stra:'də]
3) skuite ⟶ [skəi'də]
4) visskuite ⟶ [fə'skəi'də]
5) soldate ⟶ [sɔl'da:'də]

'n Paar selfstandige naamwoorde wat in standaard-Afrikaans sinkopee van 'n slot-/x/ by meervoudsvorming ondergaan (bv. dag - dae) of soortgelyke adjektiewe wat die /x/ by ver= buiging verloor (bv. hoog - hoë), behou die konsonant, maar dié ondergaan gelyktydig stemming en eksplosivering.

6) dae ⟶ [da:'gə]
7) mae ⟶ [ma:'gə]
8) oë ⟶ [u:'gə]
9) hoë ⟶ [hu:'gə]

4.2.13 Rotasering

Wanneer /d/ in die intervokaliese posisie gevolg word deur 'n onbeklemtoonde vokaal (ook wanneer dit die resultaat is van die hiperkorrekte stemmingsreël), word dit in 'n relatief groot aantal gevalle gerotaseer.

1) skuite ⟶ [skəi'də] ⟷ [skəi'rə]
2) soldate ⟶ [sɔl'da:'də] ⟶ [sɔl'da:'rə]
3) gevat het ⟶ [xə'fa'dət] ⟶ [xə'fa'rət]
4) tyde ⟶ [təi'rə]
5) dadel ⟶ [da:'rəl]
6) tweede ⟶ [twi:'rə]
7) spoedig ⟶ [spu'rax]
8) by die (huis) ⟶ [bəi'ri]
9) sy die ⟶ [səi'ri]
10) kry dit ⟶ [krəi'rət]

11) hulle dit ⟶ [hə'lə'rət]
12) (op jou) eie dit ⟶ [əi'jə'rət]
13) (as jy) gewoonte dit is ⟶ [xə'wən'tə'rə'təs]
14) ouderdom ⟶ [əu'rə'dɔm]
15) moet dit ⟶ [mu'rət]
16) (wie's) jy dan ⟶ [jəi'ran]

/n/-apokopee (vgl. par. 4.2.19) skep dikwels die inter= vokaliese omgewing wat tot rotasering lei:

17) gaan dit ⟶ [xa'rət]
18) weggegaan het ⟶ [vɛ'xə'xa'rət]
19) kom dan ⟶ [kɔ'ra]
20) gekom het ⟶ [xə'kɔ'rət]
21) slaan dit ⟶ [sla'rət]

4.2.14 /r/-epentese

Benewens rotasering van /d/, word /r/ in baie gevalle intervokalies (veral in woordgrensposisie voor 'het') inge= voeg.

1) gegee het ⟶ [xə'xi:'rət]
2) gekry het ⟶ [xə'krəi'rət]
3) gebly het ⟶ [xə'bləi'rət]
4) gesê het ⟶ [xə'sɛ:'dət] ⟶ [xə'sɛ:'rət]
5) nou 'n ⟶ [nəu'rə]
6) gepwasa het ⟶ [xə'pwa:'sa'rət]
7) dinge het ⟶ [də'ŋə'rət]
8) geboeka het ⟶ [xə'bu'ka'rət]
9) geskrywe het ⟶ [xə'skrəi'və'rət]
10) na 'n ⟶ [na:'rə]
11) hou het ⟶ [həu'rət]
12) uitgevind(e) het ⟶ [əit'xə'fən'də'rət]
13) gebatja het ⟶ [xə'ba'ča'rət]

4.2.15 /x/-epentese

Enkele gevalle waar die invoeging van /x/ tussen 'n vokaal en /h/ in die woordgrensposisie (of intervokalies) Nederlandse relikvorme verteenwoordig,is opgeteken (vgl. Scholtz 1963.)

1) vra hy ⟶ [fra:'xəi]
2) sê hy ⟶ [sɛ'xəi] ⟶ (maar [lɛ:'xəi])

3) sê ek ⟶ [sɛ'xək] (maar [sɛ:'tɔs] onse gebed)
4) eiendom ⟶ [əi'xen'dɔm]
5) kry hy ⟶ [krəi'xəi]

In die orige gevalle van /x/-epentese is daar geen vormlike diachroniese verband met Nederlands aan te dui nie.

6) trou hy ⟶ [trəu'xəi]
7) hoor hy ⟶ [ho:'xəi]
8) stuur hulle ⟶ [sti:'xə'lə] } (na/r/-weglating)
9) leer hy ⟶ [le:'xəi]
10) draai hy ⟶ [dra:i'xəi]
11) gee hy ⟶ [xi'xəi]
12) bly hy ⟶ [bləi'xəi]
13) goedheid ⟶ [xut'xəit]
14) slimheid ⟶ [sləm'xəit]
15) kan hy ⟶ [ka'xəi] (ná /n/-apokopee - vgl. par. 4.2.19)

4.2.16 /v/-epentese

Tussen /œ i/ (ontrond) en /ə/ word die oorgangs-/j/ in enkele gevalle deur /v/ vervang:

1) uie ⟶ [əi'və]
2) beduie ⟶ [bə'dəi'və]
3) suie ⟶ [səi'və]

4.2.17 /n/-epentese

Hier is ook twee voorbeelde, wat tot die betrokke voorbeelde beperk is, maar herhaaldelik voorgekom het, aangeteken.

1) karretjie ⟶ [ka'rən'či]
2) ordentlike ⟶ [ɔn'dɛnt'lə'kə] (ná /r/-weglating)

Uit die historiese bronne (vgl. par. 4.5 et seq.) lyk dit asof die Nederlandse meervoudsmorfeem in die eerste geval as oorgangsklank (bly) fungeer, terwyl [ɔn-] waarskynlik die resultaat is van isomorfiese prefiks-analogie.

4.2.18 Nasaal-apokopee

'n Paar leksikale items blyk veranderlik onderhewig te wees aan hierdie proses.

1) kom ⟶ [kɔ]
2) uitkom ⟶ [əit'kɔ]
3) hoekom ⟶ [ɦu'kɔ]
4) kan ⟶ [ka]
5) dan ⟶ [da]

Terwyl nasalering, soos by ander sprekers van Afrikaans, feitlik nooit by die ondersoekgroep voorgekom het nie, is /n/-sinkopee wel gereeld in die informele en spontane style by "ons", d.w.s. [ɔ(:)s], opgemerk, en in enkele gevalle by "ouens", d.w.s. [əu'wəs].

4.2.19 Regularisering van ablautvorme[33)]

Veral by meervoudsvorming is daar 'n merkbare afwesigheid van ablaut te bespeur, en die hoogste frekwensie van hierdie tipe regularisering kom by '-heid' voor.

1) besighede ⟶ [bi'sa'xəi'tə]
2) lelikighede ⟶ [lə'lə'kə'xəi'tə]
3) gebroke (Afrikaans) ⟶ [xə'bre:'kə]
4) gebede ⟶ [xə'bɛ'tə]
5) afgode ⟶ [af'xɔ'tə]

4.2.20 Intervokaliese /s/-stemming

Hierdie verskynsel, wat ooreenstem met 'n soortgelyke proses in Nederlands, is slegs by die onderstaande twee voorbeelde opgemerk, hoewel die eerste ('duisend') deur die meeste respondente (met of sonder eindklosvereenvoudiging) met stemming gebruik is.

---

33) In werklikheid 'n morfonologiese verskynsel - vgl. in dié kategorie ook [fə'xe:f'nəs] of [fə'xi:f'nəs] en [tɔ'kɔ:t'kɔ'məŋ].

1) duisend ⟶ [dəi'zən]
2) huise ⟶ [həi'zə]

4.2.21 Bilabialisasie van /v/

Aangesien die posisie waarin hierdie variant voorkom, baie ooreenstem met die omgewing waarin die Engelse /w/ gebruik word, lyk dit of Engelse fonologiese steuring wel hier 'n rol kan speel.

1) word ⟶ [wot] en [wut]
2) woord ⟶ [wo:t] en [wə:t]
3) woon ⟶ [wo:n] en [wə:n] (vgl. ook par. 4.2.9)

4.2.22 /t/-epentese

Die twee voorbeelde wat opgeteken is, kan m.i. beide aan analogiese faktore toegeskryf word, t.w.

1) hiervandaan af ⟶ [hi'fə'na:n'taf]
en
2) gewoonlik ⟶ [xə'vo:nt'lək] (Vgl. wesenlik > wesentlik)

L.W. 'n Fonetiese transkripsie van 'n vertelling waarin heel= wat van die hierbo beskrewe verskynsels voorkom, asook van dié volg, word in Bylae J verskaf.

4.3 Morfologiese variasievorme

Sommige verskynsels wat as 'morfologies' geklassifiseer word, is in werklikheid morfonologies, en in party gevalle sou daar 'n saak voor uitgemaak kon word dat ons bloot met fonetiese variante te doen het. Die rede waarom sulke gevalle hier ingesluit word, is dat daar diachroniese antesedente bestaan wat vormlik ekwivalent en morfologies funksioneel is (bv. gaat teenoor gaan), en die moontlikheid van Nederlandse relikvorme nie uitgesluit kan word nie. Benewens die vier morfologiese veranderlikes (d.i. (tel), (gaan), (reg) en (dit)) wat kwantitatief ontleed is in die vorige hoofstuk, is

die volgende verskynsels ook veranderlik in die datakorpus voorgekom.

4.3.1 Adjektief-verbuiging

Verboë adjektiewe (nie-emfaties) het redelik algemeen in die attributiewe posisie voorgekom ('n weerspieëling van 'n laat 18de-eeuse toestand in Kaapse Afrikaans - vgl. Raidt 1968) waar die onverboë vorm in standaard-Afrikaans gebruiklik is, bv.

1) Saoedi-Arabië was 'n arme land
2) 'n dure woonplek
3) 'n houte stoel (adjektiefstuk i.p.v. samestelling)
4) 'n kleine bietjie
5) 'n orraite geaardheid[34])
6) jou oue lesse (in die leesstuk)
7) die ouere vroue
8) 'n ryke man
9) 'n skone geloof (klere, plek)
10) 'n spierewitte suit
11) sware goed
12) vasse werk

In enkele gevalle word die 'verboë' vorm ook in die predikatiewe posisie gebruik

13) Jou oë het weer ope gegaan (ook 'n wisselvorm in Nederlands - t.w. oop teenoor open)
14) Die masied is daar boge [bu:'gə]

4.3.2 Besitskonstruksies

Die mees kenmerkende verskynsel by besitskonstruksies is die kategoriale verbuiging van 'ons' in die attributiewe posisie ('n algemene kenmerk van 19de-eeuse Afrikaans).

1) baie manne van onse mense
2) ons het onse dokters gehad
3) according na onse prys
4) onse kar is 'n write-off
5) hy sal nooit in onse pad staan nie

---

34) 'n Voorbeeld van die morfologiese inbedding van leenwoorde - vgl. par. 4.3.8.

'n Enkele voorbeeld van verbuiging by 'haar' is ook teëgekom:

6) hare familie is maar hier

Verder is die uitbreiding van 'se' in verbinding met 'julle' en 'u'[35] en ook met sommige tydsadjunkte opgeteken:

7) na u se kant toe
8) u se broer Piet
9) julle se vriende
10) eers se Maleiers
11) nou se Maleiers

Die teenoorgestelde proses, nl. die weglaat van 'se', is slegs in een tipe konstruksie en eenkeer opgemerk, nl. by die meervoudsverbinding '-hulle':

12) kyk eerste na tietie-hulle profit

Daarbenewens het die funksie-uitbreiding van 'hom' as be= sitlike voornaamwoord (ook kenmerkend van visserstaal-vgl. Heiberg 1950) by enkele respondente (in die laer SKK) voor= gekom:

13) ek dink hom broer (en hy) het eerste same gewerk
14) agter hom rug

4.3.3 Redundante gebruik van die vergelykingsmorfeem

As gevolg van die /r/-weglatingsreël is dit soms moeilik om te onderskei tussen verboë vorme en die duplisering van die vergelykingsuffiks (ook saam met 'meer') in vergelykings= konstruksies, maar die gebruik van duplisering ook in die predikatiewe posisie bevestig m.i. die interpretasie:

---

35) Hoewel 'u' as intra-groepaanspreekvorm nie dikwels ge= bruik word nie (vgl. par. 5.5), was die vorm met 'se' teen die einde van die vorige eeu reeds bekend. (Gasabullaw 1898:1)

1) ons is gelukkigerer
2) hoe meerer hy die plek regmaak, hoe minderer profit kryg hy
3) 'n kouerer klimaat
4) as jy langerer wag
5) is meer beterer hier
6) meer gesonder
7) daai tyd is die baby al meer groterer (sic)
8) meerderer water as ons
9) ons is baie meerer gelukkigerer af as hulle
10) 'n mooiderer gebied
11) so meerderer soos jy eet, so swaarderer voel jy
12) is nog baie verbeterder

Hierbenewens is die vergelykingsmorfeem in enkele gevalle by lokatiewe bywoorde (as teenhangers van voorsetsels - vgl. Ponelis 1979: 329) gevoeg:

13) hy woon 'n bietjie affere (= verder af; ook 'after')
14) dis nog opper (-e)

Ook die voorsetseladjektief (vgl. Ponelis 1979: 276) 'gewoond (aan)' word dikwels sonder voorsetsel in die vergrotende trap gebruik (met uitbreiding van die ontstemmingsreël):

15) soos hulle gewoonter raak mekaar

('Met' is in een geval as voorsetsel gebruik: 'ons is gewoonte met Afrikaans.)

4.3.4 Afleidingsmorfeemwisseling en -toevoeging

By verskeie respondente (en toenemend in kontemporêre geskrewe bronne, soos die Masjied Boorhaanol Islaam) vind daar vrylik 'n uitruiling en stapeling van afleidingsmorfeme plaas, wat daarop dui dat sulke morfeme 'n gemeenskaplike funksie vervul en in werklikheid hulle kontrastiewe semantiese waarde verloor het.

1) beginsel (=begin)
2) beleefdigheid

3) besorg (=versorg)
4) diegenige
5) dinking (n.a.v. Engels "thinking")
6) geaarte (=geaardheid)
7) Dis nie gemaklik (=maklik) om gaafies te wees nie
8) genederig(-heid)
9) gevoelte (-ente, -entheid)
10) gewoonlike (die g. prosedure, customers)
11) kortliks (='kort', soos in 'toe ek k. jonk getroud was')[36]
12) gelooflik (=klerikaal, soos in 'n khalifa is 'n g. onderwyser')
13) geloofbarig (=gelowig)
14) ongeloofbariges (=ongelowiges)
15) 'n regtige Moeslem
16) vastige werk
17) verbruik (= gebruik (w.w.) - 'n hoë frekwensie)
18) vêrigheide (= ver afstande)
19) vermaaklikheid (= vermaak)
20) vernaamlike mense
21) warigheid
22) wysdom (=wysheid)

Die redundante gebruik van die verledetydsmorfeem ge- kom, net soos by ander nie-standaardsprekers, as voorbeeld van analogiewerking ook in die informele en spontane style voor:

23) gebegin
24) gebeseer
25) gebetaal
26) gebewoon
27) geondersteun
28) geontmoet
29) gevergeet
30) geverlê
31) geverloor
32) gewaardeer

4.3.5 'Verboë' adjunkte en ander beklemtoonde vorme

Sommige adjunkte met isomorfiese adjektief-teenhangers neem op redundante wyse die verboë vorm van die adjektief aan, bv.

1) het hulle hom dan nóú eerste uitgebring
2) anderste weet ek nie (niks anderste gesê nie)

---

36) 'n Omgangstaalsinoniem hiervoor (wat vormlik met die Duits "neulich" ooreenstem) is 'nuwelings'.

Hierdie verskynsel brei hom klaarblyklik ook uit om sekere adjunkte sonder adjektief-teenhangers en die kwantor 'alles' in te sluit:

3) sy moet liewerste huis toe gaan
4) dat alleste reg gaan
5) hy het van alleste daar, daai man

4.3.6 Relikvorme

Relikvorme word slegs geïsoleerd aangetref, en word dus hier saam gegroepeer. By enkele adjektiewe kom vorme sonder slot-apokopee voor, bv.

1) alles is nou veranderd

In die naamwoordstuk 'die arme' (= die armes) is die enigste verouderde meervoudsmorfeem van dié aard aangetref, terwyl enkele ablautsvorme (vgl. par. 4.2.19) te pas en (meestal) te onpas by verbale konstruksies voorgekom het, bv.

2) gespraak
3) aangespraak
4) jy moet vir jou gedrag
5) jy moog nie skryf nie (teenw. tyd)

4.3.7 Pronominale vorme

Een van die mees algemene pronominale verskynsels by die ondersoekgroep is dat die voornaamwoordelike kwantor almal as geheelaanduidende versamelingsbepaler (vgl. Ponelis 1979: 134-139) gebruik word:

1) almal die mense
2) almal daai goete

Die inwerking van Engels (na analogie van "all", wat nie vormlik tussen die twee funksies onderskei nie) is hier nie uit te sluit nie.

Nog 'n waarskynlike resultaat van Engelse invloed is die algemene gebruik van die emfatiese persoonlike voornaamwoord met '-self':

3) die haj [xaj] hyself, syself (vgl. Eng. "he himself")
4) ek my sigselwers is 'n ou dôner (sic)

Versterkende Engelse invloed is klaarblyklik ook die redes vir die selfstandige gebruik van daardie en dié as aanwysende voornaamwoorde:

5) daai's nie reg nie
6) daai's kwaai (= dis mooi!)
7) hulle net nie belang gestel in daai nie

Die laaste voorbeeld is tiperend van die algemene opruiming van die agtersetselvorm 'hiervan', 'daarvan', ens., en die vervanging van die emfatiese 'dit' in alle sodanige gevalle deur 'daai' (vgl. Ponelis 1979: hfst. 8).

4.3.6 Substantivering van voornaamwoorde

Die twee onbepaalde voornaamwoorde iemand en veral iets word, benewens hulle voornaamwoordelike funksie, by feitlik alle respondente gesubstantiveer en in uitings soos die volgende gebruik:

1) 'n mens wat doen goeie ietse
2) elke iets
3) unless is 'n sjeg of 'n iemand (slegs in een geval)

4.3.7 Naamwoordelike verskynsels

Analogies hiperkorrekte[37] meervoudsvorme het in 'n paar gevalle voorgekom, bv.

---

37) Hiperkorreksie in hierdie sin is in ooreenstemming met die definisie van Booij et al (1975: 87), nl. "Foute (gebruik) van een woord ... door overgeneralisatie van een regelmatigheid ..."

) buste
) adreste
) howe (= hoofde)
) kontrakke
) sjegte

In een geval is die meervoudsvorm heeltemal redundant gebruik (iets wat by verskeie sprekers voorgekom het) nl.

6) 'n soorte van siekte

4.3.8 Morfologiese inbedding van leenwoorde[38)]

'n Gevolg van die vrylike ontlening aan Engels by veral jonger sprekers in sekere informele registers ('n veld wat veel dieper ondersoek verg) is die morfologiese inbedding van sulke leenwoorde. Dit vorm uiteraard deel van 'n wyer ont= lening[s]patroon, waardeur ontleende leksikale items ook sintakties en foneties binne die Afrikaanse sisteem ge= akkommodeer word. Enkele voorbeelde van morfologies in= gebedde vorme uit die datakorpus volg hieronder:

1) ons het nog nie ge-riot nie, ons het ge-protest [xə'prəu'tɛs]
2) ek was ge-guide gewees
3) ons het dit arrange
4) jy was nie involve met hulle nie
5) honderde van-e [vɛ:'nə] het ingekom
6) vier jaar om te change
7) is logic (=logies), man
8) hulle word ge-promote
9) meer safer
10) meer easier

38) Ontlening en versteuring is m.i. in bepaalde opsigte twee teenoorgestelde prosesse: Versteuring vind plaas onder die bewussynsvlak ('n tipe verandering 'van onder') en bring strukturele verskille in uitspraak, woordvorm en sinsbou teweeg; terwyl ontlening bo die bewussyns=vlak plaasvind ('n tipe verandering 'van bo') en geen versteuring van die basiese moedertaalpatrone tot gevolg het nie - trouens, deur ontlening word leksikale elemente uit die brontaal juis foneties, morfologies en sintakties binne die sisteem van die moedertaal geakkomodeer.

4.4 Sintaktiese variasievorme

Benewens die een sintaktiese veranderlike (eind) wat kwantitatief ontleed is in die vorige hoofstuk, is die volgende sintaktiese verskynsels ook uit die datakorpus opgeteken:

4.4.1 Plasing

Hier word daar gelet op verskynsels wat 'n invloed het op die sintagmatiese verspreiding van sinselemente. Die mees algemene verskynsel is onafhanklike woordorde (SVO) in bysinne, veral by verbetrekliking en sekere voegwoordkonstruksies.

4.4.1.1 Voegwoordkonstruksies

By die meeste voegwoordkonstruksies vind die normale verskuiwing plaas in bysinne (nl. afhanklike volgorde). Die uitsondering is 'dat' en 'as' (a.g.v. eindrelevering), wat feitlik kategoriaal met onafhanklike volgorde gebruik word.

1) Jy vind tog baie dat die tale word vreeslik gemeng
2) Hy moet glo dat Mohammed is die boodskapper
3) Dis nou net dat die bees moet geslag word
4) Almal weet al dat hy gaat met my trou
5) As jy moet vir hulle 'n 'open letter' stuur
6) As jy gaan dit hou

Die weglating van 'dat', wat oorwegend in die informele styl voorkom, lei dan tot 'n neweskikkende konstruksie:

7) Dan moet ek sien hy moet begrawe word
8) Ek lyk dit moet reën
9) Ek weet nie as dit vrees in jou is jy mag dit nie doen nie

4.4.1.2 Verbetrekliking

Hoewel verbetrekliking deur middel van die betreklike voornaamwoorde heel dikwels voorkom, is die aaneenskakeling van

Hoofsinne op die volgende wyse (onafhanklike volgorde) is dikwels opgemerk:

1) Nee, maar hy's 'n ou, hy kan nie sê "ny" nie
2) Maar ons het baie teenaan 'n mens, hy wil nie net Engels praat nie, maar hy wil somar ...
3) Ek is 'n man, ek laat nie op my trap nie
4) Dan vat hy vir my ek is snaaks (= Dan beskou hy my as iemand wat snaaksis)

As gevolg van eindrelevering kom onafhanklike volgorde soms ook voor wanneer die betreklike voornaamwoord gebruik word:

5) Daar is ene wat is jou superior

4.4.1.3 NEG-verskuiwing

'n Opvallende verskynsel in die buitekern (vgl. Ponelis 1979: 511) is die omruiling van die sinsadjunkte 'amper' en 'nog' en die NEG-vorm 'nie', soos blyk uit die volgende voorbeelde:

1) Jy kry nie amper kans om te speel nie
2) Ek wil nie amper meer kom nie
3) Ek het nie familie amper hier by die flatse nie
4) Hulle wil dit nie amper leen vir my ook nie
5) Dan gaan jy mos nog nie vir die man help nie

'n Semantiese verklaring sou wees dat 'amper' in werklikheid hier die funksie van 'eintlik' vervul.

4.4.1.4 Volgorde by ontleende voegwoorde

'n Voorbeeld van die sintaktiese inbedding van leenwoorde is die aanloopinversie wat met die gebruik van ontleende voegwoorde gepaard gaan:

1) Although sê ons ... (na analogie van 'nogtans sê ons ...')
2) Although kry jy ...
3) Unless hy dit doen (na analogie van 'tensy hy ...')

die feit dat die sinstruktuur onaangetas gebly het, dui ook daarop dat ons hier met ontlening te doen het en nie met versteuring nie.

4.4.1.5 Disjunkte voegwoorde

Die voegwoord 'hoekom' (met klem op die tweede lettergreep) alleen of in kombinasie met 'want', of 'because', of ook die kombinasie 'because why' op sigself, word heel dikwels as verbindingsadjunk (Ponelis 1979: 292) by motiverings gebruik, met die gevolglike onafhanklike sinsvolgorde:

1) Ek het maar net nie weggebly nie, want hoekom, anderste sit ek vir hulle in die "lurch"
2) Maar ons "mind" nie, hoekom, dié's 'n baie heilige maand vir ons
3) Because hoekom, somtyds is hier 'n bietjie deurmekaar
4) Hy kan maar in daai huis tuisgaan; because why, hy moet kyk na die besigheid

4.4.1.6 'Vir' in objekskonstruksies

Terwyl daar oor hierdie saak reeds uitvoerig geskryf is (vgl. Raidt (1969), (1976), en Klopper (1980)), word hier slegs voorbeelde verskaf van enkele tipes konstruksies waarin 'vir' in verbinding met die direkte voorwerp optree:

1) Het jy gesien vir hulle? (pers. vnw.)
2) Ons mag nie vir hom eet nie (nie-menslike pers. vnw.)
3) Ek weet nie as jy ken vir Faldi Kalam nie (eienaam)
4) Dan gaat jy mos nog nie vir die man help nie (menslike soortnw.)
5) So daarom kan ons vir ons control (refl.)
6) As jy met 'n vroumens geneuk het, dan moet jy weer vir jou gaat mannie. (refl.)

'n Impressionistiese oordeel is dat daar heelwat variasie voorkom, maar dat die frekwensie van 'vir' in hulpwerkwoord= konstruksies beslis hoër is as andersins, en dat wederkerende voornaamwoorde feitlik kategoriaal met 'vir' verbind. Saam met nie-menslike soortnaamwoorde, 'n kategorie waar

eindrelevering veral sterk figureer, het 'vir' feitlik nooit voorgekom nie.

4.4.1.7 Verbale hendiadis[39)]

Naas die gebruik van die 'en'-konstruksie, soos in standaard-Afrikaans, is voorbeelde van die standaard-Nederlandse vorm (met 'te') veral by die jonger vroue (in die twintiger-groep) aangetref:

1) Dan staan jy (derdepersoonsverwysing) daar te tjank
2) Daar staat hy my aan te kyk
3) Daar sit ek te praat met hulle

Een voorbeeld van 'en'-weglating is ook teëgekom:

4) Dan sit hulle nou buite wag.

Of ons hier met 'n (onproduktiewe) relikvorm te doen het, is te betwyfel, en die voorkoms en sosiale verspreiding van die verskynsel behoort in groter diepte ondersoek te word voordat hieroor uitspraak gegee kan word.

4.4.1.8 Reduplikasieverskynsels[40)]

In hierdie paragraaf word drie tipes herhalingskonstruksies bespreek, t.w. werkwoord-, voorsetsel- en adjunkherhaling.

4.4.1.8.1 Werkwoordherhaling

Hoewel geen verbale redupliseringsverskynsels (sing-sing ,

---

39) Oor die historiese aanloop van hierdie verskynsel in Afrikaans skryf Kempen (1965) uitvoerig.

40) Die voorkoms van reduplikasie word redelik volledig deur Scholtz (1963) en Kempen (1956) bespreek.

loop-loop) in die datakorpus voorgekom het nie, is verskeie voorbeelde aangetref van werkwoordherhaling (meestal) volgens die patroon van saamgestelde werkwoordkonstruksies, of bloot as sinsvullers.

1) Daar word niks gesê word nie
2) Hy word altyd geraadpleeg word
3) Jy word somar daarvoor gedruk word
4) Vir 'n maand word jy geleer word om honger te ly
5) Hy kan gesien het, Woensdag het, dat ek praat nie met hom nie
6) Toe vra hy vir my of ek gewees het by die Council het
7) Dan vertel die imam nou wat het gebeur het nou daai dag het

4.4.1.8.2 Voorsetselherhaling

Slegs 'in' en 'uit' is in herhalingskonstruksies teëgekom, by werkwoorde wat sowel 'n statiese toestand as plek= verandering aandui.

1) Dan voel ons geestelike broederskap in ons in
2) As jy land in Jedda in
3) Ek het grootgeword in Distrik Ses in
4) In onse tyd in, wat ons kinders gewees het
5) Ek kan sien watter difference dit al is in die familie in
6) Dié's mos uit 'n boek uit
7) Hulle het teruggekom uit die Holland uit

Voorbeelde van voorsetsel-agtersetsel-konstruksies (Ponelis 1979: 176) kom veral voor in die geval van 'met ... saam':

8) Hy skryf met 'n pen saam
9) saam met hulle same

4.4.1.8.3 Adjunk-herhaling

Die tydsadjunkte 'al' en 'weer', sowel as die bekendheids= kwalifiseerder (Ponelis 1979: 303) 'mos', word soms emfaties herhaal.

1) Ek het dit al opgelet al

2) Ek het dit al nie self gesien al nie
3) Ek het al so gekry al
4) Dan's dit weer Labarring weer
5) Daai's mos kwaai mos (= Dis mos mooi!)

4.4.2 Paradigmatiese verskynsels

In hierdie paragraaf word daar vervolgens gekyk na die redundante gebruik en vervanging van sinselemente, wat nie 'n invloed het op die basiese sintagmatiese struktuur nie.

4.4.2.1 Redundante gebruik

Veral die oorbodige gebruik van voorsetsels, graadbepalings en die bepaalde lidwoord kom dikwels voor in die datakorpus.

4.4.2.1.1 Voorsetselstapeling

Wat klaarblyklik neerkom op die funksionele verswakking van sekere voorsetsels, het aanleiding gegee tot vorme soos dié:

1) Ek het gery tot na in Eshowe
2) Van my huisadres tot na by die OK ...
3) Ek het niks teenaan hom nie
4) Die tafel is gedek saam met verskillende soorte lekkernye
5) Het jy 'n pen saam met jou?
6) ... dwarsdeur die bank

4.4.2.1.2 Graadbepalings

Die semantiese verswakking van sommige emfatiese vorme is waarskynlik ook die rede vir die oorbodige gebruik van graadbepalings soos die volgende:

1) 'n baie skatryk man
2) dis mos baie verskriklik

4.4.2.1.3 Bepaalde lidwoord + pleknaam

'n Situasioneel hoogs veranderlike sintaktiese kenmerk by die

ondersoekgroep (wat m.b.v. 'n doelgerigte ontlokkingstrategie kwantitatief ontleedbaar behoort te wees) is die redundante gebruik van 'die' voor plekname, wat in gevalle soos die volgende voorgekom het:

1) in die Grassy Park
2) in die Kaapstad
3) uit die Holland uit
4) in die Pretoria
5) op die Groenpunt
6) in die Princessstraat
7) in die Makka (=Mekka)
8) in die Manenberg in

4.4.2.2 Vervanging van sinsdele

Drie tipes vervanging, as gevolg van (1) funksie-oordrag en (2) Engelse invloed, is in die datakorpus teëgekom.

4.4.2.2.1 Funksie-oordrag

Die gebruik van 'wat' om tydspuntsinne in te lei (soos 'toe'), of as voorwaarde-adjunk om die protasis (vgl. Ponelis 1979: 356) in te lei (soos 'as'), kom naas die standaard-funksies, ook in die datakorpus voor in uitings soos die volgende:

1) Wat ek in Dubai gewees het ...
2) Wat ek die aand weer teruggaan ...
3) 'n Jong meisie, wat hy (sic) periods gehad het, hy moet gaat vas
4) Die Maleier, wat hy hier kom, word hy gehou as prisoniere daar in die Bo-Kaap, nè

Die feit dat sulke prosesse dikwels onder die bewussynsvlak van die spreker plaasvind, is duidelik gedemonstreer deur die vraag van 'n respondent n.a.v. 'n sin in die leesstuk:

5) Hoekom dan '"wat" jy uit die skool uit kom'?

terwyl hy 'n rukkie later self die volgende voorbeeld verskaf het:

6) Hy was mos gebetaal, en gǒéd, wat hy vir ons gewerk het.

'n Tweede voorbeeld van funksie-oordrag by sommige respondente is die distribusionele gelykstelling van die voegwoord 'as' (in vergelykingskonstruksies) aan 'n voorsetsel, soos in

7) Sy is ouer as my
8) ... verder as my

Engelse invloed kan nie uitgesluit word nie, maar uit per= soonlike ondervinding blyk dit dat dit 'n ook normale kindertaalverskynsel kan wees.

Laastens word die voegwoord 'of' soms funksioneel deur 'as' vervang in sinne soos die volgende:

9) Ek weet nie as jy ken vir Faldi Kalam nie

4.4.2.2.2 Engelse invloed

Dit is veral die vervanging van voorsetsels deur Engelse ekwivalente wat as voorbeeld van versteuring (vis-à-vis ontlening) dien:

1) Ek sal jou na hom toe introduce ("I will introduce you to him")
2) Dan is dit nie so swaar op hom nie ("then it's not so heavy on him")[41]

('n Moontlike relikvorm is die gebruik van 'op' in die volgende voorbeeld, wat 'n paar keer voorgekom het:

3) Ek bly maar op 'n kamer)

41) Vgl. par. 4.5.3.3

4.5 Teksontleding

Die vier genoemde tekste (par. 4.1) word vervolgens behandel met die oog op die identifisering van die taalveranderlikes wat in hierdie en die vorige hoofstuk bespreek is.

4.5.1 Isjmoeni se Alqauli -lmatin, of "Betroubare woord" (1856)

Die onbekende vertaler van die oorspronklike Arabiese skrywer (oor wie Van Selms uitvoerig skrywe - vgl. Van Selms 1952: 66) het, ten spyte van 'n onvoldoende kennis van sowel Arabies as Afrikaans vir die doeleindes van die vertaling, tog daarin geslaag om uitspraak- en grammatiese verskynsels in sy teks te laat deurskemer wat lig kan werp op die historiese agtergrond van die variasievorme wat tot dusver onder die loep gekom het. Die volgorde van bespreking is dié waarin die verskynsels in die betrokke hoofstukke van hierdie proefskrif behandel is.

4.5.1.1 Fonologiese verskynsels (vgl. par.4.2)

In hierdie teks kon geen aanduiding van /r/-weglating aan= getref word nie, soos blyk uit die volgende voorbeelde:

1) fier (vier)
2) djamar (jammer)
3) ferkijerdie (verkeerde)
4) waarlik
5) ghahoeuarsaam (gehoorsaam)

Affrisering (vgl. par.3.4.1(2)het deurgaans voorgekom, bv.

1) djai (jy)
2) djau (jou)
3) djelie, djalie (julle)
4) djamar

Vokaalverhoging en schwa-verlaging (wat dikwels in kombinasie aangetref word-vgl. par. 3.4.1(5))word insgelyks by alle voorbeelde deur die transliterasie weerspieël:

1) ghaloef (geloof)
2) ghanaadaghie (genadige)
3) ghaghief (gegee)
4) hoeghmoedagh (hoogmoedigheid)
5) boes'aardaghait (boosaardigheid)
6) tewis (te wees)
7) tefriedie (tevrede)
8) poeroefiet (profeet)

'n Minderheid voorbeelde van eindklosvereenvoudiging (vgl. par. 3.4.1(4)) het voorgekom, soos in

1) bifoeuerbejil (byvoorbeeld)
2) daisen (duisend)

en die finale konsonant het meestal in die transliterasie sy verskyning gemaak:

3) baitiekant (buitekant)
4) ferstaant (verstand)
5) weirelt (wêreld)
6) maand

Waarskynlik omdat die velêre nasaal in Arabies nooit in die woordfinale posisie voorkom nie, is woorde wat in standaard-Afrikaans op /ŋ/ eindig, in alle gevalle met slot -/k/ geskryf, bv.

7) berink (bring)
8) tonk (tong)
9) bank (bang)

Enkele voorbeelde van ontronding (vgl. par.3.4.1(7-9)), wat kategoriaal so gebruik is, het voorgekom:

1) daidelek (duidelik)
2) eit waisens (uitwysings)
3) liens (leuns)
4) dijer en tait (deurentyd)

Vokaalverlenging by /a/ op 'n uitgebreider skaal as by die ondersoekgroep blyk uit die volgende voorbeelde:

1) straaf
2) haart
3) aal wat
4) aals
5) aalhelie (al hulle)

Slegs een voorbeeld van schwa-sinkopee kom voor (wat ook in standaard-Afrikaans deurgewerk het), nl.

om siekerlekteghlof (om sekerlik te glo)

terwyl schwa-epentese (vgl. par.4.2.4) wel meermale ver= skyn (en wel meestal in dieselfde omgewing as by die ondersoekgroep, nl. voor velêre konsonante):

1) weiriksloen, weiraksloeuan (werksloon, goeie daad)
2) steirakghait ('sterkheid', krag)
3) daagheleks

Breking (vgl. par.4.2.6) is aangetref, maar slegs voor /e:n/ en /e:r/ (ná ontronding), en nie voor /ɛl/, soos in die sinchroniese datakorpus nie:

1) sijar (seer)
2) hijar (heer)
3) ijan (een)
4) waardijar (waardeer)

Die een voorbeeld van /ɛ/-verskuiwing, nl.

moetdie (met die)

kom ook slegs by 'met' voor in die uitspraak van die ondersoekgroep (vgl. par.4.2.8).

Stemming en eksplosivering van die intervokaliese /x/ (vgl. Scholtz 1963: 195) by verboë adjektiewe vind plaas, soos in die ~~kontem~~porêre data, in die geval van 'hoog',

esdie hoegie hailaghie allāh (is die hoë, heilige Allah)

Rotasering (vgl. par.4.2.13) word ook in enkele gevalle aan= getref, maar nie so uitgebreid as by die ondersoekgroep nie:

1) hoegh moeraghait (hoogmoedigheid)
2) ghoeloewaaraghait (geloofwaardigheid)

In hierdie teks kom /x/-epentese (vgl. par.4.2.15) slegs voor '-heid' voor, soos in

1) ghoedghait (goedheid)
2) bewaisen fer sain ijan ghait (eenheid)

Laastens is daar ook een voorbeeld van /n/-epentese (vgl. par.4.2.17)aangetref:

ijan ghewenlaghie haart (een gewillige hart)

4.5.1.2 Morfologiese verskynsels

Regularisering van Nederlandse werkwoordsvorme is deurgaans die reël, hoewel die slotfrikatief van die stam behoue bly, en gaan/gaat-wisseling 'n algemene kenmerk is:

1) seigh, siegh (sê)
2) ghief (gee)
3) (aas en mens) doeuatghaan
4) (siewentagh daisen ingels) ghatdaar aan
5) omtie ghaan

Ook 'hê' is klaarblyklik volledig geregulariseer:

1) hai salnie nūr ('lig') hetnie
2) lat hai en maniertie kan het van iets
3) om kennistehet
4) om wietenskaap (kennis) tehet

Een voorbeeld van die redundante gebruik van die vergelykings= morfeem kom voor:

die 'islām sain mienek es mijerder (die Islam se betekenis is meer)

Afleidingsmorfeemwisseling en -toevoeging (vgl. par. 4.3.4) kom taamlik algemeen voor, soos in

1) ghaniederagh (nederig, laag)
2) fandie ghienaghie (van diegene)
3) ijan openbaaraghie bewaisen ('n openbare bewys)
4) beghensel (begin)
5) ghabeskeirem (beskerm)
6) (mensie wat) ghalijartehet (geleerdheid het)
7) ghoetghiftagh (vrygewig)

Die verdwyning van die agtersetselvorm in verbinding met '-daar' kom eenmaal in die teks voor, nl.

aghter det (daarna)

Laastens is 'n paar voorbeelde aangetref van die substantivering van die onbepaalde voornaamwoord 'iets' (vgl. par. 4.3.6):

1) aldie iets kom fan hom aaf
2) endie einghaanpeleik (ingang) fan aldie iets

4.5.1.3 Sintaktiese verskynsels

Eindrelevering (of VX-volgorde - vgl. par.3.4.2 (2) en Ponelis 1980:75) skyn 'n algemene kenmerk te wees, sowel wat voorwerpsnaamwoordstukke as adjunkte betref:

1) en omtie maak ḥaǧǧ [xaǰ] (en om die haj te maak)
2) hai kan sien daidelik aalhelie ghahaim (hy kan duidelik al hulle geheime sien)

Voegwoordkonstruksies met 'dat' volg, anders as by die ondersoekgroep, die normale verskuiwingspatroon:

1) of lat iets na hoem kan laik
2) of lathai ferlie (verleë) es fer iets
3) lat muhammad allāh sain boeroefiet es (se profeet is)
4) of lat iets ferghalaiken es (vergelyk kan word) fer hom

Ook by verbetrekliking vind verskuiwing volgens die normale patroon plaas:

1) ieder ijan wat 'imān het es 'islām (elkeen wat geloof het, is islam)
2) ieder ijan wat 'islām es het 'imān

Objekskonstruksies met 'vir' kom in die teks veranderlik voor eiename, menslike soortnaamwoorde en persoonlike voornaamwoorde voor (vgl. par. 4.4.1.6):

1) netsos djai sien fer hoem
2) net soes djai fer allah sien
3) es oemtie foelgh fer die mensie (is om die mense te volg)

Gevalle van die redundante voorsetsel-agtersetselkonstruksie 'met ... saam' kom enkele kere voor (vgl. par. 4.4.1.8.2):

1) of lat iets maatskapai (gelyk) es moet hom saam
2) moetdie 'arkan (=sien) saam

4.5.2 Abu Bakr se Bayanu ddin, of "Uiteensetting van die godsdiens" (1869)

Die Bayanu ddin ("Uiteensetting van die godsdiens") van Abu Bakr is vanweë sy omvang en onlangse prominensie (vgl. Ponelis 1981) waarskynlik die mees bekende Arabies-Afrikaanse teks in getranslitereerde vorm. Ofskoon die Arabiese ortografie die invloed van die Nederlandse spelwyse in 'n groot mate uitskakel, is die feit dat die skrywer (n kenner van Arabies) ná 'n verblyf van slegs sewe jaar aan die Kaap 'n werk van dié aard in die "tongval der Kaapse Maleiers", 'n vreemde taal vir hom, op fonetiese wyse probeer weergee, genoeg rede tot omsigtigheid. 'n Mens sou oorveralgemening van fonologiese, morfologiese en sintaktiese reëls kon verwag, asook versteurings uit Arabies, iets wat saamhang met die groot mate van ontlening wat vandag nog die religieuse register van die Kaapse Maleier kenmerk. Daarom word hier slegs verskynsels bespreek wat op 'n duidelike wyse

verband hou met die variasievorme wat in die huidige opname na vore gekom het.

4.5.2.1 Fonologiese verskynsels

'n Interessante feit is dat slegs dertien jaar ná die "Betroubare woord" /r/-weglating op 'n veranderlike wyse in hierdie teks voorkom. So vind ons vorme soos

1) souat (swart)
2) audoedam (ouderdom)

maar tegelyk voorbeelde van nie-weglating:

3) soeuartie (soorte)
4) baart

Affrisering kom steeds onveranderlik voor:

1) djai
2) djaar
3) djoeuaile (julle)
4) djoengtjie (jongetjie)

Soos in die eerste teks, is /o/- en /e/-verhoging, dikwels in kombinasie met schwa-verlaging, ook kenmerkend:

1) ghaniem (geneem)
2) ghaghief (gegee)
3) alien
4) ghaa'ietnie (geëet nie)
5) liefandagh (lewendig)
6) noedagh
7) woert (woord)
8) doeroegh (droog)

Eindklosvereenvoudiging kom steeds veranderlik voor:

1) dereng daar oeuait (drink daaruit)
2) befoeuarbeil (byvoorbeeld)

3) seting (stink)
4) koeloem (klomp)
5) doeisan (duisend)
6) doeroeng (dronk)

maar

7) maant ramadān
8) hant
9) moent
10) kint
11) baghent
12) die pent fan die oeuar

en selfs

13) hoeuanders
14) daamp (hiperkorrek vir 'dam')

Indien die Alqauli lmatin as verteenwoordigend van sy tyd beskou kan word, lyk dit asof ontronding by die Bayanu ddin meer veranderlik voorkom, terwyl selfs hipergeronde vorme aangetref word:

1) nis (neus)
2) sepiegh (spuug)
3) ferbireik (verbruik)

maar

4) fajoel, foeioel (vuil)
5) mijoer (muur)
6) dijoer (deur)
7) lieuoening (leuning)
8) doeuaidlek (duidelik)
9) hoeuais (huis)
10) oeuait (uit)

Vokaalverlenging by /a/ kom ook hier voor, soos in

1) aal
2) aarem
3) aaltiwie (altwee)
4) aaltie (al die)

5) ghalaas (glas)
6) waas (was)

terwyl slegs een voorbeeld van /a/-verkorting teëgekom is, nl.

7) ghattjies

Schwa-epentese is in enkele gevalle aangetref, bv.

1) werek
2) koeuarteste tait (kortste tyd)
3) laangestie tait

Breking kom ook redelik uitgebreid voor, soos in

1) ghijal (geel)
2) bifoeuarbijal (byvoorbeeld)
3) mijar (meer)
4) fijal (veel)
5) salf (self)

maar dit ontbreek wel in een geval waar dit, op grond van die ~~hedondaagse~~ data, juis verwag kon word, nl.

6) ghahelp

Die stemming en eksplosivering van intervokaliese /x/ by verboë vorme kom steeds onveranderlik voor:

1) ghariegilt (gereël)
2) hoegie allah (hoë Allah)
3) daagie (dae)
4) laager (laer)

Nog 'n algemene reël is /x/-epentese voor '-heid', bv.

1) warm ghait
2) ghoedghiet
3) ghiek ghait (gekheid)
4) setieng ghiet (stank)

Bilabialisasie van /v/ kom by Abu Bakr vir die eerste keer voor, en wel in vorme soos

1) uaatar (water)
2) woeuart (woord, word)
3) woeuan (woon)

Twee voorbeelde van /n/-epentese (vgl. par. 4.2.17) is aangetref, t.w.

1) falintjies (vulletjies)
2) taghentagh (tagtig)

Laastens is daar een voorbeeld van die rotasering van die intervokaliese /d/, 'n algemene verskynsel by my datakorpus, teëgekom:

setaaraghies (stadigies)

4.5.2.2 Morfologiese verskynsels

Regularisering van verbale vorme, veral by 'hê', 'gee', 'vra' en 'gaan', is algemeen, maar waar die stam op 'n frikatief uitgaan, word dié behou.

1) ghahet
2) ghaghief
3) feraagh
4) ghaat
   maar
5) ghaghaan

'Dit'-weglating kom voor in sinne soos

1) es niet wagib oeuap[42] haar (dis nie verpligtend vir haar nie)
2) ya'ni es ghanoeuagh fer die foerau (dit wil sê, dis genoeg vir die vrou)

42) Volgens Van Selms (1951: 49) is die gebruik van 'op' in sulke gevalle 'n Arabisme. Vgl. ook par. 4.4.2.2.2.

Verboë adjektiewe word vrylik gebruik, hoewel nie deurgaans nie:

1) die kelainie foel (die klein voël)
2) ghoeroenie foer (groen voer)
3) ghaarie baksetien (gaar baksteen)
   maar
4) rau baksetien

Soos in my databasis, word die verboë vorm 'ope' ook predikatief gebruik, soos in

die handie moet balaif oeuapie (die hande moet oop bly)

In besitskonstruksies word 'sain' (se) konsekwent in verbinding met 'ons',[43] 'hulle' en 'julle' gebruik:

1) aas die kāfir waas niet ghaniem an fan oeuan sain handelaars gha'ien dengnie oeuansain 'asir moenie niem an fan hoeuailanie gha'ien dengnie (As die die heidene van ons handelaars geen ding sou aangeneem het nie, moet ons ontvanger van tiendes van hulle geen ding aanneem nie.)
2) djoeuaile sain koeuap (julle kop)
3) hoeuaile sain hant (hulle hand)

Die vergelykingsmorfeem word soms versterk deur die oorbodige toevoeging van 'meer', terwyl 'meer' in enkele gevalle alleen, in die plek van '-er, gebruik word:

1) det es mier bieter
2) mierie doeuaidlek ('meerer duidelik')
3) mier seterk (sterker)

Afleidingsmorfeemwisseling en -toevoeging (wat die redundante gebruik van 'ge-' insluit) kom voor soos volg:

1) beghensel (begin)
2) firbireik (gebruik)

---

43) Twee gevalle van 'wij' kom wel voor, maar 'oeuans' (of 'oens') is oorwegend.

3) seting ghiet (stank)
4) ghaferloep (verloop)
5) ghabetaal

Naas sy pronominale funksie, word 'iets', soos in die geval van die sinchroniese data en die Alqauli -lmatin, dikwels gesubstantiveer:

1) toet aldie its wat het sekaadwiegh (tot al die dinge wat skaduwee het)
2) an die ietes wat maak salāt bedierief (en die dinge wat die rituele gebed bederf)

4.5.2.3 Sintaktiese verskynsels

In sy voorwoord tot die teksverwerking waarsku Van Selms teen 'n sintaktiese ontleding van die teks sonder voorbehoud:

> Vir die studie van die sintaksis kan hierdie werk slegs met groot behoedsaamheid gebruik word. Abu Bakr is in hoë mate beïnvloed deur die Arabiese sinsbou van die oorspronklike teks ... (Van Selms 1979: xv)

Abu Bakr se gebrekkige kennis van Afrikaans blyk o.a. uit die vele elliptiese sinne, waar die transliterator verstaanbaarheidsonthalwe invoegings moes maak. Dit blyk verder dat elliptiese sinne veral voorkom wanneer 'n hoë persentasie Arabiese leenwoorde gebruik word - 'n versteuring dus van die sinsvolgorde dientengevolge. Dit is opvallend dat in oorganklike sinne met 'n Arabiese ontlening as voorwerp, eindrelevering feitlik sonder uitsondering voorkom:

1) wie karai hadat sien salat daan moet maak ghau abdast (Wie verontreiniging kry tydens die gebed, moet dan gou 'n rituele wassing maak.)
2) wie kaik die ghasiegh oeuaf die ander pelek fan fariemdie foerauns met sahwat allahu ta'ala saal oeuarder fir die mala'ikats oeuam teset ien die man sain oeuagh die loeuat wat ghasemelt es met die ğahannam sain fier (Wie na die gesig of ander plek van vreemde vroue met hartstog kyk, Allah - Hy is verhewe

sal vir die engele beveel om in dié man se oog die lood wat met die hel se vuur gesmelt is, te sit.)

As gevolg van die sintaktiese versteuring hierbo genoem, vind ons by bysinne steeds onafhanklike volgorde. Soos in die onderstaande voorbeeld, word 'n newegeskikte sin deur die voegwoord ingelei, met pronominale herhaling van die onderwerp:

3) wie ghalaat belaif sies salats ... daan hai maak waqtiyats alien (Wie ses gebede laat bly het ... dan maak hy alleen die gebedstye (whaktoes).)

Die onafhanklike (VX-) volgorde word by verbetrekliking ook gehandhaaf, hoewel daar wel enkele voorbeelde van werkwoord= verskuiwing voorkom, soos in die volgende sin:

4) diesie fasl peraat fan die uaatars wat riegh es fer taharat (Hierdie afdeling praat van die waters wat reg is vir reiniging.)

Ofskoon slegs 'n kwantitatiewe ondersoek uitsluitsel hieroor sal gee, kom dit voor asof objekskonstruksies met 'vir' 'n minderheid gevalle in hierdie teks verteenwoordig, en dan ook veranderlik:

5) allah ta'ala het ghahelp fer oeuans (Allah - Hy is verhewe - het vir ons gehelp)
6) aghter iek ghadank het fer allah (nadat ek vir Allah gedank het)
7) allah ta'ala het ghabiliet fer muslim miesie (... het vir Moslem-mense belet)

4.5.3 Sjeg Imam Ahmed se "Kategismus"[44] (1868?)

Ofskoon hierdie teks nie met sekerheid gedateer kan word nie (Van Selms meen dat die jaartal 1868 waarskynlik is), is die feit dat die skrywer 'n Kaapse boorling van ten minste die tweede geslag is, vir ons 'n aanduiding dat sowel die

---

44) Van Selms (1951: 22) verstrek nie die Arabiese titel in sy inleiding tot die teksverwerking nie.

fonetiese as die sintaktiese weergawe van die Afrikaanse vertaling meer betroubaar as die Abu Bakr-teks behoort te wees.

4.5.3.1 Fonologiese verskynsels

Soos by die Bayanu ddin, kom /r/-weglating in 'n minderheid gevalle wel voor, bv.

1) hatloep
2) daanaatoe
3) sauaatie (swarte)

maar nie-weglating blyk veel meer algemeen te wees:

4) diertagh
5) daarfan
6) firstant
7) fier
8) hoendirt

Die feit dat Sjeg Ahmed 'n geletterde Kapenaar was, sou wel kon meebring dat die postvokaliese /r/ as gevolg van die invloed van die Nederlandse ortografie hiperkorrek in die Arabiese spelwyse aangebring is, maar die feit dat dit ook 'n veranderlike verskynsel by Abu Bakr is, dien m.i. as getuienis dat weglating nie hier as kategoriale reël beskou kan word nie.

Affrisering word sonder uitsondering in die transliterasie weerspieël:

1) djoelie (julle)
2) djai (jy)
3) djaar
4) djonkitjies

Ook schwa-verlaging en die verhoging van /o/ en /e/ kom deurgaans voor:

1) ghaloef
2) mienang
3) gha'ien (geeneen)

Eindklosvereenvoudiging kom veranderlik voor, soos blyk uit die onderstaande voorbeelde:

1) balang (blank)
2) bighansil (beginsel)
   maar
3) bighantsil
4) oemtirant
   maar
5) gha'anuoert (geantwoord)
6) firstant
   maar
7) maan (maand)

In die meerderheid gevalle is die eindklos egter ongeskonde:

8) afghariekent
9) bilent (blind)
10) daisant

Ontronding lyk, anders as in die Bayanu ddin, na die reël, en behalwe by 'julle' en 'hulle', word geen geronde vorme aangetref nie:

1) biraidija gham (bruidegom)
2) kilier (kleur)
3) ie (u)
   maar
4) djoeili (julle)
5) hoeili (hulle)

Vokaalverlenging by /a/ word nêrens aangedui waar dit ge= woonlik in die ander tekste voorkom nie, bv.

1) al wat
2) altiwie (altwee)
3) aldie

maar wel eenkeer voor /x/:

4) anbaagh (ambag)

Benewens die 'normale' schwa-invoeging (svarabhakti) wat in standaard-Afrikaans gebruiklik is, soos in [a'rəm], het epentese ook voor egte konsonante voorgekom, soos in

1) bidierif (bederf)
2) wierikseloen (werksloon)

Stemming en eksplosivering van die intervokaliese /x/ by 'hoge' is, soos by Abu Bakr, die algemene vorm:

1) hoegai karaktei (hoë karakter)
2) die hoegie allahu (die hoë Allah)

'n Verdere ooreenkoms is die feit dat /x/-epentese beperk is tot die posisie voor '-heid', soos in

1) minirghait (minderheid)
2) mindirangghait (id.)
3) doef ghait (doofheid)
4) bilint ghait (blindheid)

Hierdie verskynsel kan waarskynlik toegeskryf word aan analogie na die voorbeeld van vorme op '-igheid', soos

5) moets walieghait (moedswilligheid)

'n Enkele voorbeeld van breking voor /ɛl/ is teëgekom, nl.

ghafirtal ('gevertel')

4.5.3.2 Morfologiese verskynsels

In hierdie teks is regularisering van Nederlandse werkwoord= vorme duidelik aan die gang, en wel deur die gebruik van die (volledige) stam vir alle funksies, bv.

1) firaagh
2) ghief
3) seigh (sê)

Die gebruik van 'het' as infinitief kom egter veranderlik voor, bv.

4) en moet het firstant (en verstand moet hê)
   maar
5) wilhei (wil hê)

Daarby word 'gaan' en 'gaat' ook afwisselend gebruik,as infinitief- en indikatiefvorm:

6) dan ghaat die miensei firaagh (dan gaan die mense vra)
7) hoefiel ghaan ein (hoeveel gaan in)
8) omtie ghaat ḥaǧǧ (om te gaan haj)
9) allahu ta'ala sal noe'iet doeuat ghaan nie

In skerp teenstelling met Abu Bakr, is die gebruik van 'dit' voor die kopula by Sjeg Ahmed algemeen, bv.

1) dit is liegh
2) dit is mustahîl (verbode)

Verboë adjektiewe (waar dit verskil van standaard-Afrikaans) kom dikwels voor:

1) kalainie of gharoetie sindie moet moets walieghait
   (klein of groot sonde met moedswilligheid)
2) ien langei bierig ('n lang brug)
3) speere witte kleere (hierdie voorbeeld is ook deur twee
   respondente gebruik)

Afleidingsmorfeemwisseling en -toevoeging is in die teks uitgebreid aangetref, bv.

1) bighantsil (begin)
2) ghawietanskaap (kennis)
3) ghawietansikaapir ('gewetenskapper', kenner)
4) die ghienaghai (diegene)
5) ghafirtal (vertel
6) ghafirhais (verhuis)

Substantivering van 'iets' kóm meermale voor, soos in

1) aldie iets wat is haram (verbode)
2) aldie ietsie

4.5.3.3 Sintaktiese verskynsels

Soos in albei die vorige tekste kom eindrelevering algemeen voor, ook by verbetrekliking wanneer die onderwerp of aanvulling 'n Arabiese ontlening is en in verbinding met die kopula gereleveer word:

1) allah ta'ala het oep aldie ietsie kiraagh (Allah - Hy is verhewe - het mag oor alles)
2) wanier hai woert mukallaf (mondig, toerekenbaar)
3) aldie iets wat is ḥaram

Voegwoordkonstruksies met 'dat' volg, soos in die Alqauli -lmatin, die normale verskuiwingspatroon:

lat allahu ta'ala firlie (verleë) is

Objekskonstruksies met 'vir' word in verbinding met eiename en persoonlike voornaamwoorde aangetref. bv.

1) oem takin (om te ken) fir allahu ta'ala
2) allahu ta'ala sal maak fir hoem liewandegh (lewendig)

'n Opvallende kenmerk van hierdie teks, soos by die ondersoek=groep, is hulpwerkwoordherhaling, veral van 'word':

1) dan woert wier ghabilaas woert (dan word daar weer geblaas)
2) dan woert die miensei ghadjaagh woert
3) dan aaghtir die woert afghawiegh woert, woert hoeili ghagief woert die nur (dan, nadat dié afgeweeg is, word die lig aan hulle gegee)

Laastens kom voorsetselstapeling ook in een geval (soortgelyk aan die voorbeelde uit die datakorpus van hierdie proefskrif) voor:

toet naa die gahannam (hemel)

4.5.4 Sjeg Abdurachman (± 1900)

Uit hierdie kort werkie, waaruit 'n uittreksel in hierdie ondersoek as leesstuk gebruik is, word vervolgens ter vergelyking enkele voorbeelde gehaal. Die oorspronklike is getranslitereer deur imam M A Baker en die transkripsie verskyn as Bylaag E. Anders as Van Selms, gebruik Baker 'n sisteem wat heelwat nader aan die Afrikaanse ortografie staan, sodat die transkripsie, foneties gesproke, met 'n mate van omsigtigheid ontleed behoort te word. Verskynsels soos /r/-weglating, vokaalverhoging en ontronding is soms opsigtelik afwesig, klaarblyklik om die leesbaarheid van die teks te verhoog.

Aangesien die teks baie kort is en in sy geheel ter insae is, word die tersaaklike verskynsels slegs kortliks genoem en telkens van 'n voorbeeld voorsien.

4.5.4.1 Fonologiese verskynsels

/r/-weglating: eeste
Affrisering: djy
/e/-verhoging: niem
Schwa-verlaging: gadagte
Eindklosvereenvoudiging: oggen
Schwa-epentese: ondentelik
/ɛ/-verskuiwing: moet (met)
Rotasering: staarag
/x/-epentese: manierlikgeit
/n/-epentese: ondentelik

4.5.4.2 Morfologiese verskynsels

Regularisering: gaat (konsekwent)
seg (id.)

Besitskonstruksies: die kitaab (boek) syn order

Afleidingsmorfeemwisseling en -toevoeging: verbruik
ganiederag
galeerte

Reduplikasie: goe-goe (gou-gou)
gadierag gadierag

4.5.4.3 Sintaktiese verskynsels

Eindrelevering: Dan moet jy ... gaat soen hulle hande

'Vir' in objekskonstruksies: dank vir die hooge Allah
dan maak ek vir my reg vir skool

'Wat' by tydspuntsinne: hat (wat) djy opstaan, dan moet
djy dank

4.6 Samevatting

Uit hierdie kursoriese oorsig van variasieverskynsels wat oor 'n tydperk van ongeveer 125 jaar (1856-1981) in Maleier-Afrikaans voorgekom het, blyk dat sowat 54,2% van die ±50 tipes wat bespreek is, met 'n redelike mate van sekerheid na die vorige eeu teruggevoer kan word. 'n Meer intensiewe ondersoek sou waarskynlik 'n hoër persentasie oplewer, en indien kwantitatiewe metodes toegepas word, sou duideliker patrone van taalevolusie aangetoon kon word. Daarby behoort die sosiale dimensie waarbinne die genoemde (en ander) tekste hulle beslag gekry het, nie buite rekening gelaat te word nie. ('n Voorbeeld van so 'n tipe ondersoek is Romaine 1982.)

'n Belangrike gevolgtrekking wat hier terugskouend gemaak kan word, is dat die verskynsels wat geïdentifiseer is, in baie gevalle veranderlik voorgekom het en dat selfs kategoriale gebruik van 'n bepaalde variant in 'n teks veral by vreemdelinge (soos Abu Bakr) bloot die oorverbreide toepassing van 'n veranderlike reël kan weerspieël.

Een aspek van die ondersoek wat tot dusver nog nie onder bespreking gekom het nie, en wat eweneens aan begrensings= faktore onderhewig is, is die verskillende aanspreekvorme wat binne die Maleiergemeenskap gebruiklik is. In die volgende hoofstuk sal die faktore ontleed word wat 'n rol speel in die sosiale struktuur van die ondersoekgroep om die uit= eindelike keuse van 'n aanspreekvorm te bepaal.

HOOFSTUK 5

DIE AANSPREEKVORM AS VERANDERLIKE

> Für die Soziolinguistik istwichtig, dass die Handlungsrolle, die jemand für sich und reziprok für seine Partner antizipieren und auf ihre Voraussetzungen hin befragen kann, bedingt sind durch den Kontext seiner individuellen Sozialisation. (Wunderlich 1978: 312)

5.1 Inleiding

Die ontleding van variasieverskynsels in hoofstuk 3 het duidelik laat blyk dat die keuse van 'n bepaalde variant verband hou met die posisie van die betrokke respondent binne die gemeenskapstruktuur (of -hiërargie) waarvan die ondersoekgroep verteenwoordigend is. Die taalveranderlikes wat ondersoek is, strek oor 'n breë linguistiese spektrum, en die sosiale veranderlikes wat by die korrelasies gebruik is, het hoofsaaklik betrekking op die plasing van die spreker qua spreker binne die sosiale matriks. Deur die toepassing van die taalpragmatiese veranderlike is 'n interaksionele dimensie aan die korrelasieraamwerk verleen, waardeur die keuse van bepaalde variante in verband gebring is met die verhouding tussen spreker en hoorder.

In hierdie hoofstuk gaan daar vervolgens gefokus word op die ingewikkelde patroon van verhoudings tussen gespreksgenote binne die hiërargiese struktuur van die Maleiergemeenskap en die wyse waarop 'n spesifieke verhouding neerslag vind in die gebruik van 'n enkele taalveranderlike, nl. die aanspreekvorm (voortaan AV in die enkelvoud). Vanuit 'n kommunikasiewetenskaplike oogpunt definieer H G Marais

(1979: 287) die AV soos volg:

> Die aanspreekvorm kan beskou word as die gekodifiseerde representasie van, enersyds, die bestaan van die verhouding tussen sender en ontvanger en andersyds, die kwalitatiewe aard van daardie verhouding.

Uit taalkundige oogpunt, is die AV in Afrikaans (paradigmaties beskou) altyd 'n naamwoordstuk (NS), wat as vokatiewe teen= hanger van die referensiële NS vormlik identiek is daaraan (vgl. Lombard 1978). So kan titels en verwantskapsname almal as soortnaamwoorde funksioneer:

1) Dokter, ek voel verskriklik.
2) Ek het vir die dokter gesê ek voel verskriklik.
3) Oom, kom oom vanaand oor?
4) Ek het vir my oom gevra of hy vanaand oorkom.

Daarbenewens vind ons dat voornaamwoorde, net soos eiename, ook soms as disjunkte aanspreekvorme optree:

5) Jy, kom 'n bietjie hier.
6) Julle, ek is nou moeg gespeel.

Voorbeeld (3) hierbo illustreer die sintagmatiese verskil tussen respektiewelik die vokatiewe en referensiële naam= woordstukke as aanspreekvorme, nl. die disjunkte vorm (as randstuk) aan die een kant en die referensiële NS as onderwerp van die sin (in hierdie geval) aan die ander. Voortaan onderskei ek tussen vokatiewe en referensiële aanspreekvorme.

Die keuse tussen alternatiewe aanspreekvorme kan, volgens Brown & Ford (1964: 239), wat 'n studie gemaak het van die semantiese reëls wat aanspreekvorme in 20 Europese en Indiese tale bepaal,[45] wesenlik herlei word tot dié tussen u en jy as persoonlike voornaamwoorde wat onderskeidelik 'n

45) Die resultate is gepubliseer in Brown & Gilman 1960.

mags- en 'n solidariteitsverhouding[46] tussen gespreksgenote uitdruk. Hoewel hierdie onderskeid vir die meeste Indo-Europese tale geld, is dit nie 'n universele verskynsel nie. Volgens Scholtz (1963: 76) en Van Loey (1964: 139) is bewysplase van u as subjek in Europees-Nederlandse bronne van voor 1840 uiters seldsaam. Ook in Sweeds was die ge= bruik van u (ni>i) 'n dertiende-eeuse 'vernuwing' wat tot vandag nog nie werklik inslag gevind het nie (Mitchell 1979: 61), en as deel van 'n polities gemotiveerde demokratiseringsproses oral bewustelik deur du verdring word. Die linguistiese korrelaat van 'n hiërargiese (of asimmetriese) verhouding tussen gespreksgenote neem in Sweeds, meer as in enige ander Europese taal, egter die vorm aan van 'n sydelingse (referensiële) AV. Mitchell (ibid) wys soos volg daarop:

> Swedish, in which greater avoidance of second person singular pronouns has traditionally been practiced than in any other European language...

So word o.a. derdepersoonsvoornaamwoorde, eiename en titels ook as referensiële aanspreekvorme gebruik (Paulston 1980: 363):

7) Vad vill hon ha? (Wat wil sy hê?)
8) Vad vill Christina ha? (Wat wil Christina hê?)
9) Vad vill fröken ha? (Wat wil die juffrou hê?)
10) Vad vill professorn ha? (Wat wil die professor hê?)

Ook in Afrikaans (vgl. voorbeeld (3)) is die sydelingse aanspraak in sommige kringe steeds gebruiklik, soos blyk uit 'n navorsingsprojek onder studente aan verskeie opvoedkundige inrigtings (vgl. Odendal 1976: 112). Dit is veral hierdie sydelingse aanspraak, en die groot aantal variante wat verskillende relasies tussen gespreksgenote weerspieël, wat

---

46) In werklikheid is daar 'n tweede dimensie: Ook vreemdheid (en/of sosiale afstand) en familiariteit word onder= skeidelik deur die twee vorme uitgedruk.

kenmerkend is van die gespreksituasie by lede van die Maleiergemeenskap.

Wat die oorsprong van die verskynsel in Afrikaans betref, wys Scholtz (1963: 67-77) daarop dat dit vroeër ook in Nederland as vorm van respek gebruiklik was, en dat dit sowel in 18de-eeuse Nederlands as in agtiende-eeuse Kaapse stukke voorkom. Dit wil dus blyk asof die eerste Maleiers aan die Kaap met die oorname van die Kaapse omgangstaal as moedertaal ook die aanspreeksisteem oorgeneem en uitgebrei het om familiale en religieuse terme in te sluit wat reeds by hulle gebruiklik was.

5.2 Die formalisering van aanspreeksisteme

Aan die sistematisering van reëls wat aanspreekvorme bepaal, is reeds in 1961 aandag gegee, toe Brown en Ford sulke reëls geabstraheer het uit waarnemings van gespreksituasies in toneelstukke, in 'n Bostonse sakeonderneming en by die bestuurskool van MIT. Dit is onder meer opgevolg deur 'n uitgebreide ontleding van Susan M Ervin-Tripp (1971), wat aan die hand van 'n voorbeeld van W Geoghegan (1971) 'n vloeikaart-diagram opgestel het om die keusemoontlikhede uit te beeld waarvoor die deursnee volwasse spreker in haar spraakgemeenskap te staan kom. (Vir 'n bespreking van hierdie diagram, vgl. Kotzé 1982.) In aansluiting by Ervin-Tripp se model, het Odendal (1976) 'n soortgelyke diagram opgestel wat sy eie (Afrikaanse) sisteem teenoor gespreksgenote in sy onmiddellike omgewing weergee. Dié model is later deur hom aangepas om sekere tekortkomings uit te skakel en kombineer vokatiewe en referensiële aanspreekvorme (vgl. fig. 96). 'n Belangrike aspek wat deur sy model aan die lig gebring word, is die gebruik, naas persoonlike voornaamwoorde (u en jy), van spesifieke en algemene formele titels (bv. professor, meneer) en verwantskapsterme (bv. oom, tannie) as referensiële vorme, wat weer eens die sydelings aanspraak in Afrikaans eksemplifieer.

In hierdie proefskrif word, anders as by Ervin-Tripp en Odendal, slegs die referensiële AV betrek, om duplisering (waarvan daar baie is) van die vokatiewe vorm uit te skakel en die model so eenvoudig as moontlik voor te stel. Soos 'n formele grammatika het hierdie model ook die voordeel van presisie in plaas van 'n wydlopige beskrywing. Omdat dit 'n logiese model verteenwoordig, is dit nie bedoel om die werklike prosesse, of die volgorde van besluitneming deur die spreker aan te dui nie (hoewel dit nie uitgesluit word nie). Met ander woorde, 'n introspektiewe kennis van die aanspreekvorme stem nie noodwendig ooreen met die wyse waarop empiries kontroleerbare situasies (indien fisies uitvoerbaar) in werklikheid verloop nie. Twee individue kan dus verskillende besluitnemingsprosedures volg by die keuse van 'n AV, maar tog op grond van 'n identieke logiese struktuur. Die diagram is dus 'n voorstelling van die veronderstelde logiese prosesse wat uitloop op die aanspreekvorme soos aangedui in die hoekige raampies.




Fig. 96 - 'n Afrikaanse aanspreeksisteem

5.3 Metode van dataversameling

Die bandopnames van onderhoude met respondente in hierdie ondersoek wat die veldwerker op sy eie onderneem het, is ontleed met die oog op die voorkoms van die referensiële AV, veral as deel van die openingsritueel wat telkens die onderhoud voorafgegaan het. Daarby is die verhouding tussen die veldwerker en respondent in ag geneem en by die opstel van reëls in berekening gebring. Laastens is die veldwerker uitvoerig ondervra om enige ontmoetingsituasies in te sluit wat nie deur die onderhoude gedek is nie. Oor die nood= saaklikheid en waarde van data wat op dié wyse verkry is, sê Paulston (1980: 362, 361):

> Study of the internal system necessitates either self-report data or direct observations made by informants with membership in the group under study. (...) The (...) reported data were highly accurate as were most reported data obtained from informants interviewed in depth about the address system of specific groups, organizations or institutions of which they were members.

5.4 Die aanvangsritueel en AV-variasie

Veral waar iemand aan huis besoek word, word gesprekke ge= woonlik geopen met 'n sterk geritualiseerde volgorde van uitings, wat die sosiale (of familiale) band tussen die gespreksgenote versterk en waarin die AV baie prominent ge= bruik word om die interpersoonlike verhouding te beklemtoon. In hierdie paragraaf word enkele aanvangsrituele wat opge= neem is, aangehaal om sekere verhoudingsaspekte te illustreer. In die eerste geval besoek die veldwerker ('n hadji) 'n bejaarde vrou:

> Veldw.: Salaam aleikoem![47]
> Resp.: Aleikoem salaam!
> Veldw.: Hoe vaar oemie?

47) Alle vorme wat nie in standaard-Afrikaans voorkom nie, word in die glossarium (Bylae K) verklaar.

Resp.: Algamdoelilaa. Hoe vaar Ishaak?
Veldw.: Algamdoelilaa.

In hierdie situasie word respek deur beide sprekers betoon: Die veldwerker gebruik die sydelingse AV 'oemie', terwyl die ouer vrou die veldwerker se voornaam referensieel gebruik. Met die verdere verloop van die gesprek word 'oemie' ge= leidelik deur die persoonlike voornaamwoord (derde persoon) vervang, terwyl die voornaam van die veldwerker deur 'jy' vervang is (soos later geblyk het):

Veldw.: Ek kom vir oemie sien. Ek het gehoor sy maak toppe. Maak sy nog altyd toppe?
Resp.: Ja, maar ek is so besig.
Veldw.: O, sy maak nie meer nie.

In die volgende situasie is die respondent (weer 'n vrou) heel= wat jonger, maar nog steeds in ouderdom die senior van die veldwerker:

Veldw.: Salaam aleikoem!
Resp.: Aleikoem salaam! Kom maar in, hadji.
Veldw.: Hoe vaar sies Poppie?
Resp.: 'Gamdoelilaa.
Veldw.: Ek kom maar net kyk hoe sy is.
Resp.: Ek wíl al die kinders gestuur het om te kom kyk het vir hadji.

Ook hier geld wedersydse respekbetoning, deur die gebruik van die familiale titel (wat nie hier verwantskap aandui nie) plus voornaam teenoor die respondent en, aan die ander kant, die gebruik van die veldwerker se religieuse titel. (Voor 'n eienaam word 'hadji' soms afgekort tot 'hai'.) Dié titel word ook met die bepaalde lidwoord in die AV gebruik, terwyl in enkele gevalle die AV deur 'n ouer persoon (met gelyke religieuse status) verswyg is. In die volgende voorbeeld spreek die veldwerker 'n ouer vrou (wat ook 'n hadji is) aan:

Veldw.: Salaam aleikoem!
Resp.: Aleikoem salaam!
Veldw.: Hoe vaar die hadji?
Resp.: Algamdoelilaa. Hoe vaar?
Veldw.: 'Gamdoelilaa.

Later spreek hy haar ook referensieel aan as 'Minora' en 'sy'.

In 'n gesprek met 'n ouer man (64jr.) het die veldwerker (28jr.) nooit daarvan afgewyk om hom as 'boeta Gamsa' aan te spreek nie, terwyl lg. slegs 'jy' gebruik het.

Gesprekke met jonger meisies het egter 'n interessante ver= skynsel geopenbaar. By die eerste kennismaking met 'n 17-jarige (hulle het mekaar nie voorheen geken nie) is die voornaam wederkerig gebruik, met pronominale vervanging deur die veldwerker ('sy' teenoor die respondent):

Wat is haar hobbies in die lewe? Wat doen sy?

Toe hy verneem dat sy pas uit die skool is, het hy oorgeslaan na 'jy':

Maar jou ma sê nie wat jy moet nog doen nie?

Die versoek om die woordelys en leesstuk te lees, het die veldwerker weer tydelik na 'sy' laat terugkeer. Daarna, toe die situasie weer na informeel teruggekeer het, het hy haar ook vrystelling gegee daarvan om hom as 'boeta' aan te spreek en hulle is 'op voornaamterme' uiteen. Dit blyk hieruit dat die AV as veranderlike ook aan stylverskuiwing onderhewig is en dat portuurgroepfamiliarisering, afhangende van die situasie, geredelik plaasvind.

Die feit dat 'n respondent nog op skool is, dien egter as 'n duidelik grens wat senioriteit betref. Teenoor sowel skool= gaande seuns as meisies aan wie die veldwerker goed bekend was, is die asimmetriese verhouding gehandhaaf en is geen vrystelling gegee daarvan om hom as 'boeta Ishaak' [bu'ta is'xak] of 'boeta 'Gak' aan te spreek nie.

5.5 'n Maleier-Afrikaanse aanspreeksisteem

Uit 'n indringende gesprek met die veldwerker en respondente het geblyk dat formaliteit nie binne die Maleier-kultuurgemeenskap enige noemenswaardige rol speel wat sisteem van aanspreekvorme betref nie. Die deurslaggewende faktor is eerbied vir die hiërargiese grense, wat bepaal word deur religieuse status, verwantskap, ouderdom en familiariteit (binne die portuurgroep). By intergroep-kontak na buite (dikwels in 'n formele konteks) word daar egter wel aanpassings gemaak, bv. deur die gebruik van 'meneer' en 'u' (teenoor Blanke Afrikaanssprekendes) en 'mister' (teenoor Blanke Engelssprekendes). 'n Mens sou kon sê dat aanspreeksisteme, wat uiteraard wissel van persoon tot persoon, in hierdie gemeenskap deur religieuse en kultuurgrense beïnvloed word en dat enige kontak met nasaras (Christene, nie-Moslems) buite die persoonlike vriendekring 'n mate van formaliteit meebring. Referensiële 'jy' teenoor portuurgroeplede of minderes (wat betref ouderdom en die sosio-religieuse hiërargie) word slegs gebruik wanneer die graad van familiariteit dit regverdig. Andersins is die sydelingse AV, wat óf 'n religieuse óf 'n familiale[48] titel kan wees, gebruiklik. 'U' kom feitlik nooit voor nie. (Slegs eenmaal het die veldwerker teenoor 'n hospitaalmatrone die uitdrukking 'u se broer Piet' gebruik.) By die eerste kennismaking (in dié geval met 'n bekeerling) is die voornaam bv. soos volg gebruik:

> Veldw.: Wat Farieda islam word, het Farieda vir getroude redes islam geword?

Soos die familiariteit toeneem, word dit vervang deur 'jy' en 'jou'. In die geval van 'n ouer persoon (± 15 jaar ouer) word die sydelingse vorm egter nooit vervang nie.

---

48) A.g.v. die gebruik van familiale terme om te verwys na nie-verwante persone, is die onderskeid tussen die twee verwysingsmoontlikhede nie altyd so duidelik nie.

In die geval van familiale en sosiale titels word dié titel aléén as AV gebruik (behalwe soms 'sies' en 'boeta', wat sowel sosiale as familiale verbintenis aandui en saam met die voornaam voorkom), terwyl by religieuse titels die gebruik van die voornaam fakultatief is en dikwels afhang van die graad van familiariteit (bv. sjeg, hadji, hai Achmat, imam Abdullah). Hoewel die gebruik van religieuse titels teenoor jonger betiteldes (hadji's ingesluit) behou word, in welke geval beide sprekers beleefdheidsterme gebruik (die hadji sal bv. 'boeta' teenoor die ouer persoon gebruik), kan familiariteit hier ook die gebruik van die religieuse titel neutraliseer, veral as die betitelde 'n aansienlik jonger persoon is of 'n portuurgroeplid binne dieselfde familie. Volledigheidshalwe kan genoem word dat professionele titels (bv. 'dokter') altyd as referensiële AV sonder voornaam of van gebruik word en nooit deur 'jy' of 'u' vervang word nie, behalwe as gevolg van die neutraliserende effek van gesinsfamiliariteit.

Verwestersing van sommige vorme, bv. 'oupa' in plaas van 'tatta' of 'ouboeja', en 'ouma' in plaas van 'memme' of 'oemie', het reeds in so 'n mate plaasgevind dat die tradisionele terme in sulke gevalle as verouderd beskou kan word. Daar dien ook op gelet te word dat oorvleueling van familiale en sosiale kategorieë veroorsaak dat 'boeta' teenoor feitlik enige ouer manspersoon en 'oegtie', 'ámatie' en 'gálatie' (en selfs 'oemie') teenoor sowel verwante as nie-verwante ouer vroue gebruik word.

Die vloeikaart-diagram (fig. 97) is 'n model van die referensiële aanspreeksisteem van die veldwerker (as jonger lid van die middelklas) wat opgestel is na aanleiding van selfwaarneming en empiriese kontrole met behulp van die gesprekopnames. (Bylae L is 'n Basic-rekenaarprogram wat op die vloeikaart gebaseer is en die besluitnemingsroetes prakties demonstreer.)




Fig. 97 - 'n Referensiële aanspreeksisteem binne die Kaapse Maleiergemeenskap

'n Ontleding van die selektors in die diagram verskaf insig in die sosiale norme wat geld by die keuse van 'n AV. Benewens pragmatiese oorwegings soos bekendheid met die aangesprokene se voornaam, en geslag, vorm psigologies-interpersoonlike faktore soos onderlinge familiariteit en intimiteit deel van die besluitnemingsroete. Laastens kom oorwegings met betrekking tot die hiërargiese verhouding tussen die gespreksgenote in die spel deur selektors soos 'religieuse status', 'manlik', 'verwant', 'portuurgroep' en 'bejaard'. Hieruit blyk ook die faktore wat bepalend is by die hiërargiese ordening van die gemeenskap in die breë.

Die resultate van hierdie deel van die ondersoek, soos vergestalt in die model, is dus 'n bevestiging van die vierde werkshipotese:

> Die aanspreeksisteme van taalgemeenskappe is 'n linguistiese weerspieëling van die sosiale norme wat die hiërargiese struktuur van die gemeenskap bepaal.

Verder sluit dit ook aan by die meer algemene bevinding t.o.v. die eerste werkshipotese, nl. dat die sosiale stratifikasie van die taalgemeenskap korreleer met variasiepatrone in die taalgebruik.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

> Linguists, no matter how much they talk about the laws which determine linguistic develop= ments, always end up by behaving like midwives who talk endlessly about the factors determining the sex of babies and yet always have to find out post factum whether the newborn is a boy or a girl. (Mauther 1902)

6.1 Slothipoteses

In die lig van die bevindings wat aan die einde van hoof= stukke drie en vyf uiteengesit is, volg hier 'n slotevaluering van die vier werkshipoteses wat op p. 36-37 gestel is.

(1) Die eerste hipotese (wat sentraal staan in die sosio= linguistiese teorie) is, met inagneming van die wisselwerking tussen demografiese en religieuse faktore wat 'n stratifiërende funksie vervul in die samestelling van die Maleiergemeenskap, deur die data-ontleding gestaaf. Terwyl afkoms (assal) as veranderlike 'n negeerbare rol speel en 'n status-indeks wat sowel sosiale en kulturele faktore in= sluit, duidelike stratifikasiepatrone openbaar, het tartiepskap (religieuse ortodoksheid, presiesheid) as enkele veranderlike die mees markante verdelingsfaktore geblyk te wees. Daarbenewens kan die belangrikheid van stylverskuiwing as taalgebruiksdimensie nie oorbeklemtoon word by die beoordeling van taalgebruiksverskille tussen bepaalde sub= groepe nie. Daarsonder sou simplistiese oorveralgemenings die waarde van gevolgtrekkings oor groepsverskille onder verdenking plaas. (Vgl. die bevindings t.o.v. werkshipotese nr.3.) Om dié redes behoort daar in die formulering van die slothipotese ook vir bogenoemde faktore voorsiening gemaak te word, en lui dit soos volg:

> Die taalgebruik van enige taalgemeenskap is volgens groepspesifieke maatstawwe sosiaal en stilisties ge= stratifieer op fonologiese en grammatiese vlak.

(2) Die versteuring van kovariërende stylverskuiwingspatrone by die onderskeie subgroepe het in hierdie ondersoek gedien as hipotetiese simptoom van taalveranderingstendense. Labov se ondersoek na die sentralisering van (aw) op Martha's Vineyard en die verhoging van (oh) in New York City is goed-gedokumenteerde voorbeelde van taalveranderingsprosesse wat heuristies uit variasiepatróne afgelei en empiries uit diachroniese vergelykings bevestig kon word (vgl. Labov 1972b: 160 et seq.). Op grond hiervan kan ons konkludeer dat sulke versteurings inderdaad by die ondersoekgroep voorgekom het, veral by die vokaalveranderlikes, en dat die fonologiese veranderlikes (o), (e), (ə), (œ i), (Ø) en (j) en die grammatiese veranderlikes (eind) en (gaan) by die jonger groep in die rigting van die standaardnorm ontwikkel, terwyl (reg) en (leks) neig om by die jongeres oorwegend aan die omgangstaalnorm te konformeer.[49] In die mate waarin die taalveranderingsmeganiek van die Maleiergemeenskap ooreen= stem met dié wat deur Labov blootgelê is, kan die slothipotese dus in sy oorspronklike vorm behou word:

> Taalveranderingstendense kan uit variasiepatrone afgelei word.

(3) Die gespreksituasie as taalpragmatiese veranderlike het t.o.v. sowel situasie- as stylverskuiwing opvallende korrelasie met die taalveranderlikes getoon. By tien afhank= like veranderlikes was 'n duidelike frekwensieverhoging van die standaardvariant te bespeur wanneer respondente in gesprek met 'n vreemdeling was. In teenstelling hiermee het 'n ontleding van die stylverskuiwingspatrone 'n veel skerper hiperkorreksiegradiënt t.o.v. die formele style geopenbaar by respondente wat alleen met die veldwerker (as lid van die

---

49) Hierdie waarneming word verder gerugsteun deur die ver= steuring van stylverskuiwingspatrone t.o.v. klassestratifikasie.

gemeenskap) in gesprek was. Die hipotese t.o.v. die invloed van taalpragmatiese faktore op taalgebruik word dus ook ongekwalifiseerd bevestig:

> Taalpragmatiese faktore beïnvloed die frekwensie van kwantifiseerbare linguistiese korrelate van situasie- en stylverskuiwing.

(4) Die aanspreekvorm het as linguistiese veranderlike waarskynlik meer realiseringsmoontlikhede as enige ander, deels vanweë die feit dat semantiese variasie daarby inge= sluit is, maar veral omdat dit al die verskillende inter= persoonlike verhoudings in die gemeenskapstruktuur weer= spieël. Deur die formalisering van 'n bepaalde aanspreek= sisteem volgens die voorbeeld van Ervin-Tripp (1971) kon daar aangetoon word watter faktore 'n rol speel by die keuse van die toepaslike variant en watter aanspreekvorme t.o.v. die verskillende kombinasies van sosiale faktore gebruiklik is. In die aanspreeksisteem speel faktore soos religieuse status, geslagsverskil, verwantskap en ouderdomsverskil 'n bepalende rol - faktore wat belangrike aspekte van die maatskaplike struktuur verteenwoordig en wat ook as onafhank= like veranderlikes opgetree het (vgl. hfst. 3) om korrelasiepatrone te identifiseer. Dus kan die werkshipotese ook as slothipotese in sy oorspronklike vorm bly staan, nl.

> Die aanspreeksisteme van taalgemeenskappe is 'n linguistiese weerspieëling van die sosiale norme wat die hiërargiese struktuur van die gemeenskap bepaal.

6.2 Terreine vir verdere ondersoek

Hoewel hierdie proefskrif die sosiale stratifikasie van nege fonologiese, een leksikale en vyf grammatiese veranderlikes in diepte ondersoek het, het vele ander taalverskynsels in Maleier-Afrikaans aan die lig gekom (vgl. hfst. 4) wat verdere ontleding regverdig. Veral stratifikasie op leksikale vlak is 'n terrein wat nog relatief onontgin is, en hier kan daar moontlik gelet word op die vervanging van

Afrikaanse deur Arabiese leksikale items. In aansluiting hierby sou daar deur middel van leksikonontleding vasgestel kon word watter komponent Arabiese items van die daaglikse woordeskat van die Maleier verteenwoordig.

Die wedersydse beïnvloeding van Afrikaans en Engels deur sowel ontlening as sisteemversteuring het uit aangehaalde voorbeelde, asook uit die frekwensie van die leksikale veranderlike (leks) geblyk. In hierdie ondersoek het ook geblyk dat jong manlike respondente 'n voorkeur vir Engels as gespreksmedium in bepaalde registers het, hoewel dit nie in die bevindings weerspieël is nie. 'n Verdere ondersoek sou met vrug uitgevoer kon word om Afrikaans/Engelse kode= wisseling, ontlening en versteuring as gevolg van taalkontak te peil.

Die feit dat daar ná die aanvanklike ontwrigting wat deur die toepassing van die Groepsgebiedewet veroorsaak is, nuwe konsentrasies van Maleier-groepe ontstaan het (bv. Lentegeur in Mitchell's Plain), behoort 'n stabiliserende effek op die taalgebruikspatrone van die betrokke gemeenskappe te hê (vgl. par. 3.5.6) - iets wat insgelyks nadere ondersoek verg.

Taalveranderingstendense is aangetoon by sommige van die veranderlikes wat kwantitatief ontleed is. Verder laat die feit dat prosesse soos ontronding, breking, /r/-weglating, regularisering van werkwoordsvorme, SVO-volgorde in bysinne na 'dat', ens. ook voorkom by sprekers van standaard-Afrikaans, die vermoede ontstaan dat ons in Afrikaans met sekere taalveranderingsuniversalia te doen het wat by die Afrikaanssprekende Maleier óf reeds in die wordingstyd van Afrikaans in algemene werking was, óf vandag in so 'n mate sy natuurlike loop geneem het dat verskille van standaard-Afrikaans hoogs opvallend is. Met die bronne, histories en kontemporêr, wat tot die navorser se beskikking is (vgl. hfst.4), kan 'n omvattende empiriese ondersoek ingestel word na sulke prosesse.

BYLAE A

BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE

*of dié van egger

NR.	GR.NR.	GESLAG	OUD.	NAAM	BEROEP*	WOONGEBIED
01	A1	V	48	Shariefa A.	verkoopsman*	S. Voorstede
02	A2	V	45	Rukeya I.	handarbeider*	Bo-Kaap
03	A3	V	29	Rukeya A.	toeristegids*	Bo-Kaap
04	A4	V	52	Farieda M.	messelaar (vroeër kok)*	Onder-Kaap
05	A5	M	64	Gamsa I.	kelner	Onder-Kaap
06	A6	M	18	Riedwaan S.	boukontrakteur*	Onder-Kaap
07	A7	M	25	Ganief N.	klerk	Onder-Kaap
08	A8	V	24	Fatima A.	kabinetmaker*	S. Voorstede
09	A9	V	50	Minora A.	bouer (klein)*	S. Voorstede
10	A10	V	52	Ysa J.	kleremaker*	Bo-Kaap
11	A11	V	55	Amiena M.	vragmotorbestuurder*	Bo-Kaap
12	A12	M	28	Ismail L.	busbestuurder	Onder-Kaap
13	A13	V	17	Abieda I.	kleremaker*	Bo-Kaap
14	A14	V	28	Washiela K.	binnehuisversierster	Onder-Kaap
15	A15	V	17	Shahieda D.	winkelassistent	Onder-Kaap
16	A16	V	17	Farieda O.	winkelassistent	Onder-Kaap
17	A17	V	22	Zamiela P.	klerk	Onder-Kaap
18	A18	V	18	Shameela S.	haarkapper-assistent	Onder-Kaap
19	A19	V	18	Shaheeda A.	haarkapster (tuis)	Vlakte
20	A20	V	15	Yasmeena C.	klerk*	
21	AB1	V	75	Ysa S. (hdj.)	koetsier*	Bo-Kaap
22	AB2	M	60	Maan J.	munisipale werker	Bo-Kaap
23	AB3	V	51	Fatima B.	ambagsman*	Bo-Kaap
24	AB4	V	73	Gesina D. (hdj.)	visserman*	Bo-Kaap
25	AB5	M	54	Suleiman I.	kleremaker	Bo-Kaap
26	AB6	M	25	Riedwaan O.	garage-eienaar	Onder-Kaap
27	AB7	V	42	Gabieba R.	wynkelner (sic)*	S. Voorstede
28	AB8	V	28	Gabieda A.	rekenmeester*	Walmer Estate
29	AB9	V	28	Madiega S.	amptenaar by olieraffinadery*	Onder-Kaap
30	AB10	V	29	Khafia A.	bouer*	Vlakte
31	AB11	V	44	Gadieja J.(hdj.)	ambagsman*	Vlakte
32	AB12	M	55	Salie J.	naaimasjienwerktuigkundige	Vlakte
33	AB13	V	26	Shaheeda W.	steierwerker*	Vlakte
34	AB14	V	40	Mariam B.	busbestuurder (rentenier)*	Vlakte
35	AB15	M	19	Fanie I.	vakleerling	Bo-Kaap
36	AB16	M	23	Makkie I.	vulstasie-bestuurder	S.Voorstede
37	AB17	M	27	Omar P.	bourekenaar	Walmer Estate
38	B1	V	18	Nazli S.	setter (self)	Walmer Estate
39	B2	M	48	Achmat B.	chauffeur/bode	Bo-Kaap
40	B3	M	52	Shafick A.	amptenaar (semi-Staats-)	Vlakte
41	B4	M	18	Naziem van N.	junior amptenaar	Walmer Estate
42	B5	M	50	Rashad W. (hdj.)	handelaar	Bo-Kaap
43	B6	M	55	Kassiem J. (hdj.)	handelaar (bestuurder)	Bo-Kaap
44	B7	V	48	Marildea D.	museumopsigter*	Bo-Kaap
45	B8	M	52	Mogammat D.	museumopsigter	Bo-Kaap
46	B9	M	53	Noor K. (hdj.)	fabrieksbestuurder	Vlakte
47	B10	M	43	Achmat D.	sosiale werker/skrywer	Bo-Kaap
48	B11	M	22	Whitey D.	halfgeskoolde werker	Vlakte
49	B12	M	21	Ali B.	halfgeskoolde werker	Vlakte
50	B13	M	29	Omar I.	halfgeskoolde werker	Vlakte
51	B14	M	17	Omar N.	skoonmaker	Onder-Kaap
52	B15	M	17	Adonai N.	fabrieksassistent (halfgesk.)	Vlakte
53	B16	M	52	Ebrahim S.	senior amptenaar (Staats-)	Walmer Estate
54	B17	M	56	Hassan H. (hdj.)	garage-bestuurder	Walmer Estate
55	B18	M	52	Ismail I. (hdj.)	maatskappy-eienaar	S. Voorstede
56	B19	M	50	Hassan K.	sakeman (uitvoerend)	Bo-Kaap
57	B20	V	48	Abieda S.	senior amptenaar*	Walmer Estate
58	B21	M	29	Naziem S.	maatskappy-direkteur	Walmer Estate
59	B22	M	18	Mogammat N.	vakleerling	Bo-Kaap

BYLAE B

INSTRUKSIES VIR OPNAMES

1. Vooraf

1.1 Sorg dat die kasset reg ingesit is en die linkerkant vol is.
1.2 Skryf die opnamenommer op die kasset (bv. A2).
1.3 Skakel die masjien aan, tel tot tien en herhaal die nommer.
1.4 Noem die naam van die persoon, sy ouderdom en beroep (as dit bekend is).
1.5 Druk die pouseknoppie in en plaas die opnemer in binnesak (koppel die afstandsbeheer en kondenseer= mikrofoon wat in die mou by die armhorlosie versteek is).

2. Gesprek

2.1 Laat los die pouseknoppie net voor die persoon ontmoet word.
2.2 Groet en begin 'n informele gesprek (bv. oor Ramadan). Praat self so min as moontlik - laat die respondent die praatwerk doen.
2.3 Ná ong. 10-15 min. druk die pouseknoppie in en verduidelik die doel van jou koms: ondersoek na die lewensaard en taal van die Maleiers.
2.4 Vra toestemming om die gesprek op band op te neem (noodsaaklik om weer daarna te kan luister), asook om die opgeneemde gedeelte te gebruik.
2.5 Haal die opnemer, woordelys en leesstuk uit, plaas dit op 'n tafel of ander oppervlakte naby die respondent en skakel aan.

2.6 Vra respondent om die woordelys te lees, en dan die leesstuk (Bylae D).

2.7 Vra hom om sy beroep te beskryf,(of dié van die broodwinner, indien hy (of sy) dit nie is nie.

2.8 Vra die respondent -,

2.8.1 of hy/sy aan 'n vereniging of groepie vriende behoort;

2.8.2 of daar meer as een huisgesin in die buurt is wat familie is van hom/haar;

2.8.3 of daar ten minste twee ander persone van die area naby hom/haar werk; (indien ja)

2.8.4 of dié mense van dieselfde geslag is; en

2.8.5 of hy/sy bevriend is met sy/haar kollegas ná werk.

2.9 Vra die respondent wat hy/sy dink van die moontlik= heid dat Distrik Ses weer teruggegee sal word (of ander onderwerp wat vir hom/haar emosioneel of belangrik is.)

2.10 Beëindig die gesprek en groet (Die opnemer bly aan!).

3. <u>Terug</u>

3.1 Skakel opnemer af en skryf die nommer op die omslag van die kasset.

3.2 Draai die kasset om en wen terug tot by die begin van die tweede kant (as dit skoon is).

BYLAE C

WOORDELYS

ordentlike
Islamse
word
woord
lanklaas
iemand
buitekant
duisend
ketting
gegee
enige
julle
Johnnie
jakkals
karretjie

bietjie koud
tipiese
kritiese
deur
onder die deur
daarop
opgevoed
opgelet
ingeneem
ingeskakel
uitgeslaan
uitgekies
strate
skuite

BYLAE D

LEESSTUK

(Aangepas uit 'n transkripsie deur M.A. Baker van 'n Afrikaans-Arabiese werkie deur Sjeg Abdurachman, opgeneem in Muller (1962).)

Hoe om te maak vir 'n kind in die oggend

Die 1ste, wat jy opstaan, dan moet jy dank vir die hoge Allah en dan moet jy vir jou vader en moeder gaan groet en soen hulle hande.
Die 2de, dan moet jy abdas neem en sombaaing Soeboeg en maak do'aa.
Die 3de, dan moet jy gou-gou skool toe gaan, dan moet jy groet vir jou Oestaad, dan moet jy sit om jou les faam te maak.
Die 4de, tyd van batja, dan moet jy nie gedagte maak van speel nie.
Die 5de, in die oggend moet jy baie batja, dan word jy gou-gou faam.
Die 6de, jy moet aldag ander les vat en jy moet al jou ou lesse faammaak.
Die 7de, in die skool moenie praat met ander kinders nie, neem net notisie van jou lessons.
Die 8e, jy moenie gedurig-gedurig uit die skool kom nie.
Die 9e, jy moet ~~gaaflies~~ wees in die geleerte, en moenie gedagte maak van speel nie.
Die 10e, jy moet aldag skool toe gaan, jy moenie een dag verloor nie.
Die 11e, wat die skool uitgaan, dan moet jy jou Oestaad groet en soen sy hand, en dan moet jy gou-gou huis toe gaan, en moenie in die straat speel nie.
Die 12e, wat jy uit die skool uit kom, dan moet jy reguit huis toe gaan, en groet vir jou vader en moeder en soen hulle hande.
Die 13e, wat jy klaar met eet is, dan moet jy sit by jou oemie (mamma) en bappa en moenie in die rondte gaan speel nie.

Die 14e, wat jouoemie en bappa sê, moet jy maak: jy moenie jou eie order verbruik nie.
Die 15e, tyd van skoolgaan, moet jy gou-gou gaan en moenie met slegte kinders speel langs die pad nie.

BYLAE E

BYLAAG: WENKE VIR KINDERS OOR GOEIE MANIERE

('n Transkripsie deur M.A.Baker van 'n Afrikaans-Arabiese werkie deur Sjeg Abdurachman (±1900). Drukker onbekend).

Bies-miel-la hier-rach-maa-nier-ra-chiem.
Al-cham doe liel-la-hie-rab-biel'aa-la-mien: en Salawât en Salaam op onse
Nabie Mu-chammad en op syn famieljies en op syn sa-chaa-ba - Dan -
Diese Kitaab bedrag op Adab (goeie maniere) vir skool Kinners om te leer.
En ek versoek van die hooge Allah lat Allah-ta-'aala moet geef vir die genage wat batja die kitaab om te maak die kitaab syn order.

HOE OMTE MAAK VIR 'N KINT IN DIE OGGEN

Die eeste, hat djy opstaan dan moet djy dank vir die hooge Allah en dan moet djy vir djou vader en moeder gaat groet en soen hulle hande.
Die tweede, dan moet djy Abdas niem en soembajang (bid) Soeboech en maak do'aa.
Die driere, dan moet djy goegoe skool toe gaat dan moet djy groet vir djou Oestaad (onderwyser) dan moet djy sit djou les faamtemaak.
Die viere, tyt van batja dan moet djy nie gedagte maak van speel nie.
Die vyfte, in die oggen moet djy baiang batja dan wort djy goegoe faam.
Die seste, djy moet aldag anner les vat en djy moet al djou ou lesse faammaak.
Die sewenste, in die skool moenie praat moet kinners nie, neem net notis van djou lessens.
Die agste, djy moenie gadierag gadierag (gedurig) uit die skool kom nie (moenie gedurig vra om die kamer te verlaat nie)

Die Niekenste, djy moet masjghoel (besig) wies in die galeerte en moenie gedagte maak van speel nie.
Die tienste, djy moet aldag skool toe gaat, djy moenie een dag verloor nie.
Die elfste, hat die skool uit gaat dan moet djy djou Oestaad groet en soen syn hand en dan moet djy goe-goe huis toe gaat, en moenie in die straat speel nie.
Die twaalfste, hat djy uit die skool uit kom dan moet djy reguit huis toe gaat en groet vir djou vader en moeder en soen hulle hande.
Die dertiene, hat djy klaar moet eet is, dan moet djy sit by djou oemmie(moeder) en taata (vader) en moenie in die ronte gaat speel nie.
Die veertiende, wat djou oemmie en taata seg moet djy maak, djy moenie djou eie order verbruik nie.
Die vyftiene, tyt van skool gaat, moet djy goe-goe gaat en moenie moet slegte kinners speel lanks die pat nie.

Grade van vryheid by teller



F-distribusie ($\alpha = 0,05$)

Grade van vryheid by noemer


gv_n \ gv_t	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	12	15	20	24	30	40	60	120
1	161.45	199.50	215.71	224.58	230.16	233.99	236.77	238.88	240.54	241.88	243.91	245.95	248.01	249.05	250.10	251.14	252.20	253.25
2	18.513	19.000	19.164	19.247	19.296	19.330	19.353	19.371	19.385	19.396	19.413	19.429	19.446	19.454	19.462	19.471	19.479	19.487
3	10.128	9.5521	9.2766	9.1172	9.0135	8.9406	8.8867	8.8452	8.8123	8.7855	8.7446	8.7029	8.6602	8.6385	8.6166	8.5944	8.5720	8.5494
4	7.7086	9.9443	6.5914	6.3882	6.2561	6.1631	6.0942	6.0410	6.9988	5.9644	5.9117	5.8578	5.8025	5.7744	5.7459	5.7170	5.6877	5.6581
5	6.6079	5.7861	5.4095	5.1922	5.0503	4.9503	4.8759	4.8183	4.7725	4.7351	4.6777	4.6188	4.5581	4.5272	4.4957	4.4638	4.4314	4.3985
6	5.9874	5.1433	4.7571	4.5337	4.3874	4.2839	4.2067	4.1468	4.0990	4.0600	3.9999	3.9381	3.8742	3.8415	3.8082	3.7743	3.7398	3.7047
7	5.5914	4.7374	4.3468	4.1203	3.9715	3.8660	3.7870	3.7257	3.6767	3.6365	3.5747	3.5107	3.4445	3.4105	3.3758	3.3404	3.3043	3.2674
8	5.3177	4.4590	4.0662	3.8379	3.6875	3.5806	3.5005	3.4381	3.3881	3.3472	3.2839	3.2184	3.1503	3.1152	3.0794	3.0428	3.0053	2.9669
9	5.1174	4.2565	3.8625	3.6331	3.4817	3.3738	3.2927	3.2296	3.1789	3.1373	3.0729	3.0061	2.9365	2.9005	2.8637	2.8259	2.7872	2.7475
10	4.9646	4.1028	3.7083	3.4780	3.3258	3.2172	3.1355	3.0717	3.0204	2.9782	2.9130	2.8450	2.7740	2.7372	2.6996	2.6609	2.6211	2.5801
11	4.8443	3.9823	3.5874	3.3567	3.2039	3.0946	3.0123	2.9480	2.8962	2.8536	2.7876	2.7186	2.6464	2.6090	2.5705	2.5309	2.4901	2.4480
12	4.7472	3.8853	3.4903	3.2592	3.1059	2.9961	2.9134	2.8486	2.7964	2.7534	2.6866	2.6169	2.5436	2.5055	2.4663	2.4259	2.3842	2.3410
13	4.6672	3.8056	3.4105	3.1791	3.0254	2.9153	2.8321	2.7669	2.7144	2.6710	2.6037	2.5331	2.4589	2.4202	2.3803	2.3392	2.2966	2.2524
14	4.6001	3.7389	3.3439	3.1122	2.9582	2.8477	2.7642	2.6987	2.6458	2.6022	2.5342	2.4630	2.3879	2.3487	2.3082	2.2664	2.2229	2.1778
15	4.5431	3.6823	3.2874	3.0556	2.9013	2.7905	2.7066	2.6408	2.5876	2.5437	2.4753	2.4034	2.3275	2.2878	2.2468	2.2043	2.1601	2.1141
16	4.4940	3.6337	3.2389	3.0069	2.8524	2.7413	2.6572	2.5911	2.5377	2.4935	2.4247	2.3522	2.2756	2.2354	2.1938	2.1507	2.1058	2.0589
17	4.4513	3.5915	3.1968	2.9647	2.8100	2.6987	2.6143	2.5480	2.4943	2.4499	2.3807	2.3077	2.2304	2.1898	2.1477	2.1040	2.0584	2.0107
18	4.4139	3.5546	3.1599	2.9277	2.7729	2.6613	2.5767	2.5102	2.4563	2.4117	2.3421	2.2686	2.1906	2.1497	2.1071	2.0629	2.0166	1.9681
19	4.3807	3.5219	3.1274	2.8951	2.7401	2.6283	2.5435	2.4768	2.4227	2.3779	2.3080	2.2341	2.1555	2.1141	2.0712	2.0264	1.9795	1.9302
20	4.3512	3.4928	3.0984	2.8661	2.7109	2.5990	2.5140	2.4471	2.3928	2.3479	2.2776	2.2033	2.1242	2.0825	2.0391	1.9938	1.9464	1.8963
21	4.3248	3.4668	3.0725	2.8401	2.6848	2.5727	2.4876	2.4205	2.3660	2.3210	2.2504	2.1757	2.0960	2.0540	2.0102	1.9645	1.9165	1.8657
22	4.3009	3.4434	3.0491	2.8167	2.6613	2.5491	2.4638	2.3965	2.3419	2.2967	2.2258	2.1508	2.0707	2.0283	1.9842	1.9380	1.8894	1.8380
23	4.2793	3.4221	3.0280	2.7955	2.6400	2.5277	2.4422	2.3748	2.3201	2.2747	2.2036	2.1282	2.0476	2.0050	1.9605	1.9139	1.8648	1.8128
24	4.2597	3.4028	3.0088	2.7763	2.6207	2.5082	2.4226	2.3551	2.3002	2.2547	2.1834	2.1077	2.0267	1.9838	1.9390	1.8920	1.8424	1.7896
25	4.2417	3.3852	2.9912	2.7587	2.6030	2.4904	2.4047	2.3371	2.2821	2.2365	2.1649	2.0889	2.0075	1.9643	1.9192	1.8718	1.8217	1.7684
26	4.2252	3.3690	2.9752	2.7426	2.5868	2.4741	2.3883	2.3205	2.2655	2.2197	2.1479	2.0716	1.9896	1.9464	1.9010	1.8533	1.8027	1.7488
27	4.2100	3.3541	2.9604	2.7278	2.5719	2.4591	2.3732	2.3053	2.2501	2.2043	2.1323	2.0558	1.9736	1.9299	1.8842	1.8361	1.7851	1.7306
28	4.1960	3.3404	2.9467	2.7141	2.5581	2.4453	2.3593	2.2913	2.2360	2.1900	2.1179	2.0411	1.9586	1.9147	1.8687	1.8203	1.7689	1.7136
29	4.1830	3.3277	2.9340	2.7014	2.5454	2.4324	2.3463	2.2783	2.2229	2.1768	2.1045	2.0275	1.9446	1.9005	1.8543	1.8056	1.7537	1.6981
30	4.1709	3.3158	2.9223	2.6896	2.5336	2.4205	2.3343	2.2662	2.2107	2.1646	2.0921	2.0148	1.9317	1.8874	1.8409	1.7918	1.7396	1.6835
40	4.0847	3.2317	2.8387	2.6060	2.4495	2.3359	2.2490	2.1802	2.1240	2.0772	2.0035	1.9245	1.8389	1.7929	1.7444	1.6928	1.6373	1.5766
60	4.0012	3.1504	2.7581	2.5252	2.3683	2.2541	2.1665	2.0970	2.0401	1.9926	1.9174	1.8364	1.7480	1.7001	1.6491	1.5943	1.5343	1.4673
120	3.9201	3.0718	2.6802	2.4472	2.2899	2.1750	2.0868	2.0164	1.9588	1.9105	1.8337	1.7505	1.6587	1.6084	1.5543	1.4952	1.4290	1.3519
	3.8415	2.9957	2.6049	2.3719	2.2141	2.0986	2.0096	1.9384	1.8799	1.8307	1.7522	1.6664	1.5705	1.5173	1.4591	1.3940	1.3180	1.2214


BYLAE G

T-verspreiding

grade van vryheid	,005 ,01	,01 ,02	,025 ,05	,05 ,10	,10 ,20	,25 ,50	eenkantig tweekantig
1	63.657	31.821	12.706	6.314	3.078	1.000	
2	9.925	6.965	4.303	2.920	1.886	0.816	
3	5.841	4.541	3.182	2.353	1.638	0.765	
4	4.604	3.747	2.776	2.132	1.533	0.741	
5	4.032	3.365	2.571	2.015	1.476	0.727	
6	3.707	3.143	2.447	1.943	1.440	0.718	
7	3.500	2.998	2.365	1.895	1.415	0.711	
8	3.355	2.896	2.306	1.860	1.397	0.706	
9	3.250	2.821	2.262	1.833	1.383	0.703	
10	3.169	2.764	2.228	1.812	1.372	0.700	
11	3.106	2.718	2.201	1.796	1.363	0.697	
12	3.054	2.681	2.179	1.782	1.356	0.696	
13	3.012	2.650	2.160	1.771	1.350	0.694	
14	2.977	2.625	2.145	1.761	1.345	0.692	
15	2.947	2.602	2.132	1.753	1.341	0.691	
16	2.921	2.584	2.120	1.746	1.337	0.690	
17	2.898	2.567	2.110	1.740	1.333	0.689	
18	2.878	2.552	2.101	1.734	1.330	0.688	
19	2.861	2.540	2.093	1.729	1.328	0.688	
20	2.845	2.528	2.086	1.725	1.325	0.687	
21	2.831	2.518	2.080	1.721	1.323	0.686	
22	2.819	2.508	2.074	1.717	1.321	0.686	
23	2.807	2.500	2.069	1.714	1.320	0.685	
24	2.797	2.492	2.064	1.711	1.318	0.685	
25	2.787	2.485	2.060	1.708	1.316	0.684	
26	2.779	2.479	2.056	1.706	1.315	0.684	
27	2.771	2.473	2.052	1.703	1.314	0.684	
28	2.763	2.467	2.048	1.701	1.313	0.683	
29	2.756	2.462	2.045	1.699	1.311	0.683	
Groot	2.575	2.327	1.960	1.645	1.282	0.675	

T-verspreiding





BYLAE H

FREKWENSIETABELLE

Tabel 1: Ouderdomsgroepe by geslag

	MANLIK				VROULIK				
	J	T	V	S	J	T	V	S	
(j)	131	159	149	130	109	79	111	132	J=Jeugdiges
(ə)	78	73	72	57	50	57	46	39	T=Twintigers
(nt)	20	11	40	16	17	17	12	20	V=Veertigers
(e)	26	37	45	25	25	27	16	6	S=Seniors
(o)	9	15	20	12	12	6	6	4	
(r)	13	19	22	22	7	10	13	16	

Tabel 2: SKK by grammatiese veranderlikes

	H	M	L	
(gaan)	60	31	27	H=Hoër klas
(reg)	35	31	25	M=Middelklas
(tel)	91	86	87	L=Laer klas
(dit)	33	23	25	
(eind)	80	74	75	
(leks)	66	58	50	

Tabel 3: SKK by geslag

	MANLIK			VROULIK			
	H	M	L	H	M	L	
(j)	169	131	122	118	97	109	H=Höer klas
(ə)	85	52	63	62	50	36	M=Middelklas
(nt)	28	10	15	22	22	5	L=Laer klas
(e)	47	24	21	41	15	6	
(o)	23	11	6	10	9	2	
(r)	33	13	10	13	11	11	

Tabel 4: SKK by ouderdom

	Ouer groep			Jonger groep		
	H	M	L	H	M	L
(j)	166	105	114	128	120	116
(ə)	76	42	37	77	65	57
(nt)	25	18	13	26	16	9
(e)	41	11	9	49	31	17
(o)	18	6	3	17	16	5
(r)	26	10	20	23	14	6

H=Hoër klas
M=Middelklas
L=Laer klas

TABEL 5: Assal by styl

	Hoër klas				Middelklas				Laer klas			
	A	B	C	D	A	B	C	D	A	B	C	
(j)	117	159	164	134	130	162	172	106	129	175	191	
(ə)	59	84	92	66	62	77	98	68	40	80	71	
(nt)	21	70	54	21	13	55	48	14	15	58	53	
(y)	17	-	97	5	12	-	81	20	0	-	139	
(e)	30	123	90	35	15	121	88	33	13	124	92	
(o)	12	-	28	15	7	-	14	7	5	-	0	
(r)	18	146	71	23	13	153	102	17	12	136	87	
(ø)	11	71	-	6	12	81	-	17	0	93	-	
(oei)	3	31	39	4	8	15	100	13	5	8	95	

Tabel 6: Assal by grammatiese veranderlikes

	H	M	L
(gaan)	46	36	28
(reg)	35	22	40
(tel)	88	88	90
(dit)	29	32	9
(eind)	79	68	76
(leks)	70	35	41

H=Hoër klas
M=Middelklas
L=Laer klas

Tabel 7: Tartiep by styl

	Tartiep				Nie-tartiep			
	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	115	150	164	123	131	178	189	112
(ə)	55	74	89	57	60	94	94	82
(nt)	20	60	50	19	14	63	55	21
(y)	21	-	85	7	13	-	111	7
(e)	17	120	82	25	35	121	101	45
(o)	5	-	16	5	16	-	31	19
(r)	14	144	73	17	19	158	104	28
(ø)	8	71	-	5	15	86	-	10
(oei)	3	74	55	5	6	104	86	8

Tabel 8: Tartiep by grammatiese veranderlikes

	Tartiep	Nie-tartiep
(gaan)	33	55
(reg)	29	40
(tel)	90	84
(dit)	24	35
(eind)	70	86
(leks)	51	77

Tabel 9: Woongebied by styl

	Walmer				Bo-Kaap				Suidelike Voorstede			
	A	B	C	D	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	178	188	188	184	129	138	154	116	73	140	140	84
(ə)	80	98	97	91	52	75	85	52	56	86	100	58
(nt)	40	89	62	45	21	58	50	14	11	60	53	10
(y)	19	-	106	0	16	-	81	10	21	-	108	0
(e)	65	123	84	69	16	100	68	20	25	128	82	16
(o)	32	-	25	37	6	-	0	8	7	-	33	11
(r)	33	149	79	35	17	123	59	18	14	148	92	15
(ø)	23	93	-	17	6	71	-	5	0	100	-	0
(oei)	7	37	17	5	2	62	42	9	0	39	35	0

	Vlakte				Onder-Kaap			
	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	144	175	191	103	92	180	188	88
(ə)	63	88	98	79	52	72	86	61
(nt)	10	46	46	19	9	61	49	15
(y)	19	-	83	9	10	-	111	-
(e)	33	126	96	33	7	145	113	29
(o)	10	-	10	10	5	-	50	3
(r)	12	160	71	15	6	164	115	18
(ø)	9	38	-	13	0	78	-	0
(oei)	5	105	85	6	6	152	128	19

Tabel 10: Grammatiese veranderlikes by woongebied

	Walmer	Bo-Kaap	S.Voors.	Vlakte	Onder-Kaap
(gaan)	74	27	34	50	35
(reg)	30	32	6	47	31
(tel)	83	85	92	93	90
(dit)	48	49	46	19	47
(eind)	83	69	82	71	83
(leks)	72	51	76	53	49

Tabel 11: Veldwerkgroep by styl

	Groep A				Groep B				Groep C			
	A	B	C	D	A	B	C	D	A	B	C	D
(j)	92	169	159	76	118	151	176	114	159	164	183	141
(ə)	50	76	88	31	52	87	96	67	71	82	91	80
(nt)	12	63	50	14	16	58	49	20	23	61	52	23
(y)	15	-	120	50	20	-	67	9	17	-	94	6
(e)	8	137	115	25	20	119	76	29	44	111	72	39
(o)	3	-	25	0	7	-	20	11	19	-	18	22
(r)	10	155	103	13	13	137	68	16	21	146	70	27
(ø)	8	92	-	0	10	16	-	8	10	22	-	9
(oei)	3	120	101	1	7	82	57	7	4	65	46	6

Tabel 12: Veldwerkgroep by grammatiese veranderlikes

	A	B	C
(gaan)	25	42	55
(reg)	36	24	33
(tel)	87	96	82
(dit)	5	25	38
(eind)	74	65	80
(leks)	37	53	78

Tabel 13: Veldwerkgroep by geslag

	Manlik			Vroulik		
	A	B	C	A	B	C
(j)	115	128	152	86	111	197
(ə)	65	57	73	46	48	62
(nt)	8	14	22	12	18	29
(e)	6	22	40	9	18	68
(o)	7	8	17	2	6	31
(r)	9	16	22	11	11	14

Tabel 14: Veldwerkgroep by ouderdom

	Ouer groep			Jonger groep		
	A	B	C	A	B	C
(j)	111	97	159	82	141	158
(ə)	36	46	66	58	58	79
(nt)	25	8	24	5	26	22
(e)	6	8	37	9	33	54
(o)	5	2	17	3	13	21
(r)	18	11	23	6	16	19

BYLAE I

STATISTIESE TOETSE

Tabel 1: Geslag by ouderdom (2 groepe)

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde	(p<0,05) Waarskynlikheid(T)	
(j)	MJ/VJ	3,22	0,025	M=Manlik
(e)	MO/VO	2,68	0,025	V=Vroulik
	VO/VJ	6,74	-	O=Ouer groep
(o)	MO/VO	4,53	0,050	J=Jonger groep
	MJ/VJ	2,61	-	
	VO/VJ	7,62	-	
(r)	MO/VJ	3,66	0,025	

Tabel 2: Geslag by ouderdom (4 groepe)

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde	(p<0,05) Waarskynlikheid(T)	
(j)	JM/JV	3,84	-	M=Manlik
(ə)	JM/JV	3,96	-	V=Vroulik
(nt)	JM/TM	3,63	-	J=Jeugdiges
	JM/SM	3,91	-	T=Twintigers
	JV/VV	4,86	-	V=Veertigers
	TM/TV	4,86	-	S=Seniors
	TM/VM	3,29	-	
	TV/VV	5,30	-	
	VM/VV	3,59	-	
	VM/SM	3,45	-	
	VV/SV	3,19	-	
	SM/SV	3,15	-	
(e)	JV/VV	7,47	-	
	JV/SV	59,61	-	
	TV/SV	17,35	-	
	SM/SV	10,78	-	
(o)	JV/VV	9,60	-	
	JV/SV	21,91	-	

	TV/SV	6,00	-
	SM/SV	8,69	-
(r)	JM/JV	3,17	-
	JM/VM	3,32	-
	JV/SV	3,38	-
	VM/VV	4,49	-

Tabel 3.1: SKK by grammatiese veranderlikes

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde (p<0,05)	Waarskynlikheid(T)
(eind)	H/L	3,21	-

Tabel 3.2: Assal by grammatiese veranderlikes

(gaan)	H/M	3,18	-
(eind)	H/M	3,29	-

Tabel 3.3: Tartiep by grammatiese veranderlikes

(gaan)	T/N	2,51	0,025
(eind)	T/N	2,60	0,005

Tabel 3.4: Woongebied by grammatiese veranderlikes

(eind)	W/B	7,99	-
	B/O	2,97	0,050

Tabel 3.5: Veldwerkgroep by grammatiese veranderlikes

(gaan)	A/B	2,58	0,005
	A/C	3,30	0,050
(eind)	B/C	2,44	0,025

Tabel 4: SKK by geslag

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid(T)
(j)	LM/LV	4,09	- H=Hoër klas
(a)	HM/HV	5,37	- M=Middelklas
(nt)	HM/MM	4,14	- L=Laer klas
	HV/LV	8,57	-
	MM/MV	7,33	- M=Manlik
	MV/LV	6,23	- V=Vroulik
(e)	LM/LV	4,78	-
	HV/LV	9,07	0,010
	MM/MV	3,77	-
	MV/LV	24,14	-
(o)	LM/LV	6,13	0,050
	HV/LV	13,83	-
	MM/MV	3,82	-
	MV/LV	22,50	-
(r)	LM/LV	4,72	-
	HM/HV	5,05	0,025
	HM/MM	3,40	0,025
	HM/LM	7,87	0,005
	LM/LV	4,25	-

Tabel 5: SKK by ouderdom (2 groepe)

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid(T)
(j)	HO/HJ	6,03	- H=Hoër klas
	HO/MO	5,27	0,010 M=Middelklas
	HO/LO	3,47	0,050 L=Laer klas
(nt)	HJ/LJ	2,81	-
(e)	HO/MO	3,62	0,010 O=Ouer groep
	HO/LO	10,14	0,010 J=Jonger groep
	MO/MJ	13,29	-
	MJ/LJ	6,26	-
	LO/LJ	5,94	-
(o)	HO/MO	6,10	0,050
	HO/LO	13,59	0,025
	HJ/LJ	3,54	0,050

	MO/MJ	12,31	-
	MJ/LJ	8,38	-
(r)	HO/MO	11,95	0,025
	HJ/LJ	11,24	0,050
	MO/MJ	4,95	-
	MO/LO	6,82	-
	MJ/LJ	5,08	-
	LO/LJ	7,00	0,050

Tabel 6: Assal by styl

Veranderlike	Styl	Subgroepe	F-waarde (p<0,05)	Waarskynlikheid
(j)	C	H/L	5,19	-
		M/L	5,26	-
(a)	C	H/M	15,30	-
		M/L	26,88	-
(e)	A	H/M	2,49	0,050
		H/L	5,40	0,050
	B	M/L	4,78	-
(o)	A	H/L	8,55	0,050
		M/L	5,12	-
	D	H/M	4,83	-

H=Hoër klas
M=Middelklas
L=Laer klas

Tabel 7: Tartiep by styl

Veranderlike	Styl	Subgroepe	F-waarde (p<0,05)	Waarskynlikheid
(j)	C	T/N	2,63	-
	D	T/N	2,27	-
(a)	B	T/N	6,71	0,050
(e)	A	T/N	4,92	0,050
	D	T/N	2,29	-
(o)	A	T/N	6,50	0,050
	D	T/N	6,41	0,050
(r)	A	T/N	5,58	0,050
	D	T/N	2,79	-

T=Tartiep
N=Nie-tartiep

Tabel 8: Woongebied by styl

Veranderlike	Styl	Subgroepe	F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid
(j)	A	W/O	3,48	-
	B	W/B	4,35	-
		W/V	7,78	-
		V/O	5,01	-
	C	W/B	8,60	-
		W/S	10,80	-
		B/V	5,87	-
		B/O	4,82	-
		S/V	7,38	-
		S/O	6,06	-
(ə)	A	B/V	4,83	-
		S/V	6,09	-
		V/O	5,01	-
	B	W/O	33,62	0,050
		B/O	16,01	-
		S/O	7,06	-
		V/O	9,83	-
	C	W/B	15,37	-
		W/V	12,65	-
		W/O	16,91	-
	D	W/S	25,58	0,050
		W/V	8,29	-
		W/O	55,22	-
		B/O	3,90	-
		V/O	6,66	-
(nt)	A	W/V	9,53	-
		W/O	3,93	-
		B/V	5,07	-
	D	W/B	3,14	0,050
		W/S	6,59	-
		B/V	2,60	-
		S/V	5,47	-
(e)	A	W/B	3,87	0,050
	B	B/V	5,36	-
	D	W/B	4,00	0,050
		W/V	3,25	-

(o)	A	W/B	4,18	0,050
	C	S/V	4,86	-
		V/O	4,89	-
	D	W/B	3,81	0,050
		W/V	7,33	0,050
		W/O	35,97	0,025
		B/O	9,37	-
		S/O	9,22	-
		V/O	4,91	-
(r)	A	W/O	11,13	0,005
		B/O	8,47	0,010
		S/O	6,25	-
	B	B/V	3,00	-
		S/V	4,25	-
	C	S/O	3,93	-
	D	W/B	2,77	-

W=Walmer
B=Bo-Kaap
S=Suidelike Voorstede
V=Vlakte
O=Onder-Kaap

Tabel 9: Veldwerkgroep by styl

Veranderlike	Styl	Subgroepe	F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid(T)
(j)	A	B/C	2,20	0,050
		A/C	2,09	0,050
	B	A/B	2,24	-
	C	A/C	2,28	-
(ə)	B	A/C	2,46	-
	D	A/B	4,44	-
		A/C	8,02	0,050
(e)	A	A/C	5,23	0,050
		B/C	3,31	0,050
(o)	A	A/B	5,79	-
		B/C	2,50	0,050
		A/C	14,46	0,050

	D	A/B	∞	0,050
		A/C	∞	0,050
		B/C	4,39	-
(r)	A	A/C	2,83	-
		B/C	4,04	-

Tabel 10: Veldwerkgroep by geslag

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid(T)	
(j)	AC/CV	120,62	0,025	A=Groep A
	BV/CV	140,68	0,050	B=Groep B
	CM/CV	49,76	-	C=Groep C
(ə)	CM/CV	5,75	-	
(nt)	AM/AV	4,89	-	M=Manlik
	AM/BM	7,49	-	V=Vroulik
	AM/CM	5,41	-	
	CM/CV	4,76	-	
(e)	AM/AV	23,69	-	
	AM/BM	27,15	-	
	AM/CM	60,92	0,010	
	BV/CV	11,99	-	
	CM/CV	6,81	-	
(o)	AM/CM	9,50	0,050	
	AV/BV	7,50	-	
	AV/CV	65,65	-	
	BV/CV	8,75	-	
	CM/CV	5,76	-	
(r)	AM/CM	13,06	-	

Tabel 11: Veldwerkgroep by ouderdom

Veranderlike	Subgroepe	F-waarde(p<0,05)	Waarskynlikheid(T)	
(ə)	AJ/CJ	4,07	-	A=Groep A
	BJ/CJ	4,44	-	B=Groep B
(nt)	AO/AJ	7,24	0,025	C=Groep C
	AO/BO	5,69	0,050	
	AJ/CJ	11,71	0,050	O=Ouer groep
	AJ/BJ	16,44	0,050	J=Jonger groep
	BO/BJ	12,91	-	

	BO/CO	5,17	0,025
(e)	AO/AJ	7,60	-
	AO/CO	14,48	0,005
	AJ/CJ	5,91	0,025
	BO/BJ	8,58	0,010
	BJ/CJ	4,84	-
	CO/CJ	3,10	-
(o)	AO/CO	6,78	0,025
	AJ/BJ	12,78	-
	AJ/CJ	29,61	0,025
	BO/BJ	12,78	0,050
	BO/CO	13,56	0,010
(r)	AO/AJ	5,96	-
	AO/BO	8,93	-
	AJ/BJ	4,00	0,050
	AJ/CJ	9,64	-
	BO/BJ	6,00	-
	BO/CO	13,63	0,050

BYLAE J

1. Transkripsie van vertelling

[va'tɛk nəu kɔm bəi di vət xəbit / fii: bəi səibran pa:k / fii: kɔ'mə vət pu'lis'man mɛ'tə ve:n an // nəu / həi ka'mɔ'sin ɛ'kə'sə ɔ'dent'lə'kə mens // i'na'xə e:'nə kan sin ɛ'kəs ɔ'dent'lək / ɛk ə'si ə skɔ'li ni // fəi ma:k su: mut səi fə'ŋə:n se: / kɔm fii: man / nəi / kɔm fii / jɔŋ // nəu su: bɔ'xə'ni i'lən'də / fə'sta:n // kɔm ɛk o: na fɔm tu // nəu xə'vo:n'lək di əu'wəs vat ba'ŋəs fə di pu'li'si se: ni: ba:s / nəi ba:s / ɛn ja: ba:s // tu se:k fə fɔm / vat vəl dzəi fie:: / se:k fə fɔm // nəu / fiə'lə bə'ki jəi mut su: mu'tə'lə pra:'ti // jəi mut mɔ'se: ba:s // tu se:: fəi fə məi / vat suk jəi fii: // tu se:k fə fɔm ɛ'kə'tə fia'lup xə'fat fa'ni ka:'paf // ma vat ə'sət mut jəu tə dun / se:k fə fɔm // tu se: fəi / fie:i / jəi bi'tə ma:k da'jəi fii: vex'kɔm əi'di: ɛ:'ria əit // xan fəis'tu / man // tu se:k / va:'fo: // tu se: fəi / du'net va'tɛk se: // tu vi'tək / a'sek nəu fii: nəu i'na'xə its xat se: vat rex'fe:'də'xəs / dan xat di əu / fəi fə məi net sa:m nim met fɔm nim // ə'nə'lət xro::t max ən di lan // da'xa'təi lix / da'xa'təi net se:k vas ɔm'be'skɔf / ɛ'nə'kət di: xə'ma:k ɛ:'nə'kət da:i xə'ma:k // fə'sta:n / tu kəi'kə'kɔm nɛ'tə fəil kəik an // tu se:k fɔm net / əu'kəi / ə'sɔ'rait // ɔ:s'al mə'skin ve: sin // tu xa'nɛk ma net // tu kəi'kəi məi di fie:'lə təit an // fəi sta:n mut səi ve:n stəl en fəi kəik məi ə fie:'lə dri / fi: mə'ni'tə an su'sɛk an'lup // fəi ma:k nəu səi ma:i'nɔp nəu / mu'təi nəu its ma:k ti'nan məi / ɔf mu'təi nəu ni // fə da:i kəik va'tɛ'kɔm xi // ə'sɔ'kə in'sə'dən'sus da:i / əs vat fə'ʔo:'sa:k di: rəi'šəl in'sait'mən va'da əs //]

2. Onderhoud oor Distrik Ses

[dəŋ'ki dəs'trək ses sal ve: di'sjalv'də o:it ve: ves // noit // fiu va'sə'tə'fo:'rə // u: / di xə'ful'tə // jəi lup af / jəi kə'mən ra'səl'stra:t af // fia'na / man məi ma:'ti bro:t xə'ful'tə // jəi lup af / jəi kə'mən ra'səl'stra:t af // fia'na / man məi ma:'ti bro:t fə'da'xə'fia:'ti man // fəi / ɛ'kə'suk lɛ'kə hɔ'ŋə / man // nə // ma:'kə plan man // ja / ɔ'rait // xan sa:m // ja: rex / xan sa:m // fəit / ɔs xat fii: af // va:n'tu // mark tu // nə // rait // fs:t // fs:t // nəu fləi'ti i:'ni a'nə // bəi di təit va'nɔs af'lup / dan'tɔns tin stəks / fəif'tin stəks // nəu di ka:p'sə mark vas mɔs da:: ɔ'nə xə'vis // nəu xa'tɔns na'di mark tu // bəi di mark // ka'nɔs nɔks ma:k ni / fijalp ni // fiai / ma di: pe:'tə'sa:'mə mark tu // bəi di mark // ka'nɔs nɔks ma:k ni / fijalp ni // fiai / ma di: pe:'tə'sa:'mə mo:i pe:t / nə // ax / ma di: təi'jəs prax'tax // nəu bla:'sə'pi təi'jə fan di: pe:t // fəi // kɔm kəi'ku bləŋ di: // fəi / jəi ra:k ni a'na:i pe:t sə fut ni / fə: // di ba:s fa'ni kar sta:n məs'kin da: // fəi / va'təs jəi su las'tax // sə'ri / məs'tə // stap ma an // bat vat vəl məs'kin da: // fəi / va'təs jəi su las'tax // sə'ri / məs'tə // stap ma an // bat vat vəl jə'lə he: ə'jə'le məs'kin hɔ'ŋə // ɔ:: / mu'ni dət se: ni // nəu kɔm a'məl xə'bik an // dan vəl a'mə'lits fie: // nəu fu'tɔns e:'ni a'nə // dan fijal'pɔ'sə'le ve:k / fijalp di ka'sis dra: / ɔn'sə'ti xə'le: ɔm tə fat ni//]

BYLAE K

GLOSSARIUM MALEIER-AFRIKAANS

Aangesien hierdie glossarium in die eerste plek bedoel is om aangehaalde voorbeelde uit die datakorpus toe te lig, kan dit nie as verteenwoordigend van die alledaagse taalgebruik van die ondersoekgroep beskou word nie. Daar is nog talle woorde van Arabiese, en in 'n beperkte mate, Maleise, oorsprong wat kenmerkend van die religieuse register is en wat nie hier verskyn nie.

'n Onbekende faktor is die historiese agtergrond van baie Arabiese ontlenings. Aangesien die religieuse register van (moderne) Maleis grootliks leun op Arabies en die Arabiese ortografie ook amptelik vir Maleis gebruik word, is dit moeilik om vas te stel watter items via Maleis deel geword het van Maleier-Afrikaans, en watter meer onlangs (direk) uit Arabies ontleen is. Langs watter weg die ontlening ook al plaasgevind het, daar word in hierdie lys, waar moontlik, slegs gewys op die oorspronklike brontaal, wat uiteraard in die meeste gevalle Arabies is.

Benewens die Arabies-Maleise komponent, is sommige Afrikaanse items wat semanties verskil van die gebruik in standaard-Afrikaans ook opgeneem.

Wat die spelwyse betref, is daar t.o.v. die leenwoorde uit= gegaan van die algemene uitspraak, hoewel enkele konvensionele vorme, soos deur Arabiste (bv. Van Selms 1951, 1979) gebruik, so weergegee is. In gevalle waar die ortografie tot uit= spraakverwarring kan lei, is die inskrywing ook foneties getranskribeer. Woordkategorieë word verstrek in gevalle van meerfunksionaliteit.

Die volgende afkortings word gebruik:

adj (adjektief)
ajk (adjunk)
Afr (Afrikaans)
AV (aanspreekvorm)
Eng (Engels)
Hin (Hindi)
Mal (Maleis)
refl (refleksief)
rel (religieus)
sl (slang, sleurtaal)
snw (selfstandige naamwoord)
Ur (Urdu)
veroud (verouderd)
ww (werkwoord)

aangespraak, aanspreeklik
aanhanglik, paslik
aanskou, beskou
aanspraaklik, verpligtend
aanvat, aanvaar (bv. Ons moet a. wat goed is)
abaja (Ar), vrouekleed
abdas (Ur), a.neem, die rituele wassing ondergaan
Aboenawas, Uilspieëlfiguur (in legendes)
ádab (Ar), goeie maniere voorskrifte
àdonis (sl), ietwat westersgesinde Maleier
afgooi, sloop, afbreek
afkyk, a. op, neersien op
aflos, uitlos (bv. Los my af!)
afsmyt, afbreek (sien afgooi)
agoeja (AV) (Ar: [a'xu'ja], broer (veroud), oom
akkanie (Ur), soort rysgereg
al, a. en klaar, klaar en verby
algamdoelilaa (Ar: al-ḥamdu lillahi), deur die genade van Allah (=dit gaan goed)
ámatie (AV) (Ar), ouer vrou (dikwels tante)

ammie (AV) (Ar), oom
asr (Ar) [a'sər], derde gebedstyd van die dag
assal (Ar), afkoms, oorsprong
athaan (snw & ww) (Ar) [a'ðaːn], oproep tot gebed (bv. die a. gaan af) (sien ook bang)
baab (Ar), vak (bv. Die b. van die tahara)
bang (ww) (Mal), oproep tot gebed (bv. Die bilal b.) (sien ook athaan)
bappa (AV)(Mal), vader (veroud)
batja (Mal) [ba'ča], uit die Koran resiteer
bedaar (refl ww), sig inhou (bv. Bedaar jou!)
besorg, sorg vir
biesmiellah (Ar), uitnodiging om aan te sit (Ar: Bismillah irachman irachim = Met die seën van die ~~Almagtige~~, die Genadigste, die-Goedgunstigste.)
bilal (Mal), muezzin, oproeper tot gebed
binnelik, innerlik
boeber (Mal) [bu'bə], melkdrankie (met kruie en vermicelli)
boeja (AV) (Ar), vader
boeka (Mal: 'mond oopmaak'), die vas breek (tydens Ramadan)
boerka (Ur), mantel, sluier (vir vroue)
boeta (AV), oom, ouer broer, bekende ouer man
daltjies (Indiese oorsprong), kerriebolletjies
danebol, -pit, dennebol, -pit
dars (ww) (Ar), preek
das (ww & snw), iemand d., iemand 'n d. aansit, pypkan (vgl. Eng. "dodge")
deen (Ar), geloof (bv. In die d. kom, wees = Moslem word, wees)
dienderwaentjie, polisiewa
do-aa, d. maak (Ar) [du'ʔaːː], smeekbede, voorbidding (o.a. vir gestorwenes)
doekoen (Mal), geestebesweerder
doenja (Ar), aarde
drammakassie (Mal: terima kaséh), dankie
eerste tyd (ajk), destyds
eid (Ar) [əid], fees

eid-dag [ɐi'dax], feesdag
